

AGS-PASTORE SE BELEWENIS
VAN HULLE TEOLOGIESE OPLEIDING

deur

LEONARD PHILIPPUS MARÉ

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van

die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM



KERKLEIERSKAP

OF
JOHANNESBURG

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: DR. B. J. GEYSER

MEDE-STUDIELEIER: PROF. H. VIVIERS

NOVEMBER 2003

VOORWOORD

Graag wil ek die volgende persone bedank vir die bydrae wat elkeen gelewer het ten opsigte van hierdie studie.

In die eerste en belangrikste plek, alle lof en dank aan die HERE vir sy krag, genade en versorgende liefde wat my in staat gestel het om hierdie studie aan te pak. Mag sy Naam deur hierdie studie verheerlik word.

'n Woord van hartlike dank en waardering gaan uit na my studieleier, dr. Johan Geysler, vir die leiding wat hy aan my gegee het gedurende die studietydperk. Hy is inderdaad iemand wat die teorie en praxis van kerklike leierskap integreer. Sy belangstelling en vriendskap verdien my hoogste waardering.

Baie dankie aan my mede-studieleier, prof. Hennie Viviers vir die insette wat hy in hierdie studie gelewer het. Dit word opreg waardeer.

Baie dankie aan die Bestuursraad van die Aucklandpark Teologiese Seminarium vir die finansiële ondersteuning die afgelope jare.

Ten slotte baie dankie aan my vrou Sandra en ons kinders Ruan en Luzaan vir al die liefde, begrip, toewyding en ondersteuning die afgelope jare. Ek waardeer julle!

SUMMARY

Theological training is in a crisis worldwide. Although the role that Theological Seminaries have fulfilled is acknowledged, there is a growing concern about the ability of these institutions to serve the upcoming generations of Christian leaders. Some warn they may not be well tailored for our post-modern age. Many people feel that the Seminary as an institution is in danger of extinction due to irrelevancy. Seminaries, in general, are perceived as not connecting to the needs of today's church.

The Auckland Park Theological Seminary (ATS), whose training is the subject of this research, is not excluded from this concern of the Church for relevant theological training. Many pastors of the AFM of SA are of the opinion that the training offered at the ATS does not effectively train pastors for the ministry.

The purpose of this research is to investigate and describe how pastors who studied at the ATS experienced their theological training, as well as to offer guidelines to the Church and the ATS to develop a more effective model for theological training.

Semi-structured, phenomenological interviews were conducted with a number of pastors. These interviews were taped with their permission. The question asked during each interview was: "How do you experience the theological training offered at the ATS as preparation for the ministry?".

The research has revealed a number of themes and sub-themes that should be addressed by a new model for theological training. They are as follows:

- There is a need of a thorough theological education as foundation, especially in the areas of Bible knowledge and Dogmatics.
- The focus of the training is mainly cognitive and not practical. There should be a greater emphasis on the "how" of doing ministry.
- The respondents indicated that they have a need that their own spiritual gifts and ministries should be developed.

- They experience a lack of training in interpersonal skills. There is especially a need for training on how the pastor's family should effectively function in ministry.
- The research has shown that the ATS should take co-responsibility to develop the character and spirituality of their students.
- The students expressed a need that the lecturers should be their mentors.
- The greatest needs were in the areas of management and ministerial skills. The students felt that they were not adequately prepared in the areas of leadership, management of personnel, team building, developing a vision for ministry, marketing and funding, preaching and communication skills, how to mobilize the members of their churches, the Missiological purpose of the Church, youth – and children's ministry, the planning of church services, music and worship, technical skills such as video productions, the use of multimedia, and computer skills, and general skills such as the practice of the sacraments, hospital visitation, and the role of statistics.
- The research has shown that the students have a need for specialized training in accordance with their gifts and ministries.

Based on these results, guidelines are then offered for a more effective model for theological training.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	ii
SUMMARY	iii
HOOFSTUK 1 - ORIËNTASIE, NAVORSINGSONTWERP EN –METODE	1
1.1 Rasionaal	1
1.2 Probleemstelling	2
1.3 Doelstellings	5
1.4 Paradigmatiese perspektief	5
1.5 Navorsingsontwerp	6
1.5.1 Kwalitatief	6
1.5.2 Verkennend	7
1.5.3 Beskrywend	8
1.5.4 Kontekstueel	9
1.6 Navorsingsmetode	9
1.6.1 Fase een: Die verkenning en beskrywing van pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding aan die ATS	10
1.6.1.1 Steekproef	10
1.6.1.2 Data-insameling	11
1.6.1.2.1 Die rol van die navorser as waarnemer	12
1.6.1.2.2 Fenomenologiese onderhoudvoering	13
1.6.1.2.3 Wyse van datagenerering	15
1.6.1.3 Dataverwerking	16
1.6.1.4 Literatuurkontrolle	17
1.6.2 Fase twee: Die beskrywing van riglyne aan Teologiese Seminariums, spesifiek die Aucklandpark Teologiese Seminarium, vir die daarstelling van 'n nuwe model vir teologiese opleiding, wat die behoeftes wat in fase twee uitgewys is, ondervang.	17
1.6.2.1 Data-insameling	17
1.6.2.2 Dataverwerking	17

1.6.3	Maatreëls om vertrouenswaardigheid te verseker	18
1.6.3.1	Waarheidswaarde	18
1.6.3.2	Toepaslikheid	20
1.6.3.3	Konsekwentheid	20
1.6.3.4	Neutraliteit	21
1.6.4	Etiese maatreëls	23
1.7	Hoofstukindeling	24

HOOFSTUK 2 - BESPREGING VAN RESULTATE 25

2.1	Inleiding	25
2.2	Realisering van die steekproef	25
2.2.1	Data-analise	26
2.2.2	Kodering	26
2.3	Bespreking van resultate	26
2.3.1	Tema 1: Die belang van 'n goeie teologiese opleiding as fondasie vir kennis en verhoudings	28
2.3.1.1	Inhoud van die Bybel	30
2.3.1.2	Dogmatiek	33
2.3.1.3	Dissipline	34
2.3.1.4	Vriendskapverhoudings	34
2.3.2	Tema 2: Die fokus van die opleiding van pastore is hoofsaaklik kognitief en nie praktykgerig nie	35
2.3.3	Tema 3: Die ontdekking en ontwikkeling van selfpotensiaal	43
2.3.4	Tema 4: Interpersoonlike vaardighede ontbreek	45
2.3.5	Tema 5: Persoonlike leierskap	47
2.3.5.1	Tydsbestuur	49
2.3.5.2	Karakterontwikkeling / spiritualiteit	51
2.3.6	Tema 6: Behoeftes aan mentorskap	52
2.3.7	Tema 7: Gemeentebestuur en –bediening	54
2.3.7.1	Leierskap	54
2.3.7.2	Personeelbestuur en spanbou	57

2.3.7.3	Visionering	59
2.3.7.4	Bemarking en befondsing	60
2.3.7.5	Prediking en kommunikasievaardighede	61
2.3.7.6	Mobilisasie van lidmate	65
2.3.7.7	Missiologiese opdrag aan die Kerk	67
2.3.7.8	Jeug- en kinderbediening	70
2.3.7.9	Diensbeplanning	74
2.3.7.10	Musiek en aanbidding	75
2.3.7.11	Tegniese bedieningsvaardighede	76
2.3.7.12	Algemene bedieningsvaardighede	77
2.3.8	Tema 8: Behoefte aan spesialisasie	78
HOOFSTUK 3 - LITERATUURKONTROLE		86
3.1	Inleiding	86
3.2	Basson se navorsing	86
3.2.1	Eensydige klem op akademie	86
3.2.2	Praktykvorming	87
3.2.3	Spiritualiteit	88
3.2.4	Teoloog of leier?	89
3.3	De Kok se navorsing	89
3.3.1	Inleiding	89
3.3.2	Kennis van die Bybel	91
3.3.3	Geestelike en organisatoriese leierskap	92
3.3.4	Intra- en interpersoonlike vaardighede	92
3.3.5	Karakter	93
3.3.6	Integrasie van teorie en praktyk	94
3.3.7	Geestelike vorming	95
3.4	Gibbs en Coffey se navorsing	95
3.4.1	Inleiding	95
3.4.2	Samewerking tussen Kerke en Seminariums	96
3.4.3	Die behoefte aan praktiese vaardighede	96



3.4.4	Belang van 'n goeie teologiese fondasie	97
3.4.5	Die behoefte aan leierskapopleiding	98
3.4.6	Die ontdekking van selfpotensiaal en bedieningsgawes	99
3.4.7	Die behoefte aan spanbou	99
3.5	Ander navorsing	101
3.5.1	Inleiding	101
3.5.2	Goeie teologiese fondasie	101
3.5.3	Leierskapopleiding	102
3.5.4	Fokus op die kognitiewe en nie praktykgerigtheid nie	103
3.5.5	Karakter	104
3.6	Samevatting	104
HOOFSTUK 4 – SAMEVATTING EN SLOT		106
4.1	Inleiding	106
4.2	Riglyne vir teologiese opleiding aan die ATS	108
4.2.1	Goeie teologiese fondasie	109
4.2.2	Praktykgerigte opleiding	109
4.2.3	Die rol van pastore en gemeentes	109
4.2.4	Nuwe kurrikulum	110
4.2.5	Missionêre opleiding	110
4.2.6	Mentorskap	111
4.2.7	Ontwikkeling van spiritualiteit en karakter	111
4.2.8	Ontdekking en ontwikkeling van geestelike gawes	111
4.2.9	Gespesialiseerde opleiding	112
4.3	Suggesties vir verdere navorsing	112
BRONNELYS		114
BYLAE A		117
BYLAE B		120

HOOFSTUK 1

ORIËNTASIE, NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

If seminary education is ever to be seen as a system of lifelong learning, not a three-year event, it must break out of the classroom walls and get into the churches and communities where ministry takes place (Sweet 2001:93).

1.1 RASIONAAL

Teologiese opleiding verkeer wêreldwyd in 'n krisis. Uit Europa word gereeld verneem van akademiese poste wat nie meer gevul word nie, en van teologiese fakulteite wat ter wille van oorlewing saamsmelt of andersins, sluit (Joubert 2001:192). Getalle van voornemende teologiese studente is orals aan die afneem, met Suid-Afrika geen uitsondering nie. Dieselfde tendens is ook waarneembaar by die Teologiese Seminarium waar ekself aan verbonde is, veral ten opsigte van binnemuurse studente, waar die afname in studentegetalle kommerwekkend is.

Alhoewel daar dankbaarheid is vir die rol wat die tradisionele Seminarium in die verlede gespeel het, is daar 'n groeiende kommer "about the ability of these institutions to serve the upcoming generations of Christian leaders. Some warn they may not be well tailored for our postmodern age" (Wagner 2001:15). Simmons stel dit baie sterk: "The seminary as an institution is in danger of extinction due to irrelevancy". Die rede daarvoor is omdat "seminaries, in general, are perceived as not connecting to the needs of today's church" (aangehaal in Wagner 2001:15).

Barna (1993:140-142) ondersteun hierdie gedagtegang:

What has developed, then, is a case where we ask the educational system to prepare leaders, but then place those potential leaders in an academic environment. When students are evaluated by their mentors, the criteria therefore focus upon the student's ability to compete by

academic standards, in academic environment ... In such a setting, it is virtually impossible to determine whether the person would satisfactorily act as a leader in a real world setting ... Is it wrong to demand that seminary students spend hours studying the Bible and theology? Absolutely not. In fact, for a pastor to be an effective leader, such training is critical. However, a world of difference exists between training people to be theologians and training people to be pastors or leaders ... As a result, we train men for positions that do not exist.

Wat Barna inderwaarheid skryf is die volgende: Seminariums is plekke waar teoloë ander teoloë oplei (terwyl hulle eintlik pastore moet oplei), en daarom is die opleiding nie skerp genoeg gefokus op die werk wat deur 'n pastoor in 'n gemeente gedoen word nie. Die klem wat in Teologiese Seminariums geplaas word op onderrig in die Teologie en die Bybel is noodsaaklik, maar dit moet aangevul word met opleiding wat meer gerig is op die praktiese behoeftes van 'n pastoor vir sy dienswerk. Barna pleit dus vir meer relevante opleiding wat die eise van die dag sal aanspreek.

Dit is die grootste krisis wat Teologiese Seminariums in die gesig staar: die vraag na relevansie. Dit is die grootste kritiek wat teen Teologiese Seminariums gerig word: irrelevansie. Het dit dalk te make met die feit dat dit teoloë is wat pastore oplei? Joubert (2001:194-195) waarsku tereg dat teologie die gevaar loop om in 'n elitistiese, irrelevante wetenskap met 'n eie vaktaal wat slegs deur 'n klein groepie ingewydes verstaan word, te verval. Teoloë moet daarom uit hulle "akademiese gate" kruip ten einde relevant te wees. Indien dit nie gebeur nie, sal die Kerk in die postmoderne samelewing waarin ons leef, Teologiese Seminariums ignoreer, en "is die museum vir bedreigde spesies binnekort die teologie se voorland" (:197).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die Aucklandpark Teologiese Seminarium (ATS), wie se opleiding in hierdie studie onder die vergrootglas kom, word nie uitgesluit by hierdie kommer wat in die Kerk bestaan oor relevante opleiding vir die bediening nie. In gesprekke met pastore word gereeld gehoor dat die opleiding by die ATS nie voldoende voorbereiding vir die

bediening is nie, dat die opleiding nie prakties genoeg is nie en dat daar nie tred gehou word met die werklikheid van die postmoderne wêreld nie.

In 'n studie oor uitbranding onder pastore in die AGS van SA (Erasmus 1990) is onder andere die volgende kommentaar oor die teologiese opleiding wat hulle ontvang het, deur die pastore gelewer (:149-151):

- Daar is tog talle dinge wat belangrik is wat nie behandel is nie. Meer doelgerigte werk moet gebruik word
- Die praktyk moet meer in ag geneem word
- Pastore in gemeentelike situasies moet meer dikwels studente toespreek
- Praktiese geleentheid was daar wel maar dit is oneffektief
- Te teoreties
- Studente is nie altyd “voorbereid” vir die werklikheid van die bediening nie
- Daar moet meer aandag aan die praktiese aspekte van die bediening gegee word
- Opleiding en praktyk is dikwels twee wêreldes
- Die praktiese opleiding is baie kunsmatig
- “I am a missionary and this was not catered for at all”

Erasmus (1990:155) konkludeer dat die pastore wat aan sy studie deelgeneem het hulle teologiese opleiding op akademiese -, praktiese - en intrapsigiese/interpersoonlike gebiede as onvoldoende beskou. Die kommentaar oor die teologiese opleiding was oorwegend negatief en daarom kom dit voor of die opleiding van pastore in die AGS steeds moet verbeter.

Sedert 1993 bied die ATS in samewerking met RAU graadprogramme aan vir teologiese opleiding. Die inhoud van die kurrikulum is terselfertyd aangepas en verander, om die opleiding van pastore in die AGS te verbeter.

In 'n studie wat deur Wilsenach (1999) gedoen is blyk dit egter dat die persepsie van irrelevante opleiding, steeds hoogty vier in die Kerk. Die volgende opmerkings deur pastore waarmee Wilsenach onderhoude gevoer het, spreek daarvan (:6):

- Die dag wat jy daar uitstap ... begin jy voor!
- Die opleiding is heeltemal irrelevant
- Totaal uit voeling met die kerk
- Het my nie instaat gestel nie ...
- Ek voel 'n stuk rebellie en wantroue
- Die Kerk wil die Kollege toemaak
- Die dosente het geen praktiese ervaring nie
- Die opleiding is onvoldoende

Die volgende opmerkings deur finalejaar-studente weerspieël soortgelyke sentimente (Wilsenach 1999:5):

- Na vier jaar sou ek graag wou weet: hoe werk die goed in die praktyk
- Jou graad? Die groot vraag is: wat het jy by jou gemeente gedoen?
- Ons het meer geleer in die 6 klasse (buite pastore) as in die hele vier jaar
- Die TK produk maak dit nie daar buite nie
- Ons leer nie hoe kerke werk nie

Uit bogenoemde bespreking blyk dit baie duidelik dat teologiese opleiding in 'n krisis is. Dit is die geval wêreldwyd, en meer spesifiek dan, ook by die ATS. Dit is gevolglik uiters noodsaaklik vir die toekoms van teologiese opleiding aan die ATS, en spesifiek dan, die opleiding van effektiewe pastore binne die AGS van SA, dat daar doelgerigte navorsing gedoen moet word om die presiese stand van sake op die tafel te kry.

Die vraag wat ontstaan, en wat deur hierdie studie aangespreek word, is die volgende: Is die teologiese opleiding, soos dit by die Aucklandpark Teologiese Seminarium in die ses vakdissiplines¹ aangebied word, effektiewe voorbereiding vir die bediening in die postmoderne samelewing? Hoe ervaar pastore in die bediening hulle opleiding aan die ATS as voorbereiding vir die bediening?

¹Ou Testament, Nuwe Testament, Praktiese Teologie, Missiologie, Ekklesiologie en Dogmatiek

1.3 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie navorsing is tweeledig en kan soos volg beskryf word:

- 'n Verkenning en beskrywing van pastore wat aan die ATS studeer het se belewenis van hulle teologiese opleiding
- 'n Beskrywing van riglyne aan die Kerk en die ATS om die mees effektiewe model vir teologiese opleiding daar te stel.

1.4 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Ek is 'n Pentekostalis en het my teologiese opleiding aan die ATS gedoen, en my nagraadse studies aan die RAU, waar ek in Bybelkunde (Ou Testament) gepromoveer het. Ek is 'n dosent aan die ATS, wie se opleiding die onderwerp van hierdie navorsing is. As sulks, is dit vir my van die grootste belang dat die opleidingsproses waarvan ekself deel is, relevant en effektief moet wees, sodat die produk wat deur die ATS gelewer word, die beste voorbereide pastore vir die bediening sal wees.

Ons leef vandag in 'n postmoderne wêreld waar nuwe uitdagings aan die Kerk gestel word. In die postmoderne wêreld durf die Kerk nie anders nie as om nuut te dink oor die wyse waarop die boodskap van die evangelie op 'n relevante manier aangebied moet word. Uiteraard speel leiers van gemeentes 'n sleutelrol in hierdie proses, en daarom is dit van die grootste belang dat hierdie leiers so opgelei word dat hulle effektief kan wees in die uitvoering van hulle roeping.

Ek beskou myself as 'n postmoderne pelgrim, as iemand wat in 'n proses van transformasie is. Ek het nog nie arriveer nie, maar is besig om te groei na dit wat my lewensdoel op aarde is. Die rigting waarin ek tans beweeg, en dit wat saam met my belangstelling in die Ou Testament die fokus van my toekoms sal wees, sentreer rondom leierskappleiding vir die Kerk in die postmoderne era waarin ons leef.

1.5 NAVORSINGSONTWERP

Die ontwerp van hierdie navorsing is kwalitatief, verkennend, beskrywend en kontekstueel van aard. Dit is daarop gerig om insig oor en begrip van pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding aan die ATS te verkry.

1.5.1 Kwalitatief

Kwalitatiewe navorsing kan beskryf word as “an inquiry process of understanding a social or human problem, based on building a complex, holistic picture, formed with words, reporting detailed views of informants, and conducted in a natural setting” (Creswell 1994:1-2). Die doel daarvan is om so veel as moontlik genuanseerde beskrywings van die lewenswêreld van die persoon/e waarmee onderhoude gevoer word, te verkry (Kvale 1983:175). Realiteit is dit wat gekonstrueer word deur die deelnemers aan die ondersoek. Die fokus is op die kompleksiteit van sosiale interaksie soos dit in die daaglikse lewe uitdrukking vind en op die betekenis wat die deelnemers self aan hierdie interaksie toeskryf (Marshall & Rossman 1999:2).

Die toepassing van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie beteken dat daar nuwe teorie genereer word. Dit behels nie die toetsing van bestaande hipoteses of die verifikasie daarvan nie, maar die generasie van nuwe hipoteses (Myburgh & Poggenpoel 1995:5). Die klem val dus op die ontdekking en beskrywing van fenomene wat lei tot die ontwikkeling van nuwe teorie en hipoteses.

Merriam (in Creswell 1994:145) dui ses aannames in kwalitatiewe navorsing aan wat in die konteks van hierdie navorsing toegepas sal word.

- Kwalitatiewe navorsing fokus primêr op die proses van navorsing en nie soseer op die uitkomst of produkte daarvan nie. Sowel die belewenis en terugvoering van die deelnemers as die belewenis van die navorser en die insigte wat hieruit voortspruit, staan dus sentraal in die proses.

- Kwalitatiewe navorsing het te make met betekenis; die betekenis wat mense aan hulle lewens, ervarings en die struktuur van hulle wêreld gee.
- Die navorser self is die primêre instrument vir die verkryging en analise van data. Die sensitiwiteit van die navorser speel dus 'n belangrike rol in hierdie proses, en verleen diepte aan die navorsing.
- Kwalitatiewe navorsing sluit veldwerk in. Die navorser moet dus fisies na die mense, plek of instansie gaan om die subjek van die navorsing in 'n natuurlike omgewing te verken.
- Kwalitatiewe navorsing is beskrywend aangesien die navorser belangstel in die proses, begrip en betekenis waartoe gekom word deur woorde en beelde.
- Kwalitatiewe navorsing is induktief van aard omdat die navorser gevolgtrekkings, insigte, teorie en hipoteses uit detail uitbou.

Hierdie navorsingsprojek fokus op die belewenis van pastore van die opleiding wat hulle aan die ATS ontvang het as voorbereiding vir die bediening en die behoeftes wat hieruit voortspruit. As navorser wil ek dus insig verkry in die ervarings en gevoelens van die pastore ten opsigte van hulle opleiding. Hulle moontlike aanbevelings ten opsigte van die tekortkominge al dan nie en die relevansie al dan nie van die teologiese opleiding wat hulle deurgaan het, is van kardinale belang vir die doel van die navorsing.

1.5.2 Verkennend

Aangesien daar feitlik geen navorsing bestaan op die terrein van ondersoek van die huidige studie nie, word hierdie navorsing as verkennend getipeer. Daar word gepoog om tot nuwe insigte te kom ten opsigte van pastore in die bediening se belewenis van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening. Die doel is om moontlike riglyne neer te lê ten opsigte van 'n nuwe model vir teologiese opleiding in die AGS van SA.

Hierdie navorsing is slegs moontlik wanneer daar 'n openheid bestaan aan die kant van die navorser vir nuwe idees en suggesties en daar krities omgegaan word met eie vooropgestelde idees en hipoteses (vgl Mouton & Marais 1992:45). Aangesien

die kennis van die fenomeen wat bestudeer word deur die deelnemers aan die projek gegeneer word, is dit belangrik dat hierdie openheid vir nuwe idees teenwoordig moet wees, sodat 'n betekenisvolle eksploratiewe proses gefasiliteer word.

As navorser sal ek onbevooroordeeld die deelnemers die geleentheid bied om hulle belewenis van hulle teologiese opleiding op die tafel te plaas. Hulle is die primêre bron vir inligting en moet daarom die hoof bydraers van die diskussie wees.

Hierdie tipe navorsing is plooibaar en benewens fenomenologiese onderhoude sal beskikbare literatuur ook ingespan word om tot insig en begrip te kom van pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding. Aangesien hierdie studie ook ten doel het om 'n nuwe model vir teologiese opleiding daar te stel, is dit belangrik om helderheid en klaarheid te behou deur die hele proses van kollektoring en analise van die data. Gevolglik is dit ook belangrik dat die navorsingsproses deskriptief van aard moet wees.

1.5.3 Beskrywend

Beskrywende navorsing behels 'n sistematiese, akkurate en feitelike beskrywing of weergawe van 'n navorsingstema. Die klem val op 'n indiepte beskrywing van 'n individu, situasie of organisasie (vgl Smith 1995:bylae A). Hierdie studie is beskrywend van aard omdat ek 'n subjektiewe en noukeurige beskrywing van pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening, asook hulle behoeftes, wil verkry.

Dit is belangrik dat die konsepte wat geïdentifiseer word van die deelnemers self afkomstig moet wees. Alle distorsies sal dus vermy word. Dit word gedoen deurdat die deelnemers hulle persoonlike belewenis en gevoelens ten opsigte van hulle opleiding beskryf het.

Op grond van die resultate sal riglyne aangebied word om 'n model vir relevante teologiese opleiding vir die postmoderne wêreld te verskaf.

1.5.4 Kontekstueel

'n Navorsingsprojek is kontekstueel wanneer die inligting gebonde is aan 'n unieke konteks van die fenomeen wat nagevors word. Hierdie studie is kontekstueel gebonde aan die unieke konteks van pastore in die bediening wat hulle teologiese opleiding aan die ATS ondergaan het. Die kontekstualiteit kom verder na vore omdat spesifieke inligting oor individue in 'n spesifieke omgewing (die pastorale bediening) ondersoek word. Die bevindings en riglyne word gerekontekstualiseer in 'n teologiese opleidingsperspektief, wat die studie verder konteksgebonde maak.

1.6 NAVORSINGSMETODE

FASE 1	FASE 2
Pastore se belewenis van hulle opleiding en die identifisering van behoeftes	Riglyne vir die daarstelling van 'n nuwe model vir teologiese opleiding, gebaseer op die behoeftes wat in Fase 1 identifiseer is.

Die navorsing word in twee fases uitgevoer. In fase een word gefokus op pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding, asook die identifisering van behoeftes wat aangespreek behoort te word.

In fase twee word daar, gebaseer op die resultate van fase een, riglyne deurgegee aan Teologiese Seminariums, en spesifiek dan die Aucklandpark Teologiese Seminarium, vir die daarstelling van 'n nuwe model vir teologiese opleiding, wat die behoeftes wat in fase een uitgewys is, sal ondervang.

Vervolgens word die verloop van fase een en fase twee van die studie en die vertrouenswaardigheid van die navorsing bespreek.

1.6.1 Fase een: Die verkenning en beskrywing van pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding aan die ATS

In hierdie fase word die steekproef, data-insameling, dataverwerking en literatuurkontrolle van die navorsing bespreek.

1.6.1.1 Steekproef

'n Steekproef beteken dat 'n deel van die bevolking uitgekies word as verteenwoordigers van die bevolking om aan 'n navorsingsprojek deel te neem (Burns & Grove 1993:58). Populasie verwys na objekte, gebeure of individue wat die een of ander ooreenstemmende eienskap het wat die navorser wil bestudeer.

- *Teikenpopulasie*: Mouton (1996:135) beskryf die teikenpopulasie as die populasie waarop die navorsing van toepassing is. In hierdie studie is die teikenpopulasie dus pastore wat hulle teologiese opleiding aan die ATS ondergaan het.
- *Seleksie van deelnemers*: Die deelnemers word doelgerig uit die teikenpopulasie geselekteer (Creswell 1994:148). Die deelnemers word doelgerig geselekteer omdat hulle oor die inligting beskik wat ek wil bekom, naamlik pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding aan die ATS. Daar sal gefokus word op pastore wat sedert 1996 afstudeer het. Die rede hiervoor is omdat, soos reeds genoem, die ATS sedert 1993 graadprogramme aanbied wat gepaard gegaan het met veranderinge in die kurrikulum. Hierdie eerste groep wie se studies in 1993 'n aanvang geneem het, het in 1996 afstudeer. Dieselfde kurrikulum word vanaf 1996 tot op hede gevolg. Deur op hierdie groep te fokus, sal daar bepaal kan word hoe die huidige opleiding deur pastore ervaar word.

Kriteria vir insluiting is pastore wat hulle opleiding aan die ATS ondergaan het, omdat hulle oor die inligting beskik wat noodsaaklik is vir die studie. Onderhoude sal

met verskeie pastore gevoer word tot die data versadig is, met ander woorde totdat die temas herhalend voorkom (Lincoln & Guba 1985:202).

Daar is ses kriteria waaraan deelnemers moet voldoen (Van Kaam, in Polkinghorne 1989) :

- die vermoë om hulself verbaal met relatiewe gemak uit te druk;
- die vermoë om emosies sonder inhibisie te ervaar en uit te druk;
- die vermoë om die fisiese belewenis wat die emosies vergesel te ervaar en uit te druk;
- die situasie onder bestudering moes redelik onlangs gebeur het;
- subjekte moet 'n spontane belangstelling in hul belewenis hê, en
- die vermoë om te rapporteer of neer te skryf wat hulle ondervind.

Met bogenoemde in gedagte is die volgende kriteria saamgestel vir die seleksie van pastore wat by die ondersoek betrek is:

- pastore wat sedert 1996 afstudeer het aan die ATS
- elke persoon wat by die ondersoek betrek is moet bereid wees om geskrewe toestemming te verleen dat die onderhoude op oudioband geneem kan word en dat die transkripsie daarvan deur my in die navorsingsproses gebruik mag word.

1.6.1.2 Data-insameling

Data word deur middel van semi-gestruktureerde fenomenologiese onderhoude ingesamel. Voordat die metodologie van data-insameling bespreek word, moet die rol van die navorser tydens hierdie fase bespreek word. Die navorser se rol kan 'n invloed hê op die betroubaarheid van data-insameling (Mouton 1996:148).

1.6.1.2.1 Die rol van die navorser as waarnemer

In teenstelling met meer objektiewe kwantitatiewe navorsing, moet altyd in gedagte gehou word dat die navorser wat van 'n kwalitatiewe benadering gebruik maak 'n mede-outeur van die realiteit vorm. Dit beteken dat daar 'n voortdurende bewustheid by die navorser moet wees ten opsigte van sy rol en die invloed wat hy uitoefen as mede-outeur van die realiteit van belewenis.

Die begrip objektiwiteit of neutraliteit van waarneming word tradisioneel verstaan as die navorser se regstreekse waarneming van die werklikheid van dinge, mense en situasies. Daar is dus 'n presiese ooreenstemming tussen wat in die werklikheid bestaan en die navorser se persepsie daarvan. Dit impliseer dat die navorser niks toevoeg, weglaat, verdraai of verwing nie. Die navorser se persepsie is met ander woorde volledig afhanklik van die eienskappe van dit wat waargeneem word (Jordaan & Jordaan 1998:22).

Die navorser se rol is deurgaans belangrik en nie net op 'n sekere fase of gedeelte van die navorsing van toepassing nie. Gebruikmaking van die self is 'n sleutelfaktor in fenomenologiese navorsing omdat die navorser op die pastore se response kan reageer en so diepte aan die onderhoud gee. Dit help die navorser met die interpretasie en om ontvanklik te bly vir die belewenis van die pastore, eerder as om eie betekenis aan hulle ervarings te gee (Burns & Grove 1993:80). Dit is belangrik om 'n vertrouensverhouding te bewerkstellig en soveel as moontlik wantroue uit te skakel (Lincoln & Guba 1985:192). Die pastore moet te alle tye weet en aanvoel dat dit wat gesê word konfidensieel hanteer sal word en dat hulle persoonlike inligting nooit bekend gemaak sal word nie. Die sensitiewe wyse waarop die navorser die onderhoude hanteer, speel ook 'n belangrike rol by die skep van 'n warm en vertroulike klimaat.

Die volgende kommunikasietegnieke word tydens die onderhoudvoering gebruik:

- *Refleksie van inhoud*: die navorser kommunikeer aan die pastore hoe hulle persepsies, ervarings en gevoelens verstaan word.

- *Parafrasering*: die navorser herformuleer 'n stelling wat die pastore gemaak het, ter wille van duidelikheid.
- *Opsomming*: terugvoer word aan die pastore gegee oor die algemene inhoud of van 'n gedeelte van die onderhoud.
- *Versoek vir opklarings*: dit is 'n poging om wanneer die pastore se response vaag, onduidelik of verwarrend is, meer duidelikheid te verkry.
- *Versoek vir voorbeelde en beskrywings*: Die pastore word gelei om hulle belewenis van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening te beskryf. Gebruikmaking van die self is 'n sleutelfaktor in fenomenologiese navorsing omdat die navorser op die pastore se response kan reageer en sodoende diepte aan die onderhoud gee. Dit help die navorser met die interpretasie van inligting en om ontvanklik te bly vir die persepsies van die respondent, eerder as om eie betekenis aan hulle ervaring te gee (Burns & Grove 1993:80).

Sekere stappe word gevolg om inligting te bekom asook om toestemming te verkry om die fenomeen en die individue wat betrokke is te bestudeer. Die versekering is gegee dat die inligting konfidensieel hanteer sal word en dat die anonimiteit van die individue wat betrokke is te alle tye behou sal word (Creswell 1994:147-148).

Die metode van data-instameling word vervolgens bespreek. Dit behels die fenomenologiese onderhoudvoering en die afneem van veldnotas.

1.6.1.2.2 Fenomenologiese onderhoudvoering

Fenomenologiese onderhoudvoering het ten doel om duidelike en akkurate beskrywings van 'n sekere aspek van menslike belewenis te verkry (Polkinghorne 1989:20). Dit is "designed to obtain perceptions on a defined area of interest ..." (Krueger 1994:6). Die metode is daarop gerig om die totale sistematiese struktuur

van 'n individu se deurleefde ervaring vanuit sy perspektief te verkry asook om die betekenis van die ervaring te beskryf (Omery 1983:50).

Die fenomenologiese onderhoud is 'n induktiewe beskrywende navorsingstegniek. Dit het ten doel om die essensiële eienskappe van die fenomeen te ontdek en dit te verbaliseer. Dit maak dit moontlik om die betekenisvolheid van menslike belewenis te verstaan soos dit werklik beleef word (Omery 1983:50).

Die fenomenologiese onderhoud is gerig op 'n spesifieke fenomeen in die leefwêreld van die respondent (Kvale 1983:170-174). Gevolglik moet die navorser nie net begrip hê vir die betekenis van die fenomeen nie, maar die onderhoud moet ook benader word sonder enige vooropgestelde idees.

Die navorser moet ook sensitief wees vir interaksie en moet bewus wees van verandering en dubbelsinnigheid van die respondent se kant af. Die doel van die navorser met die onderhoudsmetode is nie om 'n oordeel te fel nie maar om die inligting wat bekom word te aanvaar en begrip daarvoor te hê (Omery 1983:50).

Daar is semi-gestruktureerde onderhoude met die pastore gevoer en dit is op audioband geneem. Die oorkoepelende vraag wat tydens elke onderhoud gevra was is: "Hoe beleef jy die teologiese opleiding wat jy aan die ATS ondergaan het as voorbereiding vir die bediening?". Vrae wat na die oorkoepelende vraag gevra is het voortgevloei uit die pastore se gesprek en is gestel om 'n duideliker beeld van hul ervaring te verkry. Verdere onderhoude word gestaak wanneer die data versadig is en temas hulself begin herhaal (Lincoln & Guba 1985:2).

Tydens die onderhoude, sal 'n audioband gebruik word en die deelnemers aangemoedig word om hard te praat sodat geen informasie verlore sal raak nie. Verder word veldnotas gemaak om aan te teken wat waargeneem word. Dit word gedoen deur sleutelwoorde en frases neer te skryf wat dan later meer breedvoerig ingevul word.

Die afneem van veldnotas kan in vier kategorieë verdeel word (Schatzmann & Strauss in Wilson 1989:434-436):

- *observasienotas* wat aangeteken word wat tydens die onderhoud gesien en gehoor is. Hierdie notas bevat die hoe, wat, waar en hoekom van 'n situasie en bevat so min as moontlik interpretasie.
- *teoretiese notas* is doelbewuste beheerde pogings om betekenis uit observasienotas te verkry. Hier word geïnterpreteer en hipoteses geformuleer waarvolgens analises dan later gemaak word.
- *metodologiese notas* is instruksies aan die navorser self, kritiek en opsigte van taktiek, en herinneringe aan metodologiese benadering.
- *persoonlike notas* wat die navorser se gevoelens en ervarings beskryf. Die notas word dan getik, gedateer en genommer en vorm die basis vir die analise van data.

1.6.1.2.3 Wyse van datagenerering

Die aard en doel van die ondersoek is voor die ontmoeting met die persone wat aan die kriteria voldoen het, verduidelik. Hierna is elke persoon se toestemming verkry om die onderhoud vir navorsingsdoeleindes te gebruik en is hulle verseker dat hul identiteit vertroulik sal bly. Die daarstelling van 'n vertrouensverhouding is van uiterste belang om soveel as moontlik wantroue uit te skakel (Lincoln & Guba 1985:192).

Elke onderhoud het in die vorm van 'n persoonlike ontmoeting plaasgevind, waarin elke respondent versoek is om hulle belewenis van hulle teologiese opleiding so volledig moontlik met my te deel. Gevolglik is elke onderhoud begin met die vraag "hoe beleef jy jou teologiese opleiding aan die ATS as voorbereiding vir die bediening?" Soos wat die onderhoud hieruit voortgaan, is vrae en stellings gebruik ten einde onduidelikhede uit die weg te ruim. Die refleksie van emosies asook 'n opsommende refleksie van inhoud is soms deur my gebruik ten einde die vloei van onderhoude te bewerkstellig.

Indien dit nodig was om vrae aan die deelnemer te stel, is dit op gepaste momente in die onderhoud gevra. Let wel ek het nie 'n voorafopgestelde lys van vrae gehad nie.

1.6.1.3 Dataverwerking

Die inligting wat deur die onderhoud verkry is, word volgens Tesch (in Creswell 1994:154) se beskrywende metode van analise verwerk. Tesch (in Creswell 1994:155) het die volgende agt stappe onderskei wat gebruik kan word by die verwerking van inligting.

- Stap 1:* Kry 'n geheelbeeld van die data. Lees deur al die inligting en skryf idees neer.
- Stap 2:* Kies 'n onderhoud, lees dit deur en vra die volgende vraag: "Waaroor handel hierdie onderhoud?" Gee ook aandag aan die onderliggende betekenis van die onderhoud en nie aan die inhoud self nie.
- Stap 3:* Maak 'n lys van al die temas wat herhaaldelik voorkom. Plaas soortgelyke temas bymekaar en rangskik dit in kolomvorm.
- Stap 4:* Neem hierdie lys en gaan terug na die data. Kort die temas af in die vorm van kodes en skryf hierdie kodes langsaan die toepaslike dele van die teks. Hierdie skema kan gebruik word om vas te stel of nuwe kategorieë ontstaan.
- Stap 5:* Vind beskrywende woorde vir die temas en plaas dit dan in kategorieë. Verbandhoudende temas kan saam gegroepeer word om die lys van kategorieë te verminder. Deur lyne te trek kan die verband tussen kategorieë aangedui word.
- Stap 6:* Besluit op afkortings vir elke kategorie en plaas hierdie kodes in alfabetiese volgorde.
- Stap 7:* Versamel die data wat by elke kategorie pas en doen 'n voorlopige analise.
- Stap 8:* Indien dit nodig is, sal die bestaande data herkodeer word.

1.6.1.4 Literatuurkontrolle

Nadat die data verwerk en die resultate verkry is, word die resultate met relevante literatuur en soortgelyke studies vergelyk. Op hierdie wyse kan bepaal word watter ooreenkomste, verskille en unieke bydraes deur die studie blootgelê is.

1.6.2 Fase twee: Die beskrywing van riglyne aan Teologiese Seminariums, spesifiek die Aucklandpark Teologiese Seminarium, vir die daarstelling van 'n nuwe model vir teologiese opleiding, wat die behoeftes wat in fase twee uitgewys is, ondervang.

Vervolgens word data-insameling en dataverwerking vir die tweede fase van die navorsing bespreek.

1.6.2.1 Data-insameling

Die resultate wat in fase een verkry is, vorm die basis waarvolgens riglyne deur inferensie afgelei word ten einde 'n nuwe model vir teologiese opleiding daar te stel. Logiese inferensie behels die proses waartydens daar tot 'n gevolgtrekking gekom word na aanleiding van gegewens (vgl Cohen & Copi 1994:4).

1.6.2.2 Dataverwerking

Die riglyne wat na aanleiding van logiese inferensie tot stand gekom het, word aan die hand van 'n literatuurkontrolle geverifieer en beskryf.

Die proses van gevolgtrekking en verifikasie vorm reeds 'n integrale deel van die eerste stappe van data-insameling. Die kwalitatiewe navorser word reeds in die begin van data-insameling bewus van betekenis, patrone, reëlmatighede, verduidelikings en moontlike konfigurasies. Hierdie "vroeë" gevolgtrekkings moet met 'n skeptiese, oop gemoed benader word. Finale gevolgtrekkings moet eers gemaak word nadat die data-insameling voltooi is.

1.6.3 Maatreëls om vertrouenswaardigheid te verseker

Die volgende maatreëls om die vertrouenswaardigheid van 'n studie te verkry is van uiterste belang (Guba, in Krefting 1991:214-222):

- waarheidswaarde - kan vertrou in die waarheid van die bevindinge in die konteks van die ondersoek bevestig word?
- toepasbaarheid - kan die bevindinge van die studie op ander kontekste of groepe oorgedra word?
- konsekwentheid - kan daar bepaal word of die bevindinge herhaal kan word indien die ondersoek met dieselfde deelnemers in dieselfde konteks herhaal word?
- neutraliteit - kan daar verseker word of die bevindinge bepaal is deur die deelnemers en die omstandighede van die studie, en nie deur die voorveronderstellings, belangstellings en persepsie van die navorser nie?

Navorsers kan met hierdie model die vertrouenswaardigheid van hulle kwalitatiewe navorsing bevorder. Die leser word ook in staat gestel om die waarde van die navorser se bevindinge te toets (Krefting 1991:215).

1.6.3.1 Waarheidswaarde

Waarheidswaarde kan beskryf word as die vertrou wat die navorser in die juistheid of korrektheid van die bevindinge het, asook die konteks waarin die navorsing plaasgevind het. Waarheidswaarde word verseker deur die ontdekking van die menslike ervarings soos wat hulle werklik geleef en beleef is (Krefting 1991:215). Waarheidswaarde sal dus verkry word deur die ontdekking van die pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening.

Ten einde die waarheidswaarde van die navorsing te verseker moet beheermaatreëls ter wille van geloofwaardigheid ingebou word.

Verskeie tegnieke kan toegepas word ten einde die geloofwaardigheid van hierdie navorsing te verseker. As navorser is dit my verantwoordelikheid om te verseker dat 'n akkurate beskrywing van die pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding gegee word. Die volgende aspekte kan hierdie proses vergemaklik:

- *Deelnemerbevestiging:* Dit gebeur wanneer pastore deurlopend as kontrole tydens die analise-fase gebruik word. Die betroubaarheid van die data sal verseker kan word, indien die betekenis wat die pastore aan die fenomeen heg, deurgaans met hulle bevestig word (Creswell 1995:167). Die studie sal geloofwaardig wees indien ander pastore soorgelyke belewenisse van hulle teologiese opleiding ervaar het, en hulle ook baat kan vind by 'n nuwe model vir teologiese opleiding.
- Die bevindings van die studie word by wyse van 'n *literatuurkontrole* gekontroleer met relevante navorsingsbevindings en literatuur om ooreenkomste, verskille en unieke bydraes te identifiseer.
- *Ewegroep-evaluering* behels dat die studieleiers kritiese insette lewer ten opsigte van die metodologie, betroubaarheid, etiek en bevindings van die studie. Hierdie insette skep die geleentheid vir openheid en eerlikheid en om ontslae te raak van emosies en gevoelens wat my goeie oordeel mag beïnvloed.
- *Strukturele koherensie* word verseker deur konsekwent op die belewenis van pastore van hulle teologiese opleiding te fokus tydens al die onderhoude asook die kodering en die interpretasie van die data. Riglyne wat gegenereer word, is gebaseer op die belewenis van die pastoor.

1.6.3.2 Toepaslikheid

Kwalitatiewe navorsing ondersoek 'n verskynsel in sy unieke, natuurlike konteks. Gevolglik kan min van die veranderlikes beheer word. Aangesien elke studie uniek is, is daar weinig sprake van veralgemening van navorsingsbevindinge (Krefting 1991:216). Kwalitatiewe navorsing verwys gevolglik eerder na die toepaslikheid van bevindinge - met ander woorde de mate waartoe bevindings van 'n spesifieke ondersoek in 'n ander konteks en op ander deelnemers toegepas kan word (Lincoln & Guba 1985:290). Die volgende beheermaatreëls word geïmplementeer om die toepaslikheid van die navorsing te verhoog:

- *Oordraagbaarheid*: Die oordraagbaarheid van 'n studie is hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die persoon wat dit wil oordra eerder as dié van die oorspronklike navorser (Lincoln en Guba in Krefting 1991:216). Die navorser poog om die oordraagbaarheid van die studie te vergemaklik by wyse van 'n digte beskrywing en 'n digte databasis. Lincoln en Guba (1985:316) beskou digte beskrywing as "... providing the widest possible range of information". Die kriteria vir insluiting word daarom so volledig moontlik omskryf ten einde hierdie vereiste te bereik. Direkte aanhalings uit die onderhoud word ook ingesluit.
- *Steekproeftrekking*: 'n Doelgerigte steekproef word uit die teikenpopulasie geselekteer sodat die deelnemers aan die kriteria vir insluiting kan voldoen (Lincoln & Guba 1985:201).

1.6.3.3 Konsekwentheid

Hier word daar vasgestel tot watter mate die bevindings konsekwent bly indien die ondersoek in 'n soortgelyke konteks herhaal word met ander pastore wat hulle opleiding aan die ATS ondergaan het (vgl Krefting 1991:216). Die maatreëls van betroubaarheid word toegepas om die konsekwentheid van die navorsing te verseker.

Toepaslikheid is slegs moontlik met die implikasie van vertroubaarheid nie (vgl Lincoln en Guba 1985:316). Vervolgens word hierdie aspek van nader beskou.

Ten einde 'n vertroubaarheidsoudit te vergemaklik is dit nodig om 'n digte beskrywing van die navorsingsmetodologie wat gevolg word te gee. Die proses sowel as die produk van die ondersoek word in die vertroubaarheidsoudit volledig beskryf.

Stapsgewyse replikasie lewer ook 'n bydrae en beteken dat presies dieselfde stappe tydens elke onderhoud gevolg word, naamlik: die daarstelling van 'n verhouding met die pastore, verduideliking van die navorsing, toestemming tot deelname, hulle reg tot onttrekking en die vra van die onderhoudsvraag.

Laastens word 'n kodering-herkoderingsprosedure toegepas (Krefting 1991:216). 'n Kundige op beide die terreine van die teologie en kwalitatiewe navorsing tree tydens hierdie prosedure as onafhanklike kodeerder op. Nadat die onderhoude getranskribeer en gekodeer is, word 'n protokol vir die analise van die data aan die onafhanklike kodeerder verskaf. Hy/sy kategoriseer en kodeer die data onafhanklik en ontmoet daarna met die navorser om die resultate te bespreek en konsensus te verkry.

1.6.3.4 Neutraliteit

Die navorser se eie vooroordele in die navorsingsprosedure word deur neutraliteit uitgesluit. Dit behels die mate waartoe die bevindings uitsluitlik 'n funksie van die respondent en die toestande van die studie is.

Vervolgens kom bevestigbaarheid as beheermaatreël om die neutraliteit van die studie te verseker, onder bespreking.

Die tegnieke wat toegepas word om *bevestigbaarheid* van die studie te verseker, is 'n bevestigbaarheidsoudit en triangulering.

- *Bevestigbaarheidsoudit*: Die oudit word moontlik gemaak deurdat rekord gehou is van:
 - roudata, veldnotas en navorsingsresultate
 - data-reduksie en ontledings
 - rekonstruksie van die data en samevattinge (saamgestel uit kategorieë, bevindinge, gevolgtrekkings en die finale geïntegreerde verslag)
 - prosesnotas en notas oor die metodologie en vertrouenswaardigheid
 - navorsingsvoorlegging en persoonlike notas en
 - die voorlopige skedule en observasieformaat (Lincoln & Guba 1985: 319-320).

- *Triangulering*: Dit is die wyse waarop een bron getoets word vir waarheidsgetrouheid teenoor 'n ander bron (Kvale 1983:191). Verskille wat voorkom help om die pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding te beskryf. Die kwaliteit van die data word deur triangulering verbeter en die akkuraatheid van die bevindinge word daardeur bevorder (Mouton 1996:157).

Die gebruik van meervoudige data-insamelingsmetodes in die navorsingsproses sal die geldigheid van die studie verhoog (vgl Mouton & Marais 1992:92-93). Daar is verskeie wyses van triangulering (Miles & Huberman 1994:266-267) naamlik databronne (wat mense, plekke en tyd insluit), data-insamelingsmetodes (wat observasies en onderhoude insluit) deur die navorser (verskeie navorsers word gebruik) en datatipe (kwalitatiewe tekste en opnames).

Die doel van die meervoudige metodes is om die waarheidswaarde van die data te probeer verseker. Mouton en Marais (1992:93) meen dat daar metodes bestaan wat meer of minder reaktief is. Dit beteken dat meer reaktiewe metodes soos dokumentêre bronne aangevul word. In hierdie studie sal reaktiewe metodes, naamlik fenomenologiese onderhoude, waarnemings en veldnotas aangevul word met minder reaktiewe metodes, naamlik 'n literatuurkontrole.

Indien triangulering korrek toegepas word, sal die geloofwaardigheid van die studie verhoog en bevestig word deurdat die meerdere metodes mekaar sal aanvul.

1.6.4 Etiese maatreëls

Met kwalitatiewe navorsing is dit altyd van die grootste belang dat die etiese maatreëls deurentyd en konsekwent toegepas word. Die toepassing van die maatreëls dra by tot die vestiging van 'n vertrouensverhouding tussen die navorser en die betrokke pastore wat aan die navorsing deelneem.

Die volgende etiese maatreëls is in die studie toegepas: toestemming, vertroulikheid en anonimiteit, privaatheid en vryheid om te onttrek.

- *Toestemming*

Die pastore het skriftelike toestemming verleen om aan die studie deel te neem. Toestemming beteken dat elke persoon wat by die ondersoek betrek is bereid moet wees om geskrewe ingeligte toestemming te verleen dat die onderhoude op oudioband geneem kan word en dat die transkripsies daarvan in die navorsingsproses gebruik mag word.

- *Vertroulikheid en anonimiteit*

Pastore se name word nie in die studie genoem nie. Indien die anonimiteit van die pastore enigsins bedreig word, sal alle navorsingsrekords vernietig word.

- *Privaatheid*

Die nodige voorsorgmaatreëls is getref om te verseker dat die waardigheid van die pastore gehandhaaf word. Die pastore kan spontaan optree en vrye denke is toegelaat sonder onderbreking of die moontlikheid dat hulle private gedrag of gedagtes later misbruik sou word om hulle in verleentheid te stel.

- *Vryheid om te onttrek*

Ongeag die feit dat die pastore aanvanklik tot deelname ingestem het, sou die navorsing beëindig word indien een van hulle sou verkies om te onttrek. Navorsing sou ook gestaak word indien dit nie volgens die standarde wat by die beplanning daargestel is, verloop het nie. Vanaf die ontmoeting asook regdeur die onderhoud, is gepoog om die onderhoudsituasie so te struktureer dat die subjek met gemak denke en emosies met die navorser kan deel.

1.7 HOOFSTUKINDELING

In hoofstuk 1 is die oriëntasie tot die navorsing, die rol van die navorser en die navorsingsontwerp en metode bespreek. Die resultate van die navorsing word in hoofstuk 2 bespreek. In hoofstuk 3 word daar 'n literatuurkontrole saamgestel waar literatuur van soortgelyke studies met die huidige navorsing vergelyk word ten einde ooreenkomste, verskille asook die unieke bydrae van die navorsing aan te toon (Creswell 1994:23). Riglyne vir 'n nuwe model vir teologiese opleiding word in hoofstuk 4 bespreek. Daar word ook aandag gegee aan die gevolgtrekkings, tekoftkominge en aanbevelings van die navorsing.

HOOFSTUK 2

BESPREKING VAN RESULTATE

2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is daar 'n beskrywing gegee van die navorsingsontwerp en die navorsingsmetode wat in hierdie studie gevolg is. Die resultate van die semi-gestruktureerde fenomenologiese onderhoude kom nou in hoofstuk 2 ter sprake.

2.2 REALISERING VAN DIE STEEKPROEF

Daar is onderhoude met sewe pastore gevoer wat hulle teologiese opleiding aan die Aucklandpark Teologiese Seminarium ondergaan het. Die data was na sewe onderhoude versadig. Die bewys hiervoor was die herhaling van temas wat voorgekom het.

Die respondente het die volgende eienskappe getoon:

- Hulle was almal op vrywillige basis bereid om aan die navorsing deel te neem.
- Daar was by almal 'n sterk behoefte om oor hulle belewenis van hulle teologiese opleiding gesprek te voer.
- Ses van die respondente was ten tye van die onderhoude by gemeentes in Gauteng en een by 'n gemeente in Mpumalanga in diens.
- Al die respondente staan in die voltydse bediening.
- Ses van die onderhoude is in Afrikaans gevoer en een in Engels.
- Al die respondente is langer as vier jaar in die voltydse bediening.
- Vyf van die respondente is manlik en twee is vroulik.
- Vyf van die respondente het reeds 'n B.A. Honneursgraad verwerf.
- Een respondent het reeds 'n M.A-graad verwerf.
- Een respondent het 'n vierjarige diploma verwerf.
- Drie van die respondente is besig met M.A-studies.

- Een van die respondente is besig met doktorsale studies .
- Die respondente is voltydse pastore tussen die ouderdom van 26 en 41 jaar:
 - twee respondente was 26 jaar oud.
 - een respondent was 28 jaar oud.
 - drie respondente was 29 jaar oud.
 - een respondent was 41 jaar oud.

2.2.1 Data-analise

In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat die data geanaliseer is volgens Tesch se beskrywende metode van analise (vgl Creswell 1994:156). Veldnotas is as deel van die data in die bespreking geïntegreer. Nadat die doel van die navorsing aan die respondente bekend gemaak is, is die volgende oorkoepelende vraag gevra:

“Hoe beleef jy die teologiese opleiding wat jy aan die Aucklandpark Teologiese Seminarium ondergaan het as voorbereiding vir die bediening?”

2.2.2 Kodering

Die onderhoude is op band opgeneem en is daarna getranskribeer. Die transkripsies is daarna deurgewerk om eenhede van betekenis te identifiseer. Dit is gedoen deur woorde en temas te onderstreep. Die verbandhoudende temas is saamgegroepeer en waar relevant is veldnotas hierby ingesluit. Die transkripsies is aan 'n onafhanklike kodeerder oorhandig vir analise. Daarna het ek met die onafhanklike kodeerder ontmoet en 'n konsensusgesprek het plaasgevind. Sekere temas het herhaaldelik voorgekom, wat 'n aanduiding was dat die data wel versadig was.

2.3 BESPREKING VAN RESULTATE

Nadat die data geanaliseer is het dit duidelik geword dat daar temas en behoeftes is wat deurlopend voorkom ten opsigte van die pastore wat aan die onderhoude deelgeneem het se belewenis van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening.

Die volgende tabel illustreer die hoofkategorieë en - temas van die pastoor se belewenis van sy teologiese opleiding aan die ATS as voorbereiding vir die bediening:

HOOFTEMAS	SUBTEMAS
2.3.1 Die belang van 'n goeie teologiese opleiding as fondasie vir kennis en verhoudings	2.3.1.1 Inhoud van die Bybel 2.3.1.2 Dogmatiek 2.3.1.3 Dissipline 2.3.1.4 Vriendskapverhoudings
2.3.2 Die fokus van die opleiding van pastore is hoofsaaklik kognitief en nie praktykgerig nie	
2.3.3 Die ontdekking en ontwikkeling van selfpotensiaal	
2.3.4 Interpersoonlike vaardighede ontbreek	
2.3.5 Persoonlike leierskap	2.3.5.1 Tydsbestuur 2.3.5.2 Karakterontwikkeling/spiritualiteit
2.3.6 Behoefte aan mentorskap	
2.3.7 Gemeentebestuur en bediening	2.3.7.1 Leierskap 2.3.7.2 Personeelbestuur en Spanbou 2.3.7.3 Visionering 2.3.7.4 Bemarking en Befondsing 2.3.7.5 Prediking en Kommunikasie-vaardighede 2.3.7.6 Mobilisasie van lidmate 2.3.7.7 Missiologiese opdrag aan die Kerk 2.3.7.8 Jeug- en Kinderbediening 2.3.7.9 Diensbeplanning 2.3.7.10 Musiek en aanbidding 2.3.7.11 Tegniiese bedieningsvaardighede 2.3.7.12 Algemene bedieningsvaardighede
2.3.8 Behoefte aan spesialisasie	

Vervolgens word bogenoemde tabel in verdere besonderhede bespreek.

2.3.1 Tema 1: Die belang van 'n goeie teologiese opleiding as fondasie vir kennis en verhoudings

Die meeste kommentaar wat deur die respondente gelewer is, was gerig op areas waarin hulle van mening is daar tekortkominge bestaan in die teologiese opleiding wat hulle ontvang het. Daar is egter wel enkele positiewe aspekte wat vermeld is. Hierdie positiewe aspekte het spesifiek te make met die teologiese opleiding as fondasie vir kennis en as bron vir die daarstelling van kollegiale verhoudings.

“Uhm, ek wil sê my belewenis by die Teologiese Kollege was positief gewees, ek het dit baie geniet om hier te wees en dit was vir my kardinaal belangrik om hier te wees”.

“Weet jy, as ek nou so bietjie kyk en terugkyk, ek het die opleiding in terme van die uhm klassituasie redelik positief ervaar ... dis dalk 'n geval van jou benadering gaan 'n groot verskil maak, ... ek is 'n redelike positiewe ou, en ek het ek wil positief bly oor hierdie goed dat dit redelik goed gegaan het”.

OF
JOHANNESBURG

Een van die respondente het die belang van die teologiese basis wat die opleiding verskaf het soos volg beskryf:

“... dit was eintlik uitstekend gewees. Ek verstaan dit baie goed ... ek kry daagliks vrae van jongmense wat vra hoekom gebeur daar slegte goed met my ouers, hoekom is my ma wat 'n Christen was nou in 'n motorongeluk dood, ... dit help my met die moeilike vrae uh die verstaan van daai tipe vrae”.

'n Ander respondent het die belang van goeie teologiese opleiding soos volg verwoord:

“Ek besef mens kan nie als in die Kollege leer nie ... maar die teologie wat hulle jou wil leer, die inhoud en die basis van jou teologie en jou dogma veral ek meen mens kan nie goed gaan preek daar wat bietjie shaky is nie ek besef dit en dit het die

Kollege regtig in geslaag ek dink ons fondasie dit het 'n baie sterk goeie fondasie gelê in my lewe ... “

Dieselfde respondent was verder van mening dat dit die verantwoordelikheid van die pastoor is om toe te sien dat hierdie teologiese grondslag steeds in die bediening uitgebou moet word:

“... en jy besef luister ek het eintlik nog so baie om te leer so ek dink um in die proses het jy besef luister um jy moet jy sal moet besef dat jou afhanklikheid in die Here lê die Kollege kan nie vir jou alles leer nie jy gaan daar uitstap en jy gaan 'n pastoor wees maar jy gaan nog steeds moet leer steeds moet groei en nog steeds moet boeke lees veral um om relevant te bly en te ontwikkel as pastoor”.

'n Ander respondent se belewenis is soos volg geverbaliseer:

“Die teoretiese grondslag is regtig vir my 'n goeie grondslag. Uhm, baie studente kom en hulle sê daar's ou hout of droë hout by die Kollege, maar terwyl jy by die Kollege is dan beleef jy dit miskien as ou hout of droë hout, maar die oomblik wat jy in die bediening inbeweeg dan besef jy dat die basis wat daar gelê word wat hierdie aanbetref is 'n baie goeie basis wat baie aspekte aanbetref”.

“So dit was vir my baie goed gewees die teoretiese grondslag wat ons by die Kollege gekry het”.

Die teologiese grondslag vir pastorale berading is ook in 'n positiewe lig beskou:

“Dit dink ek was ok goed om te hê dit was vir my 'n lekker praktiese vak gewees uhm ek sou sê dit het my gehelp om mense beter te verstaan en ... dit het baie prakties oorgekom ek dink dis 'n goeie ding om te hê ek voel ek het daaruit gebaat. Prakties in my pastoorrol waar ek nou is gebruik ek nog baie van die goeters”.

Die verbintenis van die ATS met RAU dien as 'n addisionele bousteen wat die fondasie van teologiese opleiding verbreed:

“... en uh ook in terme van die aansluiting by RAU dink ek dis ‘n belangrike koppeling gewees wat net so bietjie van ‘n wyer spektrum vir ‘n ou gegee het in terme van ook blootstelling aan Bybelkunde, toe ook later blootstelling aan verdere studies”.

Die volgende aanmerking van een van die respondente kan aangebied word as ‘n samevatting van die positiewe belewenis van die teologiese fondasie wat deur die opleiding gelê is:

“Ek kan ek kan sê oor die algemeen was die Kollege vir my ‘n goeie ervaring dit was vir my ‘n great tyd in my lewe uhm ek het ek het regtig dink ek ‘n mate van volwassenheid en groei beleef daar en ... ek dink oor die algemeen uhm het die Kollege ‘n baie goeie goeie uhm ding en ek dink hulle sit die basiese boustene vir elke student daar elke pastoor en ek dink die Kollege kan trots voel ook op die produk wat hulle reeds gelewer het maar soos met enige organisasie daar’s altyd plek vir groei en as die Kollege sou aandag gee aan hierdie dinge dink ek kan hulle net beter raak en dit kan hulle net help om om beter produkte te lewer beter pastore met minder issues en minder uhm uhm hoe kan ek sê die feit dat hulle dinge nie kan hanteer nie dit gaan dit gaan ‘n produk wees wat van mense wat kwaliteit mense is en wat beter kan uhm ons Kerk bedien en mense by die Here uitbring en mense in verhouding met die Here bring. So uhm oor die algemeen sal ek sê die opleiding was goed maar ek dink daar mens kan altyd verbeter”

2.3.1.1 Inhoud van die Bybel

Een van die subtema’s wat identifiseer kan word as deel van die positiewe belewenis van die teologiese fondasie wat by die ATS gelê is, is die kennis wat van die Bybel opgedoen is. Die respondente is oor die algemeen van mening dat hulle opleiding hulle in staat gestel het om die Bybel met vertroue te kan hanteer. Hulle verstaan die Bybel beter en kan dit integreer in hulle daaglikse bediening in die pastoraat. Die respondente het dit soos volg verwoord:

“Nou uh die inhoud wat ek geleer het. Ek het verskriklik baie geleer oor teologie uh die verstaan van die Bybel, uhm geestelike waarde in die Bybel, Ou Testament,

Nuwe Testament, uhm Praktiese Teologie, en daar's 'n verskriklike klomp goed wat ek geleer het aangaande die Woord”.

“Wat ek sê ek kan nie vir jou sê ek het hier uitgestap en ek ken 500 skrifte uit my kop uit nie, maar ek weet wat die Bybel sê. Ek weet wat die Nuwe Testament leer, ek ken die leer van die Bybel uhm dan het ek 'n redelike breë raamwerk van wat in die Nuwe Testament aangaan. Ek het 'n redelike breë raamwerk hoe om die Ou Testament te verstaan. Uh wat is die doel van die Ou Testament. Die doel van die Ou Testament is nie altyd net om en dit het ek al baie gebruik, die doel van die Ou Testament is nie vir my om vir my te sê hoe het alles presies gebeur nie, maar om vir my te sê God staan in verhouding met die mens en hoe wil God met ons in verhouding staan. Dit het nie vir my gesê die aarde het ontstaan presies in sewe dae nie, en dat God die Spreker was wat gesê het dis presies hoe dit moet gebeur en dat ons enige teorie daarop kan bou nie maar hulle het vir my gesê God is die Skepper van alles. En dit het net vir my min of meer verduidelik uh hoe dit werk, uh Psalms verstaan ek beter. Ek kan nie vir jou sê dat ek weet presies waar staan wat in die Ou Testament nie. Ek weet wat is die leer daarvan, as ek die Ou Testament lees weet ek wat om dit te interpreteer, wat ek vandag kan gebruik wat interpreteer ek in die bril van die Nuwe Testament en ek verstaan die Bybel. Ek is bewus daarvan dat die Bybel die grondfondasie is van alles wat ek leer, wat ek aanbied, enige program wat ek by jongmense aanbied, ek is totaal en al bewus dat dit die grondvesting van dit alles is. So wat dit aanbetref, het dit my baie geleer”.

“Ou Testament en Nuwe Testament is kom ek dink dalk moet ek net gou-gou deur die vakke praat as ek almal kan onthou Ou Testament wat vir my regtig great was van dit was uhm wat ek nou vandag nog gebruik van dit is is goeters wat die lektore meer uitgehaal het en saam met ons 'n stuk uit die Grieks of Hebreeus uit bespreek het en vir ons ek sal jou verduidelik want jy is so leek ek meen jy het nou net Grieks en Hebreeus 1 jy het nog nie 'n clue wat rîrig aangaan met dit nie so jy kan nie jou eie revelations uit Grieks en Hebreeus uit gaan haal nie jy kan nog nie op daai stadium nie en ... as ons 'n stuk of 'n psalm of so ietsie rîrig analiseer het en ons het ingegaan en ons het die diepere goetertjies daarby uitgehaal wat jy nooit sou kon gekry het nie jy weet ... daai background goetjies is fantasties en dit is goeters wat jy in jou preke en in in jou loop van tyd wat jou altyd help en ek dink weet jou help

om daai goeters uit te haal en dit vir jou te gee weet al is dit nou spoon feed of wat ookal maar dit is goeters wat jou rêrig en goed wat jy onthou en dit wat jy wil leer wat nice is”.

“Uh, ek het gevind byvoorbeeld in jou jou werk en in die gemeente wat jou prediking en dit aanbetref, die ek sal weer sê, die Ou Testament en die Nuwe-Testamentiese opleiding wat ons daar gekry het, het dit oopgemaak vir ons om regtig die Skrif te vat en na die Skrif te gaan kyk en die Skrif te verstaan sodat jy uit ‘n verstaanbare basis uit na jou gemeente toe kan gaan. So dis studies wat wat vir my onskatbare waarde van onskatbare waarde was. Toe ek op Kollege was het ek nie altyd so gedink nie. Dit was vir my baie boring om die hoofstukke te leer en te weet wat is vers een tot vyf en vers sewe tot nege (lag) maar vandag as ek ‘n preek moet voorberei daarvoor en oor daardie spesifieke gedeelte dan kan ek teruggaan na dit toe wat my teoretiese basis was en ek kan daarop uitbrei en en dit meer verstaanbaar vir myself maak maar ook vir die gemeente as jy die Woord aan die gemeente bedien en die koppeling tussen die boeke om te weet hier kom die profete maar die profete figureer in die boeke en in Konings daar was hulle al gewees die profete gewees, ug, want ek het dit nooit verstaan nie ek dog die konings het gekom en al hierdie ouens het gekom en toe is die profete gebore, min wetende dat hierdie profete opgetree het in die konings se tye. So dit is goed wat vir my dan skielik sin begin maak en in jou gemeente as jy jou mense veral wat by die woordskool betrokke is as jy hierdie goed vir jou mense begin leer ek sê dit, maar ons ek dit ook so gesien hierdie goed as los eenhede los van mekaar in plaas dat ons dit in die geheel gesien het”.

“Selfde met Grieks ek onthou ons het Johannes uhm Johannes het ons gehanteer van Nikodemus hulle en dit was net vir my amazing ... die goeters wat ek vandag nog onthou daardeur is die amazing revelations wat daaruit gekom het die die dieper wat die Grieks die agtergrond van dit daai goed voel ek het my rêrig geleer die die uhm die agtergrond van weet hoe in die Bybelse tyd weet wat het dit in hulle betekenis geleer. Daai goeters was vir my vreeslik tot nut en interressant en goed wat ek vandag prakties kan gebruik en wat my gestig het”.

2.3.1.2 Dogmatiek

Benewens die kennis wat van die Bybel opgedoen is, is Dogmatiek ook as vak uitgesonder wat 'n positiewe bydrae gelewer het ten opsigte van die teologiese grondslag wat die opleiding by die ATS verskaf het. Dit verskaf die fondasie waarop hulle geloof gebou kan word:

“As ek nou sit en dink uhm goeters wat vir my uitgestaan het van teologie en Dogmatiek ... dit was vir my baie baie inspirerend, dit het my maak dink, dit het my maak dink oor waaroor gebeur dinge, byvoorbeeld met die kom ons sê die uh die leer aangaande die eindtyd, die eskatalogie nou uh ek leer dit nie elke dag vir my mense nie, maar dit het my op 'n plek en tyd gebring waar ek nie net aanvaar wat selfs die Teologiese Kollege my leer nie maar dit is op so manier aangebied dat dit kontradiksioneel was met alles wat ek nog altyd geglo het en dit het nie my geloof sowat verander nie of my manier waarop ek dit verstaan verander nie, dit het my gemaak en gesê gaan en moet nie net aanvaar wat mense vir jou sê nie. Gaan dink daaroor, gaan lees en gaan kyk wat sê die Bybel daaroor, kry 'n goeie grondslag vir wat jy glo”.

“Ek dink dit is belangrik, ek dink nie 'n mens kan die bediening ingaan sonder om uh die dogma van die kerk te verstaan nie, die goeie houvas oor 'n breë raamwerk te hê nie, dit is belangrik”.

“I respect um what the College offers and in certain ways I value it, um long term in input in my life um I think doctrinally, we uh are well prepared doctrinally”.

“Uhm maar ek dink, soos wat jy Army toe gaan moet jy basies doen. Jy doen basiese opleiding oor Dogmatiek, Teologie, al die goeters. Jou fondasie moet gevorm word. Jy moet deur 'n vuurloop wees met hierdie goeters. Jy moet anders dink oor die Bybel en als verstaan”.

2.3.1.3 Dissipline

Die teologiese fondasie wat die opleiding by die ATS verskaf het, het ook 'n positiewe bydrae gemaak ten opsigte van algemene dissipline. Die belang van selfdissipline in die bediening kan nie genoeg beklemtoon word nie:

“Wat my ... die belangrikste ding wat ek geleer het op Teologiese Kollege - ek was vier jaar lank hier gewees - is dissipline. Nie teologie nie, uh nie hoe om die wêreld te verstaan nie maar dissipline en dis hoekom dit vir my belangrik was om hier te wees. Ek kan nie my pad sien enigsens anderse paadjie om hier te begin het ag om in die bediening te kom as sonder daai vier jaar nie. Die vier jaar het my geleer om op te staan en klas toe te gaan, by die huis te kom, te gaan voorberei, te gaan sit wanneer jy graag wil uitgaan en te sê ek moet gedissiplineerd sit en ek moet sit en voorberei vir take of wat ookal. Uhm dis die vier jaar waar ek glo dat ek persoonlik op die rak gesit het soos die pottebakker en die klei uh gewerk het en ek dink dit was redelik gevorm maar daar was ek op die rak gewees, daar het nie veel in my lewe gebeur wat bediening aanbetref nie. Nou dit was vir my 'n tydperk wat ek altyd bo uitstek sê uh dit het my dissipline geleer. Ek is baie sterk van mening 'n persoon sonder redelike mate van dissipline mag nie eers in die bediening ingaan nie. Uh ek dink dissipline is die primêre ding wat my regtig help fokus elke dag”.

“Grieks en Hebreeus, die grootste grootste grootste uhm ding wat ek daar geleer het uh was weer eens sekerlik dissipline”.

2.3.1.4 Vriendskapverhoudings

Die laaste positiewe bydra wat die opleiding by die ATS aan die respondente verskaf het, was die daarstelling van vriendskapverhoudings:

“En ek dink regtig dat uhm as ek nou moet letterlik terugdink en dink wat het ek gevat wat positief wat het my wat wat ek geleer het by die Kollege uhm wat ek vandag toepas en kan gebruik moet ek eerlik sê uhm een van die mees belangrikste dinge wat dit is kontakte uh vriende en weet kontakte met ander ouens ... die mense om my het my die meeste beïnvloed”.

“Um, verhoudingsbou soos ek gesê het dit was my baie goed, uh, ek het dit al geleer met my mede-studente vandag nog soos ons stellig gesê het het ek baie goeie kontak met hulle, um dit was vir my goed gewees omdat ek as ‘n ouer persoon uit die werkswêreld moes beweeg het en in die kerkwêreld moes inbeweeg het sou dit vir my baie moeilik gewees het om kontak te maak met die pastore as ek nie op Kollege was nie as ek nie ‘n vriendebasis gehad het wat as ek op ‘n plek kom kan sê haai hallo hoe gaan dit. Ek dink nie ek dink dit is waar ITI² studente ‘n tekort het. Hulle ken net die mense wat in hulle gemeente is en die oomblik wat hulle blootgestel word in die wye kerkwêreld dan jy kan hulle sien hulle is alleenmense want hulle ken nie die wye kerkwêreld nie maar ons wat daar was het ‘n vriendskapbasis opgebou wat wat ons mekaar nog kontak met mekaar praat jy het dadelik iemand as jy konferensies toe gaan jy weet ek gaan amper ‘n reunie het, ek gaan my mense sien daar. So dit was vir my baie goed gewees”.

2.3.2 Tema 2: Die fokus van die opleiding van pastore is hoofsaaklik kognitief en nie praktykgerig nie

Ten spyte van hierdie positiewe belewenis van die teologiese fondasie wat deur die opleiding aan die ATS gelê is, is die respondente oor die algemeen die mening toegedaan dat die opleiding te teoreties van aard is. Daar word te veel klem geplaas op kognitiewe vermoëns en daar word te min van praktiese, roepingsvoorbereidende opleiding gemaak. Die respondente het die volgende kommentaar hieroor gelewer:

“Uhm ek sal maar eerste praat vanuit my ervaring ten opsigte van uhm die klem wat ek voel daar geweldig is op akademiese prestasie eerder as beroeps of soos ons dit nou beskou roepingsvoorbereiding. Uhm daarmee bedoel ek dat ek dink daar’s geweldig klem as gevolg van die verbondenheid aan die Universiteit en sekere regulasies waaraan voldoen moet word en waar juis meer aan akademiese uh vereistes voldoen word eerder as ontwikkeling van die beroep en voorbereiding uh om seker te maak wanneer die student dan klaar is met sy opleiding dat hy reg is vir sy bediening vorentoe. Uhm die roepingsvoorbereiding sien ek dan ook verder as ‘n

²ITI verwys na die International Theological Institute wat by die ATS ingeskakel het as die afstandstudie-afdeling van die ATS

geleentheid wat studente het om hulleself voor te berei vir die bediening wat hulle nog terwyl hulle nog studeer. Met ander woorde dis 'n tipe van 'n broeikas vir die bediening vorentoe. So dit kan nie verwyderd wees van die bediening self en die praktyk nie. Dit dit moet defnitief gekoppel wees”.

Hierdie respondent se ervaring was ook dat die klem op kognitiewe voorbereiding tot gevolg het dat daar nie aandag geskenk word aan die praktiese realiteite van die voltydse bediening nie:

“Ek dink ook op Kollege kan daar meer openlik gesels word rondom die realiteite van die bediening. Ek dink baie studente kom in met met 'n ideale gedagte waaroor die bediening gaan - een of ander utopia van dis die volmaakte beroep, ek gaan nou vir die Here werk en hulle besef nie regtig wat die implikasies is in terme van geld, die eise, die verhoudingsdinamika van die bediening nie. Uhm ek het baie min ... ek wonder of dit ooit is gesprekke gehoor of gehoor dat enige van die dosente rondom hierdie aspekte praat. Uh die realiteite van die bediening, wat wat behels die bediening uh waar sal die studente dit anders hoor?”

Die respondent is van mening dat die ATS ten opsigte van die praktiese sy van die opleiding met gemeentes moet hande vat. Dit is met ander woorde belangrik dat die teoretiese kennis van die teologiese opleiding in die praktyk verdiskonteer moet word:

“... dalk meer klem moet lê op die uitwerk van praktiese opdragte in gemeentes wat op een of ander manier gementor of geëvalueer kan word uhm sodat dit eg is en nie bloot net generies van aard nie. Uhm die skryf van toetse en eksamens is wel belangrik vir Universiteitsregulasies maar ek wonder soms hoeveel van daai kennis kan uh regtig in die praktyk toegepas word tensy dit op 'n manier voorgehou word of op 'n manier in die praktyk wel getoets word en daarom dink ek uh mens mens moet dalk dink aan aan praktiese opdragte in gemeentes om dinge na te gaan vors of dinge uit te voer wat wel gementor of geëvalueer kan word”.

Een van die ander respondente het hierdie gedagte ook onderskryf:

“... mens kan nie opleiding net in die praktyk los nie want dan is daar nie ‘n gesentraliseerde standaard vir opleiding vir alle pastore in die kerk nie, so die opleiding moet wel gesentraliseer word, maar die gevaar wat daar bestaan is dat ‘n mens verwyderd word van die praktyk en dat veral die mense wat betrokke is by die Kollege self so ver weg van die gemeentes is wat ek sou beskou as cutting edge gemeentes dat die twee amper twee verskillende wêreldes word uhm op ‘n manier moet ons voortdurend die praktyk kan terugbring Kollege toe om te sê dis wat daar buite gebeur en dis die realiteite van die gemeente uhm en dit vir die studente voorhou”.

Hierdie respondent meen dat hierdie inspraak van gemeentes ten opsigte van die praktiese sy van die opleiding veral ook te make het met groter aanwending van pastore wat in die praktyk staan, as deel van die doserende personeel, veral ten opsigte van die praktiese fasette van die bediening. Die gevoel is dat pastore wat in die praktyk in gemeentes staan groter geloofwaardigheid by die studente het ten opsigte van die praktyk van die bediening:

“Uhm ek dink een van die dinge wat redelik goed gebruik word op die oomblik en wat myns insiens baie meer gebruik moet word is die gebruik van dosente wat net deelyds kom klas aanbied by die Kollege wat hulle eie gemeentes het wat suksesvol is op een of ander manier, nie net moontlik in die makro-gemeente model nie, maar ook in ander aspekte van van die bediening uhm om terug te kom Kollege toe en te sê dis wat daar buite gebeur en dis die wat dis die realiteit dis die praktyk. Uhm ek dink dit gee vir die studente die gevoel van hierdie ou weet waarvan hy praat want hy’s besig met die praktyk hy staan in die praktyk. Nie dat die studente dalk voel die dosente wat daar is weet nie waaroor dit gaan nie maar ek dink daar’s tog ‘n gevoel van hulle is verwyderd van die praktyk omdat hulle nie altyd in hulle eie gemeentes staan nie, so die geloofwaardigheid en die credibility wat daar geheg word aan aan die uh hoe sal ‘n mens sê lering of praktiese deurgegee word van daai dosente af dink ek het nie soveel geloofwaardigheid soos ‘n dosent wat wel self in die praktyk staan nie”.

Die opleiding behoort te fokus op die opleiding van leiers, en nie net kognitief van aard wees nie. Uiteindelik gaan dit nie om 'n afwatering van akademiese standaarde nie, maar 'n proses waar akademiese voortreflikheid en praktykgerigte opleiding met mekaar trou om die mees effektiese produk te lewer. Een van die respondente het sy belewenis hieroor soos volg beskryf:

“ek dink dis baie nodig om te konsentreer op die voorbereiding van hierdie leier op sy beroep of sy roeping eerder as sekere akademiese werk wat ter wille van die koppeling aan die Universiteit en aan 'n graad wat moet gedoen word ter wille van sekere regulasies wat aan voldoen moet word. Iewers moet hierdie twee bymekaar uitkom uhm ons wil tog pastore in die bediening instuur wat goed opgelei is en wat wel grade het en wat wel vorentoe hulleself verder kan bekwaam in teologie of wat ookal uhm maar tog is daar studente wat nooit daai behoefte sal hê nie so hulle moet self ook voel dat dit wat hulle gekry het in 3 of 4 jaar was nie alles nie maar dit was vir hulle voldoende genoeg om hulle te kan deursien vir die eerste paar jaar van hulle bediening. So ek dink 'n mens moet dalk net gaan kyk hoe gaan 'n mens die praktyk by die akademie uitbring die twee met mekaar versoen en nog steeds voldoen aan sekere vereistes”.

UNIVERSITY
OF

'n Ander respondent het soos volg hierby aangesluit:

“Ek ek het ondervind dat die Kollege se benadering uhm was dalk 'n bietjie eng as ek nou terugkyk. Uh ek dink daar's 'n groter vraag na 'n groter blootstelling na verskillende bedieningverwagtinge waar wat regtig gaan oor gemeente en nie net soseer oor teologie nie en daar's baie gemaak van teologiese aspek en en verstaan jou Bybel en groei en wees geestelik 'n harde werker. Ek dink daarvan is redelik gemaak maar ek het gevoel oor gemeente, as 'n ou kom by hoe om 'n gemeente te laat werk, hoe om bediening in 'n gemeente te ontwikkel, daar het ek gevoel maar uhm ek het bietjie te kort geskiet”.

“So um die hele praktiese aspek saam te vat dink ek kon ons kon ons meer 'n tipe van 'n mentorsverhouding gehad het tussen ons en die dosente waar hulle ons prakties meer dalk gevat het en gesê het luister kom ek leer jou prakties praktiese goeters ... die idee is om prakties 'n pastoor te kan wees in in die gemeente en

mense se behoeftes te kan aanspreek en daar te kan wees vir daai mense want as ek dink 90% van die tyd wat ek in die gemeente spandeer het was was goed soos siek mense en mense wat probleme het niemand het ooit vir my teologiese vrae gevra oor hoor hier waar staan dit in die Bybel of weet um wie was die Griekse gode of sulke goeters nie dis nie wat hulle jou vra nie ... so ek ek sou wou sê dat die Kollege regtig daaraan kan dink om meer meer praktiese opleiding te gee”.

Hierdie praktykgerigte opleiding beteken dat die ATS deeglik bewus moet wees van dit wat vandag besig is om in die wêreld te gebeur sodat die opleiding so relevant as moontlik kan wees om die dringende eise van die dag te kan ontmoet. Een van die ander respondente se belewenis van hierdie faset is soos volg verwoord:

“Ek dink as dit kom by die prakiese sy moet die Kollege moet hulle hul oor op die grond hê ... ek dink meer klem moet gelê word oor wat gaan in die wêreld nou aan hoe kan ek as ek 'n pastoor is relevant preek relevant wees vir my gemeente hoe kan ek my gemeente op lig dat hulle 'n verskil kan maak hoe kan ek ek moet mense gaan bestuur ek moet en om hulle te kan bestuur mense gaan jou nie respekteer as jy niks weet wat in die wêreld aangaan nie daai teologiese kennis is vir hulle eintlik weet dit raak hulle nie heeltemal nie hulle wil weet weet jy wat gaan aan in die wêreld kan jy vir ons 'n boodskap bring wat ons gaan help om 'n verskil te maak om om um te kan survive in hierdie wêreld ... ouens worstel met vigs ouens worstel met egskeidings ouens worstel met met vreeslike dinge en nou preek jy oor oor goed wat wat eintlik nie vir hulle relevant is nie so wat ek wil sê is ek dink die Kollege sal hulle oor moet op die grond hou en hulle kursus so verander dat dit ons die ouens waar daar deur gaan kan regtig voorberei vir die wêreld dat die mense vir wie jy gaan preek wat in die wêreld leef moet besef daai ouens is in die wêreld en hulle het met al hierdie issues te doen en dit is belangrik is om hulle te help om met daai issues te leef”.

Praktykgerigte, relevante opleiding sal groter selfvertroue by bedieningskandidate kweek dat hulle in staat is om die eise van die bediening die hoof te kan bied:

“So um ja ek dink as die Kollege bietjie meer aan daai kant sal sal ons pastore meer gerus in die bediening ingaan en sê luister ek is ek is reg vir die ding um en dit dit

ordentlik doen ek dink baie ouens val uit omdat hulle onseker is oor dinge of hulle doen dinge verkeerd en hulle voel ek het op 'n stadium gevoel luister ek is nie ek is nie 'n pastoor werd nie want hier is soveel goed wat ek nie kan doen nie en um dit vat al jou selfvertroue weg jy voel actually hoot ek dan nie hier nie ek het nie I haven't got what it takes om 'n pastoor te wees nie en ek dink as die Here jou geroep het dan gaan hy jou toerus maar daar's sekere skills wat jy moet aanleer en um die feit dat ek daai skills nie ken nie dis nie omdat ek dit nie kan doen nie en ek het begin dink ek kan dit nie doen nie maar met die tyd het ek geleer maar ek kan dit doen maar ek moes net vroeër geleer het iemand moes my net vroeër geleer het om hierdie goed te doen dan sou dit vir my baie hartseer gespaar het”.

Nog 'n respondent is van mening dat die teoretiese opleiding nie die noodsaaklike gereedskap vir die praktyk van die bediening in die hande van die pastoor plaas nie:

“Ek dink nie die uhm kursusse self uhm buiten dat dit onderliggende dinge vasmaak uhm uh uh ek meen byvoorbeeld Kerkgeskiedenis of uhm agtergrondvakke soos daai het nie 'n groot verskil in my lewe gemaak nie . Dogmatiek en daai dinge dink ek ook het het het basiese goeters vasgemaak wat jy klaar geglo het maar uhm buiten die onderliggende bietjie stabiliteit en so aan uhm het dit nie vir my prakties vir my gesê wat en hoe ek goeters moet doen in die bediening nie ... en ek sou graag meer van dit in my in my opleiding wou gehad het”.

'n Ander respondent het die probleem van teoretiese opleiding teenoor praktiese opleiding soos volg aangespreek. Hierdie respondent is selfs van mening dat die ATS heeltmaal oorbodig kan word indien daar nie op praktykgerigte opleiding gefokus word nie:

“Um I think doctrinally, we uh are well prepared doctrinally. Um but considering adult education the ability to lead, the ability to um manage, the ability to have personal as well as corporate management, team building, finances, fund raising, um church development, visioning, goal setting, all the management in the issue functions, um people skills the whole thing that the church goes about I think is radically neglected and ... I feel that the College needs to adjust and radically adjust before obsoleting

itself, um I I I personally feel the College is in a state of becoming a fossil out product”.

Die praktiese impak van die teologiese opleiding is in hierdie respondent se belewenis van weinig waarde. Die rede daarvoor is omdat die ATS nie die behoefte van die student aanspreek nie. Hierdie behoefte is spesifiek gerig op toerusting vir die praktyk van die bediening, en nie soseer op kognitiewe waarheid nie:

“Um, ja considering relevance um with a College in mind I believe that there is a actually a minimum impact and on a scale of economy um the College is producing what a society does not respect or doesn't value ... Society ... value needs. Will this fulfill my need um is my need adequately am I as a person valued am I as a person reached so concerning um the College and the opinion that we have better accreditation than any other College that doesn't sell. We have highly academically qualified lecturers people don't care the society today doesn't care they want they want to know are you able to solve their problems are you able to meet their needs. That I think as students the the need the student comes with is I have a need ah not to to be be right I have a need not to be um higher equipped than another person I have a need to be able to be the best person I possibly can be and the best leader I possibly can be to influence people”.

Vir hierdie respondent het die problem veral te make met die behoefte van leiers wat ander leiers moet oplei:

“I think that's um I personally feel that if we are going to be training leaders we need to have leaders training leaders and um not academics training leaders if you want to train academics that's great um I think there are other institutions that train academics and that should be perhaps a postgraduate career option a choice whether you want to follow academic paths so my my idea is that the impact that the College has is trivial in comparison to what it needs to have”.

“Uh what I'm saying um is that the College is producing academics. It favors academics it favors results based in terms of um a person who's more esteemed or less esteemed according to their academic prowess um not by (onduidelik), but that

is is the truth. What happens is people goes out into society um with an idea I am more or less equipped according to the marks I have received in class”.

Hierdie respondent pleit vir ‘n meer holistiese benadering in die opleiding van pastore vir die bediening, aangesien dit die behoeftes van die samelewing sal aanspreek. Opleiding wat slegs kognitief gefokus is, is nie relevant ten opsigte van die behoeftes van die samelewing nie :

“... people do not value the functionality of the College and what it's able to produce ... The world is looking for a person who embraces holism and holistic solutions inside of a micro culture. So as people gather around a leader they're looking for a leader who's able meet their needs, understand them um integratedly solve their needs. A Pastor has a need to be able to minister financial solutions, um emotional solutions um as well as doctrinal and biblical solutions and we find that the College is equipping people to just say thus says doctrine and um that is the problem. So there is an embracing of doctrine above all else, which is not necessarily wrong but all else ease the flow out of that. The all else is not what the pastor is equipped to do however that is an expectation of of a congregation member whether he expresses it or not. He has a need to be integrated into life and for his life to be um result in a concrete manner”.

“The level of human existence that our society is in at the moment are more advanced and more complicated and more complex than what the College allows for and um we as a College I believe that the College is producing people who are unable to be positive influences of society because they embrace a system that is long outdated”.

‘n Laaste respondent se kommentaar vat die belewenis ten opsigte van die gebrek aan praktykgerigte opleiding soos volg saam:

“Ek dink die Kollege kan daardie gaping oorbrug deur miskien net meer praktykgerigte goed te begin doen en hierdie outjies in die praktyk te begin blootstel soos hulle van die begin af nie net teorie en teoloë word nie maar dat hulle pastor en herder ook word saam met hulle teologiese grondslag”.

2.3.3 Tema 3: Die ontdekking en ontwikkeling van selfpotensiaal

'n Volgende tema wat identifiseer kan word is die belewenis van die respondente dat hulle selfpotensiaal nie ontdek en ontwikkel is nie. Die respondente het die mening uitgespreek dat die ATS 'n verantwoordelikheid het om studente te help om hulle unieke gawes en bedieninge te ontdek en hierdie potensiaal in elke student te ontwikkel, sodat hulle meer effektief toegerus kan word om hulle bediening te kan uitleef. Hierdie gedagte is soos volg verwoord:

“Uhm dan het ek nog 'n ding wat ek dink tekort gekom het. Daar is nie 'n dag in my vier jaar waar ek gevoel het die Teologiese Kollege wil my potensiaal ontwikkel nie”.

“Miskien moet ek sê die Kollege kon meer gemaak het van die ontwikkeling van persoonlike bedieninge en persoonlike gawes. Gift based – gawe-gebaseerde onderrig en ek weet nie hoe dit moontlik is in 'n seminarium nie, want dit gaan dalk die spektrum te wyd maak maar om om mense te help ontdek maar is ek gemaak vir 'n gemeente? Wat is my, wat is my gawes? Om mense vroeër te help om hierdie goed te ontdek en dit dan uhm na te jaag. Ek dink dit is die tekort wat ek ervaar het in terme van die Kollege opleiding”.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Een van die respondente het die mening uitgespreek dat hierdie ontdekking van selfpotensiaal reeds vroeg in die opleidingsproses aangespreek moet word by wyse van persoonlikheids- en bedieningstoetse wat afgelê moet word:

“Maar dan dink ek moet daar êrens 'n plek kom vroeg in jou opleiding waar jy waar hulle saam met jou sit en jy persoonlikheidstoetse ondergaan, waar jy bedieningstoetse ondergaan, gawe toetse ondergaan, en dan waar jy in 'n drukkoker geplaas word en begin dink wat dink jy is jou bediening vir die toekoms en dan kan spesialiseer in jou veld”.

Die ontdekking van selfpotensiaal moet ook gepaard gaan met 'n egte belangstelling in die studente, nie net in sy of haar akademiese prestasie nie. Daar is 'n definitiewe behoefte dat daar “community” moet plaasvind tussen die dosente en studente:

“Uhm ek dink van die dosente se kant af kan daar ook meer klem gelê word op die mens eerder as ‘n taak wat afgehandel moet word. Egte belangstelling, uh weg van lesing, luister metode wat wat dit net bloot gaan oor ‘n lesing wat aangebied moet word dink ek die klem kan eerder uh lê op op begeleiding eerder as een of ander klas wat aangebied moet word. Uhm ek voel dat daar’s tog ‘n mate van die menslike element wat verlore gaan natuurlik dis moeilik om met ‘n klas van 30 of 20 werklike verhoudinge uh aan te kweek om uit te vind wie die persoon regtig is maar dis vir my asof daar ‘n geweldige klem was op die afhandeling van ‘n lesing of die afhandeling van ‘n taak van ‘n sekere kurrikulum sodat die eksamen afgelê kan word. Uhm ek het baie min gesien dat dosente regtig belangstel in in die studente - om om te sê wat is jou bediening, waarin sien jy jouself vorentoe, uhm ek weet nie hoe suksesvol dit sal altyd wees nie maar ek dink ‘n egte verhouding sal tog vir studente baie beteken ... om te sê jy’s nie net besig nou met ‘n klomp studies wat jou voorberei nie, ek stel belang in jou as mens ook want jy gaan saam met my in die koninkryk werk. So dit is vir my belangrik’.

Die behoefte na die ontdekking en ontwikkeling van selfpotensiaal spruit verder voort uit die realiteit dat effektiwiteit in die pastoraat verhoog word wanneer daar gefokus word op elke individu se eie unieke gawes en bedieningspotensiaal:

“... persoonlike gawes ... daar is daar is nie iets soos ‘n “Jackof-all-trades” nie. As ‘n ou met ‘n haelgeweer skiet dan van ver af skiet jy eintlik niks raak nie. Dis die gevoel wat ek gekry het. Uhm die ontwikkeling van gawes, ek dink mens sal ‘n baie meer effektiewe produk uit die Kollege uit kon stuur, as ‘n mens op hierdie drie goed dan meer klem gelê het, op leierskapsontwikkeling, ontwikkeling van bedieninge en die ontwikkeling van gawes ... Dit kan nie net ‘n onderafdelingtjie wees waaraan terloops aandag gegee word of as jy dan sou besluit om verder te studeer in leierskap om daaraan blootgestel te word nie. Ek dink dis ‘n dis ‘n geval van uh dit wat jy het moet ten beste ontwikkel word”.

Die ontdekking en ontwikkeling van gawes en bedieninge gaan ook gepaard met die ontdekking van eie identiteit. Dit beteken verder dat jou lewe en bediening fokus en rigting kry:

“n Ander ding is ook 'n student kom daar in en hy weet nie wie hy regtig is nie hy het nog nie regtig sy identiteit nie ek weet ek het daar ingestap en ek het gevoel maar weet ek weet ek sien nog nie eers wie ek is nie ek weet nie waarnatoe ek oppad is nie mense het my gevra wat is my bediening ek het nie regtig geweet nie ek sou wou daar instap en bietjie identiteit um kry om uit te vind jy weet um is ek meer um wat is my passies byvoorbeeld wat is my persoonlikheid is ek 'n sterk leier nie alle pastore of studente word regtig eventueel pastore nie want nie almal is leiers nie party ouens is meer ondersteuners en ek sien myself as 'n ondersteuner om uit te vind is ek regtig 'n jeugpastoor of het ek 'n jeugbediening of het ek 'n herdelike bediening maar nou kom die ouens daar in hulle ons ons word opgelei en ons gaan uit en ons is almal jeugpastore want ons is jonk want omdat jy jonk is word jy jeugpastoor as jy dit nie maak as jeugpastoor nie dan is dit nou maar jammer dan het jy dit nie gemaak nie ... ek dink dat die Kollege regtig 'n plig het om om daai studente help om te ontdek wat is sy bediening wie hy is wat is sy eienskappe wat is sy passie wat is sy gawes watter gawes werk regtig hom wat is sy doel in die bediening kom hy maar net almal kan nie maar net straight forward pastore wees nie elke ou het verskillende bediening verskillende doel en dan um dan kan hulle die basiese teologiese beginsels in ons lewe lê en dan het die Kollege geweet of hulle relevant is”.

2.3.4 Tema 4: Interpersoonlike vaardighede ontbreek

Die respondente se belewenis van hulle opleiding het ook 'n gebrek ten opsigte van interpersoonlike vaardighede uitgewys. Dit het veral te make met die familie – en gesinslewe. Opleiding ten opsigte van die huweliks - en gesinslewe is uiters belangrik, veral in die lig van die stygende egskeidingsyfer onder pastore. Die eise wat die bediening stel aan die pastoor en sy gesin is baie hoog. Dit is dus uiters noodsaaklik dat daar voorkomend te werk gegaan moet word sodat die pastoor en sy gesin hierdie eise die hoof kan bied.

“n Belangrike ding wat ek glo ek het nie geleer nie, is hoe om na myself en my familie te kyk. Baie mense sê en ek wil dit nie 'n cliché noem nie maar uhm 90% van die pastore se kinders waarna 'n mens kyk uh hulle gesin is partykeer in groter moeilikheid as die gemeente s'n. Ek ervaar dat uhm pastore 'n 110% gee vir die bediening, partykeer op 'n dom manier probeer ek hard werk want hulle dink

partykeer hard werk sal hulle êrens bring, dit is nie altyd hard werk nie maar dis meer slim werk. Maar uh 'n mens moet hard werk. Nou dan sien ek dat hierdie ouens werk te - as ek na my eie lewe kyk, ek is op 'n plek waar ek partykeer net moet sê nee en dis vir my moeilik om nee te sê, dis vir my moeilik om nee te sê want ek voel dan onsuksesvol. Kom ons kyk na 'n pastoor. Soos wat ons werk, werk jy in die oggend op kantoor. Ons het kantoortye, dan het ons 'n lunchtyd, en dan gaan ons deur tot vyfuur. Dan, begin jou aandprogram. 90% van my tye het ek 6 aande 'n week iets wat in die aand gebeur ...Ek het 'n vrou, ek is getroud, ek het 'n huis gekoop waarvan ek nie weet nie want dit voel of ek huur nog, ek is net nou en dan daar, ek kry nie kans om my kar te was nie, ek kry nie kans om die reperasies aan die huis te doen nie, want wanneer ek dit doen voel ek skuldig. Toe ek in Amerika kom, ek het uh Willow Creek besoek en ek het Saddleback besoek. Toe ek daar kom het ek reg oor daai twee gemeentes gesien hulle prioriteite is so: eerste God, en hulle verhouding met God, tweede prioriteit, hulle gesin en hulle verhouding met hulle gesin, en dan hulle bediening en dit maak vir my verskriklik sin want ek moet 'n voorbeeld in my gemeente wees van 'n Godsmen. God het my geroep om 'n man vir my vrou te wees, God het my geroep om gesond te lewe, en hoe kan ek as ongesond, swak verhoudinge, relevante boodskappe te bring van die kansel af en sê: dis hoe jy moet leef. Uhm dis vir my belangrik, dinge wat ek nooit geleer het nie ”.

JOHANNESBURG

“iets anders wat my ook opgeval het is die aspek van die persoonlike gesins of familielewe van die leier. Uhm as ons kyk na ons egskeidingsyfer binne die bediening die afgelope paar jaar is dit baie baie kommerwekkend. Ek dink dinge die dinge wat in plek is om dit te kan hanteer is myns insiens meer die hantering van die probleem as die voorkoming daarvan. Dit help nie om huwelike in die bediening te probeer red as dit feitlik al te laat is nie. Ek dink dit begin al by die Kollege by die studente wat by die Kollege is. Die keuringsproses na studie is volgens my ook bloot net generies. Ek weet nie van een student wat op die ou end afgekeur is as gevolg van die feit dat sy vrou of aanstaande vrou nie geweet het waarvoor sy in is nie. Daar is dit al te laat. Ek dink ons moet ek dink as ons 'n paar pastore of pastoorsvrouens kon kry wat deur egskeidings was en en om hulle storie te vertel op Kollege wat die oorsake was van die egskeiding sal party jong studente baie geskok wees. Dis nie 'n gewone beroep waar mens vyfuur huis toe gaan en die deur agter jou toetrek nie en baie studente en jong pastoorsvrouens besef dit nie. So dis ek

dink 'n aspek rondom gesinslewe en persoonlike lewe wat wat definitief aangeraak moet word uhm in my tyd op Kollege wonder ek of dit ooit aangeraak is nie in een van ons klasse nie. Daar's nie 'n enkele dag wat ek kan onthou wat daar oor 'n gesprek was wat ons oor sulke dinge gesels het nie ... So ek dink nie dit is onrelevant om vir studente wat nog gladnie van plan is om te trou of wat nog gladnie getroud is nie te begin gesels rondom hierdie aspekte van die bediening nie. Intendeel ek dink ons kan vandag nie meer anders as as om juis daai aspekte ook aan te raak nie”.

“Ek dink daar is 'n paar dinge wat rondom hierdie aangeraak kan word is byvoorbeeld die eise wat die bediening op die huwelik, die gesin, die breë familie, die kinders sal los. Hoe beskerm ek my familie teen die eise van die bediening. Hoe hanteer ek gemeentelede wanneer daar druk is druk is tussen my eie persoonlike gesinslewe en die bediening wat soveel meer van my vra. So hierdie dinge wat ek nou genoem het is vir my meer persoonlike aspekte wat wat geweldig baie baie belangrik is uhm dis dis soos ek reeds gesê het asof daar meer gefokus word op hoe gaan ek dit daar maak as ek in die bediening is skills wat aangeleer moet word om beter te kan doen met die mense in die gemeente hoe om effektief te wees as pastoor maar dit voorveronderstel sekere dinge wat persoonlik moet gebeur in die pastoor se lewe waarvan ek nou 'n paar genoem het wat nie maar net vanself gaan kom nie. Ek dink dit moet aangeraak word. In my ervaring op Kollege is dit nie aangeraak nie”.

“Uhm iets anders is dalk uh wat ek reeds aangeraak het is die hele dinamika van familie en gesinslewe. Uhm ek het nog baie min daarmee te doen gehad uhm ek dink dis 'n geweldige leemte so uhm ek het self nog nie baie daarvoor gelees of gaan opsoek daarvoor nie, maar ek dink daar is ook opleiding daarvoor nodig”.

2.3.5 Tema 5: Persoonlike leierskap

Uit die onderhoude het dit ook na vore gekom dat daar 'n groot behoefte bestaan dat persoonlike leierskap, wat insluit tydsbestuur en karakterontwikkeling of spiritualiteit, in die teologiese opleiding aangespreek moet word. Persoonlike leierskap is van die

grootste belang, aangesien 'n leier nie ander kan lei indien hy nie homself kan lei nie.

Een van die respondente het soos volg hieroor kommentaar gelever:

“Iets anders wat ek dink ook baie belangrik is terwyl ek gestudeer het nie baie aangeraak is nie is die aspek van persoonlike leierskap - in my studie van gemeentes reg oor die wêreld dink ek dit is seker een van die belangrikste maar tog een van die mees verwaarloosde onderwerpe wat nie aangeraak word nie. Hoekom ek dit sien as 'n belangrike onderwerp is omrede 'n leier tog nie ander kan lei as hy nie weet om hom self te lei nie ... As die leier of pastoor dan faal in homself wat is hy in elk geval werd vir sy gemeente? ... So persoonlike leierskap is definitief iets wat ek dink baie meer op gefokus kan word. In my ervaring is daar baie min klem gelê op op die persoonlike leierskap van die pastoor”.

Hierdie respondent het gesê dat hy as gevolg van die belang daarvan self later in die bediening hieroor navorsing moes gaan doen het. Dit is 'n definitiewe tekort in die opleiding aan die ATS.

“Uhm ek moes werklik gaan kyk hoe moet ek myself ontwikkel as leier omdat ek soos ek reeds gesê het dit myns insiens een van die belangrikste aspekte van die bediening is. Ek kan nie ander lei, wat op die einde die grootste taak van 'n pastoor is, om ander mense te lei, as ek nie self myself kan lei nie. Uhm daai ontwikkeling van my eie leierskap moes ek self gaan doen, ek moes gaan gaan soek na inligting na na boeke uhm rondom self leierskap rondom persoonlike leierskap om te kyk hoe kan ek myself ontwikkel in die bediening, ek moes gaan kyk het na gemeentes wat ek sou sien as moontlike modelle of moontlike rolmodelle vir my gemeente om te sien goed hoe funksioneer daai leiers nie om hulle bloot net te copy en te doen wat hulle doen nie maar te sien wat is die eise van hulle bediening vir hulle gemeente aan hulleself sodat ek myself kan begin voorberei vir die eise wat die bediening vir my vorentoe sal hê. So persoonlike leierskap dink ek is ook 'n geweldige rol wat ek het wat ek 'n leemte het om opleiding voor te ontvang het”.

'n Ander respondent was van mening dat persoonlike leierskap uiters noodsaaklik is, aangesien die pastoor ook 'n voorbeeld aan sy lidmate moet stel ten opsigte van lewenswyse:

“... jy moet jousef kan bestuur jy moet persoonlik leierskap kan neem van jou eie lewe sodat jy 'n voorbeeld kan kan stel as pastoor dat mense kan sien luister dis dis hoe dit gedoen word want jy's in elke faset is jy 'n voorbeeld mense in party gemeentes sien hulle jou as hierdie guru jy's nou die pastoor en jy's eintlik al volmaak so jy moet absoluut die voorbeeld stel en en dit persoonlike leierskap persoonlike bestuur al daai goed is goed wat wat jy moet weet wat jy moet kan toepas en dis dis die goed wat eintlik belangrik is baie belangrik”.

2.3.5.1 Tydsbestuur

Een van die fasette van persoonlike leierskap wat beklemtoon is, is tydsbestuur. Een van die respondente het sy ervaring in die bediening ten opsigte hiervan soos volg beskryf:

“Wat voel ek het gebeur toe ek die eerste dag in die bediening ingestap het? Toe ek die eerste dag in die bediening instap ... ek dink dit was 'n Dinsdagoggend toe maak ek my oë oop en toe sê ek vir myself, wat nou? Ek weet dat God is soewerein, ek weet dat God het my lief en God het hierdie dorp lief. Ek weet God wil hierdie mense red. Ek weet op een of ander manier moet ek jeugkerk begin, maar wat doen ek vandag? Waar begin ek vandag? Ek sit die eerste dag daar en nou wonder ek: Moet ek iemand bel of moet iemand my bel? Sit ek en ek wag tot iemand 'n probleem het? Moet ek met die skool gaan praat en sê hallo hier's ek? Of moet ek wag tot hulle sê hallo hier's ons? Uh waar begin ek? ... Nou sit ek by die gemeente, uhm ek weet wat my droom is, ek weet wat in my hart is, maar hoe gaan ek dit regkry? En die eerste paar weke, ek het nie 'n kantoor nie, jy sit by jou huis. Ek het nie 'n kantoor gehad nie, die kerkkantoor word vanuit die pastorie bestuur so ek sit in 'n woonstelletjie sit ek en Maandae, ok wat gaan ek op Maandae doen? Wat gaan ek op Dinsdae doen, wat gaan ek op Woensdae doen (lag), en so dit het ek redelik kortgekom van prakties waar moet ek begin. Wat is die eerste ding wanneer jy nuut in die bediening inkom en ek dink dit is soveel mense se probleem uh hy's uit die Teologiese Kollege

uit in 'n gemeente - wat doen ek nou? The ABC of how to start your new church or ministry or whatever (lag)'.
n Ander respondent se belewenis hiervan was dieselfde:

"Uhm 'n ander ding is tydsbestuur dit het regtig gemis in die Kollege. 'n Pastoor het nie daai ure van ek werk nou van agt tot vyf soos 'n gewone werker nie en dit was vir my regtig 'n stress faktor in die bediening want ek het nooit regtig hulle het my nooit geleer om my tyd te bestuur in die Kollege nie hoe hoe moet ek pastoor waar moet jy die grens en die lyne trek van luister broer nou kan ek nie kom nie dis nou bietjie jy weet ek het nou bietjie tyd nodig vir myself mens weet daar is krisisse maar mense misbruik daai krisisse en jy moet leer om tydsbestuur toe te pas in jou lewe dit is jou lewe jy moet daar is sekere dinge wat jy moet doen as pastoor wat wat van jou verwag word en um dinge het sekere tydsbestek so ek dink dit dit was vir my ook 'n groot leemte wat ek graag wou gehad het die Kollege vir my moes leer".

Nog 'n respondent het wel met hierdie faset van sy persoonlike leierskap tydens nagraadse studies te doen gekry, maar hy is van mening dat dit 'n essensiële bousteen van basiese opleiding moet wees. Elke student, nie net hulle wat nagraads studeer nie, moet hierin toegerus wees. Tydsbestuur beïnvloed uiteindelik die effektiwiteit van die pastoor se totale bediening.

"Ja, uhm, ek het nadat ek my Honneurs klaar gedoen het, het ek ingeskryf vir 'n meestersgraad en al daai goed het ek daar geleer en toe ek daar uitstap, uhm nadat ek dit gedoen het toe dink ek by myself maar hierdie goed moes ek eintlik al in my eerste vier jaar geleer het want dis die dis vir my die boustene dit was vir my, dis vir my deel van die fondasie van van pastoor wees dit het vir my soveel probleme opgelos ek voel net ek verstaan sekere goed moet op M-vlak wees maar ek dink dit moet dalk op 'n kleiner skaal reeds ingewerk word in daai eerste vier jaar. Want 'n pastoor se tydsbestuur dink ek is ongelooflik belangrik uhm baie ouens se stresfaktor lê daar hy spin absoluut om alles wat hy moet doen hy kry nie tyd vir dit nie of uhm hy hy laat goeters agterweë bly omdat hy al die goed moet doen wat wat daai urgent important ding en hy besef nie hy sal moet leer om dit wat belangrik is eerste aan aandag te gee en te leer om daai noodsaaklike goed wat opduik te kan

hanteer op 'n ander manier maar nou hardloop jy so tussen die goeters dat jy dat jy nie jy skeep of jou preek af en Sondag het jy hierdie stres want jou preek is nie reg nie al daai goed is vir my belangrik want jou hele lewe elke dag is 'n is 'n tydsbestuur ding dis nie net 'n aspek van jou lewe nie dit bepaal jou hele dag en daarom is dit vir my verskriklik belangrik”.

2.3.5.2 Karakterontwikkeling/spiritualiteit

Uit die onderhoude het dit ook na vore gekom dat daar 'n behoefte bestaan dat daar aandag gegee moet word aan die ontwikkeling van die karakter en persoonlike spiritualiteit van die studente. Alhoewel elke mens 'n eie verantwoordelikheid het ten opsigte van sy of haar geestelike verhouding met God, behoort die opleiding ruimte te maak dat studente begelei word om hulle persoonlike spiritualiteit te ontwikkel. Gebrek aan gesonde karakter kan 'n deurslaggewende faktor wees ten opsigte van sukses en vooruitgang in die pastoraat. Een van die respondente het homself soos volg hieroor uitgedruk:



“Een van dit is byvoorbeeld karakterontwikkeling uhm in my waarnemings van studente wat dit nie maak in die bediening nie is dit baie keer as gevolg van sekere karaktergebreke. Ons kan nie maar aanvaar dat die studente persoonlik ontwikkel op hulle eie nie. Hulle is meeste van die tyd jonk en het hulp nodig om hulleself ook te ontwikkel as pastore of as leiers vir die toekoms. Dinge soos geestelike dissiplines moet op 'n nuwe en vars manier aangebied word om te verseker dat die studente wat ander se lewens wil verander self ook verander. Uhm ek dink dit is baie belangrik dat hierdie faset op een of ander manier gefasiliteer word om seker te maak dat dat hierdie studente self ook karakter en sekere eienskappe in hulle lewe ontwikkel uhm sodat hulle in die bediening kan ingaan as heel mense. Uhm as daar net op akademiese prestasie gekonsentreer word wonder ek of of mens kan aanvaar dat hierdie persoonlike karakterontwikkeling vanself sal gebeur. Myns insiens sal dit nie vanself gebeur nie dit moet op een of ander manier uhm in 'n mate dalk net aangehelp word. Geen mens kan 'n ander mens help om te verander nie maar dit kan aangehelp word”.

2.3.6 Tema 6: Behoefte aan mentorskap

'n Tema wat aansluit by bogenoemde, is die behoefte aan mentorskap. Mentorskap speel 'n rol in 'n hele aantal fasette van die opleidingsproses. Die behoefte aan karakter - en persoonlike spiritualiteitsontwikkeling kan onder andere by wyse van mentorskap aangespreek word. Mentorskap kan ook 'n rol speel ten opsigte van die praktiese sy van die opleiding:

“So om die hele praktiese aspek saam te vat dink ek kon ons kon ons meer 'n tipe van 'n mentorsverhouding gehad het tussen ons en die dosente waar hulle ons prakties meer dalk gevat het en gesê het luister kom ek leer jou prakties praktiese goeters”.

Hierdie behoefte aan mentorskap gaan ook saam met die feit dat die dosente bepaalde ondervinding en lewenservaring het wat met die studente gedeel kan word sodat hulle ook daardeur gevorm kan word:

“Ek sien dit om dat al die dosente die dosente het baie om baie ondervinding dink ek ek het baie opgekyk na al my dosente en ek het hulle baie baie gerespekteer en ek is baie lief vir hulle ek het 'n pad met hulle gestap en maar ek het net gevoel hulle kan meer vir myself gee ek het gevoel om ek het gevoel hulle gee vir my hierdie boeke kennis maar ek wil weet wat hulle geleer het wat is hulle ondervinding en baie van hulle was al in gemeentes hulle het hospitaalbesoek gedoen hulle het siekebesoek gedoen of om huisbesoek en daai goed en ek ek sou wou gehad het dat hulle meer van hulle van dit wat hulle ervaar het met ons kon deel en en soos 'n pa sy kind leer soos Jesus sy dissipels het ek meen Hy het net twaalf ouens gehad en Hy het hulle gementor hulle was Hy was in 'n mentorverhouding met hulle gewees”.

Soos reeds hierbo genoem, kan mentorskap 'n groot rol speel ten opsigte van die ontwikkeling van karakter en persoonlike spiritualiteit. Dit is belangrik dat die studente iemand het teenoor wie hy of sy verantwoordelik kan wees vir sy of haar geestelike groei en ontwikkeling. Een respondent se kommentaar hieroor bevestig hierdie gedagte:

“Ja as ek praat van uhm mentorskap besef ek uhm dit is een ding wat baie tyd vat want dis iets wat jy uhm op ‘n gereelde basis moet moet doen ... ‘n voorstel wat ek sal maak is dat dosente miskien 5 studente kry en en in die vier jaar meer tyd in daai studente se lewens met hulle tyd spandeer en hoor hoe gaan dit regtig met hulle uhm en en en hulle accountable hou vir goed dit help nie jy as student sê nou jy het hierdie wonderlike geestelike lewe maar meantime is dit nie so nie jy kan maklik jok oor oor jou geestelike lewe as jy in ‘n mentorsverhouding met iemand staan dan is dit veronderstel om ‘n verhouding te wees waar daar vertroue is en as jy nie met ‘n dosent ‘n pad stap as ‘n student nie jy gaan nie teenoor enigiemand oopmaak ek sê nie dit moet ‘n beradingsituasie wees nie maar ek dink net jy moet aan iemand accountable wees dat jy kan daai dosent die reg gee om vir jou talle vrae te vra om vir jou te sê luister groei jy geestelik hoe’s jou verhouding met die Here uhm hoe’s jou studies sit jy die tyd in wat jy moet uhm jou verhoudingslewe met jou meisie of jou ou ek meen die duiwel los nie studente ek meen hy val ook studente aan daai goed is tawwe goeters waarmee studente worstel ... maar as jy in ‘n verhouding is met ‘n mentor dan uhm raak dit jy jy jy kan prakties en daai mentor kan ook vir jou sê luister ek het ook met hierdie issues geworstel dis menslik en dit gee vir jou meer daai gerustheid luister ek is nog ‘n mens al word ek ‘n pastoor ek is nie ‘n engeltjie nie en ander mense worstel ook met hierdie goed wat pastore is en ek sal dit wou sien in my dosente ek wil hê ek sou wou gehad het dat hulle vir my sê luister toe ek ‘n student was het ek ook deur hierdie goed geworstel dis nie berading nie dis meer van ‘n pa wat ‘n kind leer en dis hoe Jesus sy dissipels ook geleer het Hy het by hulle gesit en Hy’t Hy’t Hy’t persoonlik tyd en aandag aan hulle gegee”.

‘n Mentorverhouding wat reeds tydens die studente se studentejare gevorm is, kan ook voortgesit word wanneer die studente die pastoraat betree:

“Ek dink dit gaan die studente regtig baie help as as jy jou stempel jy as dosent en jou ondervinding op daai student kan afdruk en jy van hom soort van ‘n dissipel maak en uhm ek dink later in daai student se lewe as hy ‘n pastoor is en hy voel joeg ek het iemand nodig om mee te praat gaan hy na jou toe kom want hy het ‘n verhouding met jou opgebou ... ek dink baie van die ouens worstel nou in die bediening hulle het niemand om mee te praat nie ... maar nou kan jy teruggaan na

jou mentor toe en sê hoor hier ek het 'n probleem en miskien kan dit werk miskien werk dit nie maar ek dink vir 'n vir 'n student kan dit baie beteken”.

Een van die respondente is selfs van mening dat mentorskap een van die belangrikste redes is hoekom studente Teologiese Seminariums bywoon. Hierdie respondent meen dat mentorskap 'n stappie verder geneem moet word sodat dit eerder 'n kwessie van geestelike vaderskap word:

“They'd rather read theory in a book but people come to a College as a point of learning for mentorship and for um even above mentorship I find a need that is greater than mentorship and that's fatherhood ... The need for fatherhood bearing is phenomenal there is a incredible need of the students to be rather than mentored but fathered in a long term relationship ... I I want to say that I find the College impractical but that's not to that's not the grievance. The grievance would be here's no fatherhood, there is an academic relationship between the student and the lecturer where the student has the desire to know how to negotiate life and how to make a success of a ministry and he needs a place where he can confess his sins, speak about his frustrations and um find love and acceptance um as a soldier in the army and not as a subject”.



2.3.7 Tema 7: Gemeentebestuur en –bediening

Uit die onderhoude was dit baie duidelik dat die respondente die grootste tekortkominge in die opleiding wat hulle aan die ATS ondergaan het, beleef het in die veld van Gemeentebestuur en –bediening. Hieronder is daar 'n groot aantal subtemas wat onderskei kan word.

2.3.7.1 Leierskap

Die eerste subtema wat geïdentifiseer kan word, lê in die veld van leierskap. Een van die respondente het soos volg oor die belang van leierskap kommentaar gelewer:

“uhm ek dink ek dink uh om die hele konsep van van pastoorskap uh ‘n ou loop uit en jy het nie ‘n clue waarom dit eintlik gaan nie as jy uit die Teologiese Kollege uit is nie uhm dit dit mens het ‘n beeld van jy’s ‘n pastoor van ‘n gemeente en jy gaan doen huisbesoek en jy uh jy preek en jy’t al die tipe van goeters maar dis dis gladnie rêrig weet dis net dis die kleinste faset deur die week is jy besig om leiers te equip en met leiers te werk dit dit is vir my dalk die grootste deel hoe om met jou kerkraad te werk hoe om uhm hulle te beïnvloed uhm ek dink ‘n serious ding wat hulle kan bysit in die Kollege is leierskap as ‘n vak ek weet nie of hulle dit nou al het nie maar uhm ek meen dit is seker die grootste ding wat jy doen uhm wat jy nodig seker die grootste tool wat jy nodig het hoe om hoe om mense te influence, hoe om ‘n goeie leier te wees”.

‘n Ander respondent se belewenis bevestig die absolute belang van leierskapsopleiding. Hierdie respondent het eers in die pastoraat self onderrig in leierskap ontvang by die presiderende pastoor van sy gemeente. Hy is van mening dat dit deel van die basiese opleiding vir die pastoraat behoort te wees:

“Ja dit staan in die kern van wat ek in die bediening ervaar, dit dit alles draai om leierskap, alles as ek uhm ek werk met ‘n musiekgroep en elke faset van dit as dit as daar skuiwe moet kom in filosofie, skuiwe moet kom in in rigting uhm klein goedjies dan maak dit uhm weet dan’s dit altyd moeilik leiers kom altyd na jou toe daar’s altyd probleme en hierdie goeters dis leierskap uhm uh hoe om uh hoe om draaie en swaaie in jou bediening te te weet te maak uhm met die minste weet hoe om dit reg te hanteer daai tipe van goeters weet daai goed word nie vir jou geleer nie en dis goeters wat jy wat ek gelukkig was om te kan leer uh in die omgewing waar ek is is baie leierskap gefokus so ek is gelukkig om background te hê ondersteuning by dit maar dis gladnie goeters wat ek gekry het uit die Teologiese Kollege uit nie dis vir my incredibly belangrik ek het gladnie gladnie ondersteuning of opleiding gekry en dis half een van die grootste een van die grootste dele van my bediening is leierskap uhm en ek voel gladnie ek is equip daar daarmee nie”.

‘n Derde respondent se belewenis is dat hy baie meer uitdagings hanteer wat met leierskap te make het, as met uitdagings waar hy sy teologiese kennis nodig het:

“Ek moet daagliks meer vrae en uitdagings beantwoord van leierskap as oor kerkleer of teologie. Ek kan daagliks met kom ons sê tien leierskapsuitdagings, tien leierskapsuitdagings, waar ek regtig teologiese kwessies sal hê een per maand as dit soveel is”.

Hieruit blyk dit dat die balans van die opleiding versteur is. Dit waarmee hierdie respondent die meeste te doen kry in die pastoraat, is een van die fasette waarin hy die minste toegerus is. Dieselfde respondent het ook verwys na sy eie senior pastoor se ervaring van leierskapsopleiding wat hy die eerste keer gedoen het nadat hy reeds baie jare in die voltydse pastoraat gestaan het. Die effek van hierdie opleiding was merkwaardig:

“...as ek kyk na my presiderende pastoor, uh wat fenomenaal doen op die oomblik. Nou hy's vir my 'n leier in alle opsigte maar weet jy wat hy's nou op die ouderdom van 49 waar hy nou eers die goed leer wat hy moet weet. Hy's nou op die ouderdom van 49 waar hy sekere dinge oor die kerk besef, waar hy sekere leierskaps - uh leierskapsdiploma gaan loop het by Johan Geysler, toe hy daarmee klaar is, dit was op die ouderdom van 46 gaan loop hy daai ding. Toe hy daarmee klaar is toe kom hy terug toe sê hy hoekom het ek nooit die goed geleer nie? En hy't begin en in 'n kwessie van twee en 'n half jaar ervaar ons 280%, 300% groei in ons gemeente. Hy het nie nou meer toegewyd geleef nou nie, hy het nie meer begin bedien nou nie, hy't net goeters gesnap, hy't net goeters geleer en dit het hom empower om die werk te doen wat hy nou moet doen. En dis die goeters wat ek kortkom by die Teologiese Kollege”.

Die respondent spreek dus die mening uit dat hierdie leierskapsopleiding reeds deel van die basiese teologiese opleiding behoort te wees.

Leierskapsopleiding is noodsaaklik in die lig daarvan dat die pastoor met ander leiers werk, en ook toegerus moet wees om self ander leiers op te lei.

“En dan ook die vermoë om om in ander leiers te belê. Want 'n ou kom in 'n gemeente, jy werk met ouens wat in leierskapsposisies staan en die en die feit van die saak is dat dat hierdie ouens word nie meer beïndruk deur 'n teologiese graad

nie. Dis nie meer vir hulle uh uh (onduidelik) onder die blad as jy vir hom as jy deur die Teologiese Kollege kom nie, hy wil regtig weet maar wat kan jy in my lewe belê ... die ouens wil weet as jy wil leierskap as jy met leierskap werk moet jy sekere leierskapskills hê. Dis die een ding wat ek ervaar het ten opsigte van leierskap. Hoe om jou eie leierskap te ontwikkel te besef wat is jou eie leierskapvermoë en hoe om leierskap te identifiseer en met ander leiers te werk en om ander ouens te help om hulle leierskap reg te kanaliseer. Uhm dit gaan vir my om 'n meer moderne benadering in terme van gemeente uhm gemeentebou, gemeentebepanning”.

Nog 'n respondent het die gebrek aan leierskapsopleiding beklemtoon. Hierdie respondent meen dat die opleiding daarop gerig is om akademici op te lei en nie leiers nie:

“Um I don't believe they equip leaders, I think I think they could equip academics but not not leaders at all ... um I find the need for pastors is for leadership training. Leadership is influence and if the influence that you received is academic that's the influence you're going to minister as academic”.

Hieruit kan baie duidelik afgelei word dat daar 'n groot behoefte bestaan dat daar 'n sterker fokus op leierskapsopleiding moet wees. Die behoefte vir die pastoraat is vir beter toegeruste leiers, en nie soseer beter toegeruste akademici nie. Dit beteken wel nie dat die een die ander uitskakel nie, maar wel dat die balans versteurd is.

2.3.7.2 Personeelbestuur en spanbou

'n Tweede subtema wat sterk verband hou met leierskap, is personeelbestuur en spanbou. Die respondente het die mening uitgespreek dat hulle nie toegerus is om dit te kan doen nie.

“Personeelbestuur. Ek was 'n jeugpastoor. Daar's net normaalweg aangeneem dat jeugpastore nie personeel het nie. Hulle is aan uh 'the end of the food chain' ... Uhm die groot ding is ek sit met personeel. Ek het 'n sekretaresse, uh dan het ek voltyds 'n jeugpastoor onder my en dan het ek 'n voltydse musikant onder my en ek glo dit sal later nog uitbrei want daar kom nog plekke te kort. Hoe om daai goed effektief te

bestuur, ek weet niks van die arbeidswet nie. Weet jy ewe skielik kom ek agter jy kan nie net vir iemand sê hoor hier ou vriend jy perform nie, ons kan nie meer saam met jou werk dan kom jy agter jy gaan nie meer perform as jy dit doen nie. Dan kom jy agter maar hoor hier hier is 'n verskriklike arbeidswet, daai ou het sekere regte. Ek weet nie hoe om 'n kontrak met daai ou op te stel nie. Hoe om te sê okay dit is jou werkskontrak. Ek weet nie altyd hoe om effektief te sit en my personeel effektief te bestuur nie. Ek probeer na die beste van my vermoë maar ek weet nie altyd hoe om dit te doen nie”.

Vir hierdie respondent gaan dit dus ook om kennis van die wetlike aspekte, spesifiek die arbeidswetgewing, wat hy nodig het om met groter effektiwiteit in die pastoraat te kan funksioneer.

'n Ander respondent het hom sterk uitgespreek dat die bestuur van 'n gemeente basies dieselfde is as korporatiewe bestuur en dat hy gladnie toegerus was om hierdie eise die hoof te kan bied nie. Hy is van mening dat een van die redes vir hierdie gebrek in die opleiding toegeskryf kan word aan die feit dat dit akademiëci is wat vir die opleiding verantwoordelik is, en dat hierdie akademiëci nie oor die nodige ervaring van bestuur beskik om studente effektief daarin te begelei nie:

“Corporate management of a of a Congregation is is very very similar to Corporate management of a business. It would be nice to spiritualize everything but it's not always spiritual um so their doctrine helps you actually squat and there's very little that actually helps you that the College can actually give you as a tool concerning corporate management, and how to do it, and this is possibly because many of the lecturers there don't have hands on experience in corporate management and they're not able to tell the students what they need um because they are academics they their whole career has been a academic career mostly and not one of being able to lead a church and personal management as well um is necessary”.

Dieselfde respondent se ervaring is ook dat pastore nie in staat is om spanne te bou en effektief te laat funksioneer nie, aangesien hulle nie die nodige opleiding daarvoor ontvang het nie:

“Um I also find there's a great need for team building and the pastors out there don't know how to simulate or accommodate or even find potentially people in order to plug them into a team. They don't know how to get Church boards to work together, they don't know they don't know how to do team building. They got no clue about team building exercises they have no tools um to measure parameters in peoples lives, they have no tools to measure measure gifting, they have no tools to measure measure anointing, they have no tools to measure fruits”.

2.3.7.3 Visionering

‘n Derde subtema wat ook nou aansluit by leierskap, is die hele kwessie van visionering; hoe om ‘n visie vir jou gemeente te kry, dit aan jou leierskap te verkoop, en dit tot sy konklusie deur te voer. Een van die respondente het die volgende hieroor gesê:

“Jou visie ek meen jy kom in ‘n gemeente en jy en jy uhm sit met al hierdie krisisse en goed maar jy's nêrens heen oppad nie want jy jy't nie daai skill aangeleer om te besluit luister waarn'toe gaan ek met hierdie gemeente hier's my visie hier's ons visie hier is ons uhm filosofie, ons bedieningsfilosofie en dit wat hierby inpas dit gaan ons doen en klaar nou laat jy jou dikteer deur allerhande goed omdat jy nie in die Kollege geleer het om bestuur uit te oefen nie, jy's bestuurder van ‘n gemeente jy moet sterk as leier moet jy sterk staan en en jy gaan baie teenkating kry maar dis skills wat jy moet aanleer sodat jy dit kan doen daai teoretiese kennis gaan jou nie leer om ‘n bestuurder van ‘n gemeente te wees nie. Daarom dink ek dit is ook belangrik so visievorming, bestuur tydsbestuur, daai goed is goed wat wat daagliks as pasbor dis goed wat jy daagliks mee te doen het”.

‘n Ander respondent se ervaring is soortgelyk:

“... ek dink omdat jy 'n pastoor van ‘n gemeente is of ja omdat jy pastoor van die gemeente is het jy nodig om bietjie oor visionering daai goeters 'n pastoor moet tog ... wat presiderende pastoor is hulle moet bietjie meer oor die visie en die bestuur veral gemeentebestuur ek het agtergekome om dis absoluut daar moet 'n duidelike bestuurstelsel wees wat nie nie regtig in die Kollege vir my geleer is nie”.

Uit hierdie kommentaar kan afgelei word hoe nou verweef hierdie drie subtemas, naamlik leierskap, bestuur en visionering, aan mekaar is. Dit maak uiteindelik deel van een pakket uit.

2.3.7.4 Bemarking en befondsing

'n Vierde subtema wat onder gemeentebestuur en –bediening ingedeel word, is bemarking en befondsing. Weer eens is dit duidelik dat dit sake is wat in die teologiese opleiding aangespreek behoort te word. Die deelnemers het hulleself soos volg oor die belang hiervan uitgespreek:

“Uhm daarso is 'n klomp dinge, kom ons begin ... bemarking. Uh 'n ding wat ek geleer het nadat ek by die Teologiese Kollege uit is, is 'n kerk wat nie bemark nie, is soos 'n kêrel wat sy meisie oogknik in die donker. Hy is verskriklik opgewonde oor wat hy doen (lag), maar sy het geen idee daarvan nie”.

Oor befondsing het dieselfde kandidaat die volgende gesê:

“Ek staan met uitdagings van befondsing. Daagliks staar ek uitdagings van befondsing in die oog. Weer eens my interpretasie van die Nuwe Testament of van die Ou Testament uhm word nie vir my so drukkend gegee dat jy moet dit nou weet jy moet dit nou weet nie. Wat ek eerder sal wil weet en ek het dit nou, wat ek eerder sal wil weet is hoe befonds ek suksesvol. Johan Geyser het gelukkig weer eens die genade van God my laaste jaar het hy weer eens uh 'n semester kom aanbied oor befondsing. Hy het leierskap en befondsing hanteer. Ek praat van dit is een semester in my vier jaar teologiese opleiding. Een semester in vier jaar teologiese opleiding. En daai een semester is die ding wat ek die meeste te doen kry elke dag van my bediening. Dis die ding wat ek elke dag in die oë moet staar en terughardloop na boeke toe, boeke kry, boeke oopmaak, dit deurlees, so vinnig as moontlik moet ek die goeters onder die knie kry en dan keuses maak”.

Hierdie opmerking bevestig 'n saak wat reeds genoem is – balans. 'n Gedeelte van een semesterkursus is sekerlik nie genoeg om 'n saak te hanteer wat in hierdie

respondent se ervaring een van die dinge is waarmee hy die meeste in die bediening te make het nie.

'n Ander respondent se ervaring bevestig hierdie saak:

"Things like fundraising is possibly one of the three highest prerogatives of any the church is how do we gather funds to finance our visions and if that's a priority in the church then surely that needs to be a prio priority in the education for people to be able to lead a church. I think fundraising to possibly the greatest lack in education of the College".

2.3.7.5 Prediking en kommunikasievaardighede

Uit die onderhoude het ook duidelik geblyk dat die pastore ervaar het dat daar bepaalde gebreke in die opleiding bestaan ten opsigte van prediking en kommunikasievaardighede. Die probleem het spesifiek daarmee te make dat daar nie genoegsame aandag gegee is aan die ontwikkeling van prediking nie. Die respondente meen dat hulle te min geleentheid gehad het om te kan preek, en ook dat daar nie genoegsame terugvoering was om hulle te help om hulle prediking te verbeter nie. Hulle het die probleem soos volg verwoord:

"Uhm obviously preke ek ek persoonlik is nou nie 'n vreeslike gawe van preek nie maar ek voel dat die opleiding wat ek gekry het uh uhm weet dit het regtig my nie gehelp nie".

"Uhm 'n mens kan nie deur een of twee preke op Kollege regtig evalueer om te sê uhm hier's die foute en en en daar's die dinge waarvoor jy moet uitkyk in ju prediking nie, dis iets wat oor en oor en oor in die praktyk getoets moet word. So ek moes oor en oor teruggaan en vir mense vra om my terugvoer te gee op my lering wat ek gedoen het om myself op die ou end te kan verbeter".

"Een ding wat ek regtig wil uitlig is die preek ek meen as jy 'n pastoor as jy leer om 'n pastoor te word en jy kom in die bediening en jy moet tenminste elke tweede Sondag preek en jy het een Kollegepreek gedoen wat jy self uitgewerk het um jy het daar

voor gestaan en jy het gepreek jy het of deurgekom of jy het gedruip en nou moet jy gaan preek ek meen jy kan nie op een preek wat jy self uitgewerk het niemand het na die tyd gekom en gesê hoor hier verander dit so of kom ek gee vir jou 'n bietjie leiding om die preek ordentlik uit te werk nie dit was vir my een groot groot um leemte in die Kollege en ek voel as pastoor is dit die groot ding wat jy gaan doen jy gaan preek en jy moet leer om te preek jy kan nie deur een preek leer om te preek nie so ek sou sê dit was vir my 'n baie baie groot leemte”.

'n Derde respondent was van mening dat tegnologie ook ingespan kan word by die evaluasie van prediking:

“Met die preke veral met die preke dit was vir my nag gewees ek voel dit is soos 'n dokter 'n dokter gaan nie net een operasie doen en dan moet hy nou operasies doen as hy nou die een operasie deurgekom het nie jy moet regtig dit vat tyd om daai ding aan te leer want ek dink jy kan miskien 'n video van daai ou neem en laat hulle na hulle self kyk en sien hoe lyk ek as ek daar voor staan en dis baie jammer ek meen ek weet nie eers ek het seker elke tweede Sondag gepreek en party ouens mans wat 'n gemeente vat moet elke Sondag preek ek meen dit is nag dis absoluut nag gewees maar party ouens as jy die bediening van prediking het gaan nou seker meer daarvan hou maar as ek meer inge oefen was dink en nie dit sou so nag gewees het nie dis regtig daar daar het ek regtig die Kollege se hulp nodig gehad”.

Benewens die feit dat die pastore meen dat hulle te min geleentheid gehad het om te preek, is die volgende respondent ook van mening dat dit problematies is dat daar in die Homiletiek net gefokus word op Evangelisasieprediking:

“Ok well preaching, lets take preaching. I think preaching also um you know it's the College has one sermon that you need to preach in in your your time ok you you got one sermon that you preach. I don't think pastorship of pastorhood rises and falls on preaching I think that's in fact that's um that's over emphasized subject of of partial study. In think that's just so small but I think um the the College requires of a person to preach a gospel message or for the guys being a evangelist. Not everybody is an evangelist. The Scripture clearly teaches us not everybody is an evangelist”.

Nog 'n respondent het haar soos volg uitgespreek oor die relevansie van die opleiding oor prediking:

“'n Ander ding is um die eietydse relevantheid van die van die inhoud soos as ek dink aan byvoorbeeld een van die goed wat ons geleer is in die boekie het daar nog gestaan van 'n swart pak en 'n wit das ek meen dit is lankal nie meer relevant vir vandag nie en veral ek wat 'n vrou is ek dink nie ek sou nie goed gelyk het in 'n swart pak met 'n wit das nie (lag)”.

'n Volgende respondent was ook van mening dat hy nie geleer is om relevant en aktueel te wees in sy prediking nie:

“Wat ek wil sê is ek is nooit geleer om aktueel te preek nie. Uh dis iets wat ek nou die laaste seker die laaste twee-en-'n-half jaar begin leer het uh prakties in die bediening en dit is 'n ding dink ek wat regtig baie kortkom is hoe preek ek aktueel? ... En uh aktuele prediking uh wat ek vandag glo is nooit Christus los nie. Dit mag nie Christus los wees nie. Dit mag nie motivational speech wees nie. Dis 'n preek waar 'n ou goeters aangespreek word oor sy daaglikse lewe oor sy wandel elke dag uh oor sy terrein en omgewing. As dit 'n besigheidsman is oor die besigheidswêreld, waar ookal hy is, maar jy moet Christus na sy wêreld toe vat. Jy moet nie hom bring na jou kerktal en jou kerk cliches, goeters wat hy nie verstaan nie ... Bring dit na sy wêreld toe, vat Christus na hom toe. En uh dit is iets wat ek regtig geleer het en my baie help, maar ek het dit in die bediening geleer, die Teologiese Kollege, voel ek, het dit my nie geleer nie”.

'n Saak wat ten nouste verbonde is aan prediking, is kommunikasievaardighede. Weer eens is dit duidelik dat die teologiese opleiding nie daarin geslaag het om effektiewe kommunikasievaardighede aan die pastore te leer nie, en dat hulle dit eers later in die bediening op ander wyses moes opskerp:

“Uhm vir myself uhm dink ek een van die dinge wat ek moes ontwikkel is my vermoë om te kommunikeer. Uhm die Kollege het in in Liturgie en Homiletiek uhm kursusse beskikbaar wat ons leer om om te kan preek en so meer. Soos ek reeds gesê het ek ek sien dit as baie algemeen uhm omdat 'n mens moet geweldig baie

dek in die tyd wat studente daar is. As mens gaan en werklik gaan oplees gaan navorsing doen oor wat is effektiewe kommunikasie uh ek glo ek het 'n lerende bediening so ek moes gaan kyk het na ander persone oor wat dieselfde tipe van lerende bedieninge het gaan kyk wat het hulle gedoen wat het hulle gelees hoe preek hulle hoe leer hulle uhm so in myself moes ek my my teaching gawe of my teaching gift baie meer ontwikkel as wat ek dit ooit op Kollege kon doen”.

Vir 'n volgende respondent het dit spesifiek te doen gehad met dinge soos hoe om jou stem te gebruik, hoe om oogkontak met jou gehoor op te bou, hoe om verskillende soorte mikrofone te hanteer, en hoe om jou styl aan te pas na gelang van die tipe van preek waarmee jy besig is:

“... dan voel ek met prediking byvoorbeeld ook jou jou aflewering van jou preek. Ons word nie regtig kommunikasievaardighede geleer nie. Ons het maar een preekbeurt in die Kollege en wat almal dan geregtig is om vir jou te sê jy het te hard gepraat of jy het te sag gepraat of jy het agter jou kansel weggekruip, maar ek voel net byvoorbeeld die studente moet iets, soos um, hulle noem dit presentation skills in die besigheidswêreld. Daar moet iets soos presentation skills wees. Jy moet vir 'n student kan leer hoe hy sy stem moet dra want wat gebeur die dag as die mike nie werk nie. Die student moet leer om met verskillende mikrofone te werk. Want hier stap jy in 'n gemeente in wat 'n handmike het en die volgende gemeente het 'n kopmike en die volgende gemeente het hierdie mike en jy het nie 'n cooking clue nie. Ons vrouens dra bloese en dan stap jy in 'n gemeente in wat vir jou 'n handmike gee wat nie werk nie, wat maak jy as die mike net ophou werk, um, begin jy bewe of lag jy daaroor of sit jy hom neer, wat dis simpel goedjies waar as jy op die kansel gaan staan en jy ken nie hierdie goed nie en hierdie goed is nie êrens vir jou gesê nie dan staan jy voor 'n gemeente wat vir jou sit en kyk en jy ken nie hierdie basiese goed soos ek moet nou in eerste rat en dan in tweede rat ingaan nie en dis wat ek voel met prediking ook, gee die studente 'n geleentheid dat daar iemand inkom wat 'n wat 'n 'n 'n presentation skills aanbieder is, al is dit 'n wêreldse ou, dit maak nie saak nie. Hy moet hom leer om oogkontak met sy gehoor te hê, hy moet hom leer beweeg links of beweeg regs hy moet hom hom leer as hy as hy in 'n teaching mode is hoe vra ek vrae vir my mense, hoe kry ek die antwoorde wat ek wil hê, um, ek is nie net

'n teacher net een wat inligting moet deurgee nie, ek moet 'n vraag-en-antwoord situasie skep hier, en as hulle dit nie geleer word nie dan weet hulle dit nie”.

Dieselfde respondent is van mening dat lyftaal in die kansel dikwels die hardste praat, en dat die pastore nie effektief hierin voorberei is nie:

“... maar ongelukkig is dit so dat die gemeente 80% van die tyd kyk hoe jy dit doen in plaas daarvan dat hulle luister wat jy sê. Hulle kyk gaan hierdie jong pastootjie cope, klim hy agter die kansel uit, um, drink hy baie water, is hy senuweeagtig, wat van as daar steuring op die klank is, hoe het hy dit hanteer, um, ja hierdie outjie kan dit doen. Dit is so ons doen dit ons kyk of cope hulle. Um, jy hoor so die eerste drie vier keer nie die woorde wat daai outjie praat nie. Jy kyk na hom, jy kyk na hom en dan begin dit insink want jy weet self 80% is wat ek waarneem, dis wat ek onthou 20% is wat ek hoor en ons studente leer nie dit dat die die liggaamstaal van jou daar voor op die kansel partykeer harder spreek as wat jou woord spreek nie. Ek dink die teenoorgestelde word partykeer geleer. Hulle word nie kanseltaal en kanselafronding geleer nie”.

2.3.7.6 Mobilisasie van lidmate

Die respondente het ook die mening uitgespreek dat hulle nie effektief toegerus is om lidmate te mobiliseer in bediening nie. Die gevolg hiervan is dat baie pastore vandag in die pastoraat probeer om al die werk van die bediening alleen te doen, iets wat eenvoudig nie moontlik is nie, en ook teenstrydig is met God se plan vir die Kerk om as 'n liggaam te funksioneer.

“Goeters wat ek nie geleer het nie wat verskriklik belangrik vir my is, is hoe om, kom ek sê wat ek nie effektief geleer het nie, as hulle hulle het dit tien teen een geleer in my tydperk, maar dit is nooit effektief, ek is nie ge-”empower” met dit nie, hoe om 'n gewone lidmaat te vat en hom in 'n bediening te plaas. Ek het besef dat God se manier om die kerk te dryf is deur die liggaam van Christus. Waar ek gekom het in die kerk probeer die meeste pastore die goeters self doen. Nie omdat hulle wil hulle dink dit word van hulle verwag, hulle dink hulle moet dit doen, hulle dink hulle moet

huisbesoek doen, hulle dink hulle moet die berading doen, hulle dink hulle moet die leierskap doen, hulle moet die bestuurder wees van die gemeente, hulle dink hulle moet die befondsing doen, hulle dink hulle moet die voorsitter van die raad wees, hulle dink hulle moet die jeug hanteer, en hulle dink al hierdie goeters, maar as ek kom en ek kyk na die suksesvolle gemeentes in die wereld, dan sien ek een van die dinge wat hulle suksesvol maak, is hulle mense in bediening”.

Hierdie respondent beskryf ‘n besoek aan Willow Creek Community Church, in Chicago, as die geleentheid waar hy hierdie beginsel werklik leer verstaan het:

“Uhm ek was ‘n rukkie terug in Amerika gewees by Willow Creek gemeente uhm, as ek sien ... as ek vir jou moet sê as jy vir my moet vra wat is die grootste ding wat jy daar geleer het, is die sorg, die liefde, die motivering om opleiding van hulle vrywillige werkers in die gemeente. Hulle het letterlik duisende vrywillige werkers in die gemeente. Duisende! En dit is wat vir hulle vry maak om visionêr te dink, om vry te word van die daaglikse rompslomp en die goeters wat elke dag op hulle tafel land en net dan kan hulle tyd maak vir toekomstend te dink, nie vir nou te dink en vure nou dood te slaan nie, vir beplanning, vir vooruitdenke, en uh ek dink dit is deel van hulle verskriklike groot sukses, hoe om uh vrywilligers te uh empower, om regtigwaar uh betrokke te raak in bediening”.

‘n Saak wat so belangrik is, moet sekerlik op ‘n baie meer effektiewe wyse aangespreek word as deel van basiese opleiding vir die pastoraat. ‘n Tweede respondent het wel op nagraadse vlak opleiding hierin ontvang, maar is van mening dat elke pastoor, nie net hulle wat nagraads studeer nie, hierin opgelei moet word, aangesien dit ‘n integrale deel van die werk van die pastoor vorm:

“En uh om bedieninge weer eens in die ontwikkeling van verskillende bedieninge in ‘n gemeente ek het nie geweet wat behels dit nie, hoe doen mens dit nie, wat is ek het die voorreg gehad ek het ek het die voorreg gehad om later nou verder te studeer en bietjie blootgestel te word aan hierdie goed wat vir my ‘n voorreg was maar daar’s ‘n klomp ouens wat dit nie het nie en nie gaan nie. Hoe hoe besef hierdie ou dat uh dat sy waar’s sy tekortkominge waar’s sy wat is regtig sy bediening hoe kan hy ander ouens help om hulle bedieninge te ontwikkel en dit gaan vir my

ook om lewensbevrediging en die verskil tussen frustrerende werk. Ons praat hier van jou werk. Dit gaan nie uh ek het partykeer gevoel dit word oorvergeestelik en daar word nie vir jou gesê maar dit gaan jou werk wees nie dis wat jy gaan doen “9 to 5” of wat ookal. Uhm dis wat jy jy het sekere skills nodig om hierdie werk te kan doen en daai skills het ‘n ou partykeer gevoel kry ‘n ou nie ... So weer eens ek wil nie sê ek sidder nie maar ek sou bang gewees het om te sê waar sou ek nou met myself gewees het as ek nie blootstelling gekry het aan aan ‘n M in teologiese leierskap nie”.

Hierdie respondent meen dat die tendens vandag in die AGS dat pastore baie langer in gemeentes bly voordat hulle (indien ooit) ‘n beroep na ‘n ander gemeente aanvaar, ‘n bydraende faktor is in die belang van hierdie toerusting. Dit beteken dat pastore toegerus moet wees om die gemeente te lei en hulle te mobiliseer en hulle die toekoms wat God vir hulle beplan, in te lei.

“Ek dink die eerste probleem is ‘n ou bly nou langer in ‘n gemeente. As dit net gegaan het oor jou werkie as ‘n prediker en as pastoor om die ouens te gaan bedien om hulle pastoraal te versorg en die herderlike herderlike bediening dan en en jy het geweet na 4 jaar is jy het jy jou gemeente bedien en jy is klaar jy gaan nou na ‘n volgende, maar dit werk nie meer so nie, ouens bly nou langtermyn, en en en dit gaan daai ontwikkeling moet plaasvind ... Ek ek voel dat ek het nie al die tools gekry wat ek nodig het nie om langtermyn ek kom ek wil dit so stel: Ek sê ek het nie al die tools gekry wat ek nodig het om langtermyn impak in ‘n gemeente te maak, om ‘n gemeente iewers heen te vat nie”.

2.3.7.7 Missiologiese opdrag aan die Kerk

Een van die ernstige beskuldigings wat teen die ATS gerig word, is die mening van die respondente dat daar geen missiologiese ywer onder die dosente voorkom nie. Dit het tot gevolg dat daar geen fokus meer is om uitvoering aan die Groot Opdrag van Mattheüs 28:29 te gee nie. Een van die respondente het hom baie skerp hieroor uitgespreek:

“lets ander wat my ook oëgeval het is die uitvoer van die groot opdrag. In my ervaring op Kollege het ek nie enige dosent ontmoet wat ek kan sê werklik ‘n hart vir verlore mense en vir ‘n verlore wêreld het nie. My mening is dat as ons ons as Kerk ons primêre bestaansreg verloor het omrede ons fokus op die verlore wêreld heeltemal verloor het. Ons is nie meer besorg oor mense wat daar buite is nie. Ek het nooit gehoor van maniere of metodes of van strategieë wat ons kan ontwikkel om ‘n verskil te maak in ons gemeenskap nie. Die gedagtegang is of was dat ons moet Kerk hou soos ons geleer is om dit te doen en dan sal die Here sorg vir die verlore wêreld dat hulle kan inkom”.

Hierdie respondent meen dat Sending begin in die harte van mense wat moet verander sodat daar ‘n liefde sal wees vir diegene wat God nie ken nie. Hierdie liefde en gesindheid gebeur nie outomaties nie, maar moet aangeleer word. Een van die belangrikste plekke waar dit moet gebeur, is tydens die opleiding, wat baie meer missionêr gerig moet wees.

“Moet ons nie dalk in Sendingwetenskap of Missiologie kyk na ons eie Judea nie? My ervaring was dat ons kyk na die wêreld en na sending in die wêreld maar dat ons vergeet van waar ons is en dat ons ‘n verskil moet maak in ons eie gemeenskap. Hoe ons dit kan regkry - Dis nie net om kerk te hou en te hoop vir die beste en dat die mense maar net vanself gaan inkom nie. Sending begin by elke lidmaat om ‘n hart te kry vir verlore vriende, familie wat verlore is, vir kollegas wat ook verlore is. Uhm weer eens wil ons konsentreer op die produk, die mense in die gemeente, die bekeerlinge as op as eerder op die verandering wat in ons eie harte moet plaasvind. Waar moet dit gebeur eerder as op die Kollege as die student dit nie vooraf gehad het nie? Ons kan nie aanvaar dat as ‘n student tot bekering gekom het dat hy vanself ‘n liefde het vir die verlore wêreld dat hy vanself sal weet dat hoe om mense te kan begelei om self ‘n hart te kry vir daai mense nie. Dit moet iewers gebeur. Uhm iewers moet dit aangesteek word en ek dink die Kollege is seker een van die plekke waar dit kan gebeur”.

Nog ‘n respondent is van mening dat die problem daarin gesetel is dat daar te min gemaak word van die feit dat Missiologie lokaal kan plaasvind, en dat dit nie net daarom gaan dat jy na ‘n ander land moet gaan om Sendingwerk te doen nie:

“... ek dink die fokus op ons uh in die Kollege op sending het vir altyd gevoel ek moet Afrika toe gaan en ons is in Afrika of weet Wes-Berlyn toe gaan om mense te bereik vir die Here dis asof die konsep van local evangelism nie posgevat het nie lat jy reg waar jy is waar jou kerk is eintlik ... vandag is Suid Afrika ‘n sendingveld en ouens kom van oorsee af na ons toe en ons stuur mense weg waar ons is almal eintlik sendelinge dis net hoe jy jou dienste beplan hoe jy uh hoe jy jou hele approach dit dit gaan oor die hele approach of jy ‘n sendeling gaan wees of nie en natuurlik het baie mense meer harte vir dit en daai ouens sal dan nou weer prakties graag meer wil weet van uh die grootste sendingveld is hierso in ons plakkerskampe hier om Johannesburg en as ek ‘n sendingpastoor was dan sou ek gesê het maar jissie wys my weet sê my wat wats die gevare om uh om uh kerk te begin weet in ‘n plakkerskamp”.

‘n Ander respondent meen dat die opleiding in Missiologie so gebrekkig was dat sy eintlik geen idêe het waarom Missiologie werklik gaan nie:

“Ek ek dink vandag se teorie is miskien wat Mssiologie betref het ek nou gehoor hulle doen meer in ons dae het ons feitlik niks gedoen nie, ek het feitlik geen Misiologie grondslag nie. Ek weet nie waarom Misiologie gaan nie. Um, ek ken die teoretiese basis van Misiologie nie”.

‘n Verdere faset van die Missiologiese opdrag aan die Kerk wat in die respondente se ervaring geen aandag gekry het nie, is die hele kwessie van nuwe kerkplantings. Waar die Kerk missionêr betrokke is sal nuwe kerkplantings die noodwendige gevolg wees, maar hulle het nie die gereedskap ontvang in hulle opleiding hoe om te werk te gaan nie. Een respondent, wat in sy bediening ‘n nuwe gemeente geplant het, het hom soos volg uitgespreek:

“Um there's no space for Church planting, there's no equipment for Church planting, nothing nothing at all. Everything that I found out about Church planning I had to go and access myself and I learned by trial and error”.

'n Verdere faset van Missiologie wat verwaarloos is in die opleiding is die feit dat daar nie effektiewe toerusting was ten opsigte van die hedendagse uitdagings wat 'n multi-kulturele benadering aan die pastoor bied nie:

“Iets anders wat my ook opgemerk het is oor die afgelope paar jaar baie gebeur en waarvoor ek dink die Kollege nie uhm in gedagte hou nie is die feit dat die kerk huidiglik baie veranderinge ondergaan het in terme van 'n multikulturele kerk. Die struktuur het verander, daar's meer openheid ten opsigte van ander kulture. Dit opsigself bring redelik baie uitdagings. Hoe moet 'n mens dit hanteer? ... Uhm die hele hantering van 'n multikulturele kerk is baie kompleks. Ek dink op 'n manier moet daar 'n forum of 'n plek wees waar daar gesels kan word”.

2.3.7.8 Jeug- en kinderbediening

Nog 'n faset van die pastoraat waar die opleiding by die ATS in die respondente se ervaring nie voldoende was nie, is jeug- en kinderbediening. Een van die respondente meen dat 'n kursus oor jeugbediening voortdurend sal verander en groei, aangesien die behoeftes van jeugbediening gedurig verander. Hy is egter van mening dat daar wel basiese beginsels is wat vasgelê kan word. Dit is verder belangrik dat hierdie kursus aangebied moet word deur pastore wat spesialiste op hierdie gebied is:

“... daar's geen opleiding aan my gewees van hoe om relevant aan jongmense in die bediening te wees nie. Uhm en dan dink ek nie dit is 'n kursus wat een keer geskryf kan word en dan vir die res van die Teologiese Kollege se lewe daar kan wees nie, ek dink dit is 'n kursus wat baie gereeld hersien moet word, weer na gekyk word, en ek dink hy moet aangebied word deur mense wat prakties in die veld is wat vir jou kan sê wat het gister gebeur en wat gebeur vandag want soos wat die mode verander, uh verander die mense wat jy bedien, maar ek moet sê ter wille daarvan om stabiel te wees, daar is sekere beginsels wat nie tot aan die einde kan bestaan nie, maar jy hoef nie 'n model voor te hou nie, maar jy kan beginsels voorhou. Uhm dit was 'n veld waarin ek niks geleer het nie”.

Een van die respondente het sy ervaring beskryf waar hy in die diep kant ingegooi is en 'n tienerbediening in sy gemeente moes begin, alhoewel hy nie gevoel het dat sy primêre gawes in daardie veld gelê het nie. Sy ervaring is dat sy opleiding hom geensins voorberei het om hierdie faset van gemeentelike bediening te kan hanteer nie. Van die aspekte wat vir hom problematies was, was die volgende: prediking en kommunikasievaardighede, hoe om so 'n bediening te begin, leierskap, hoe om met tieners se ouers te werk, en hoe om die tienerbediening by die visie van die gemeente in te skakel.

“Uhm my eerste of my my my beroep my enigste beroep uh wat ek gekry het was daar van my verwag om 'n tienergroep te lei uhm om uh weet hulle te laat groei om uh weet en ek is daar ingegooi clueless heeltemal ek het ek het uh weet dit dis ook nie my eerste bediening gewees my hoofbediening en so aan nie en uhm waar ek voel my gifts lê en so aan nie maar ek is ingegooi en ek moes 'n groepie vat uhm ek moes vir hulle weet ek kon nie my enigsens die twee preke wat ek of die een preek wat ek voorberei het in die Kollege het my niks gehelp om met tieners te praat nie om op hulle vlak te kommunikeer nie dit het my gladnie geleer uhm weet hoe om 'n bediening te begin hoe om uhm weet hoe in watse rigting om met hulle te gaan hoe kan ek myself verryk in dit intendeel ek was uh weet byvoorbeeld die meeste bedienings waarin ouens in die AGS seker maar begin is is by tienerbediening dis half waar jy begin en weet jy's 'n leek en jy begin met met tieners want jy hulle voel jy weet jy ek weet nie dalk voel hulle jy kan nie groot droogmaak nie maar ek voel dis eintlik die belangrikste plek die ouens moet klaar opgelei wees om om die regte dinge te sê die regte uh invloed in daai ouens se lewens te hê die regte manier die regte uhm manier hoe om met hulle te werk met tieners te werk en hulle is hulle is so broos klompie jy kan so vinnig droogmaak so vinnig hulle verloor en ek dink 'n ou moet uhm 'n paar basiese beginsels gehad het uh weet hoe om hoe om weg te spring hoe om uh mense te laat groei hoe om uh op hulle vlak te kommunikeer weet daai tipe van goeters uhm sou ek sê weet uhm weet daai goeters het gladnie dit weet hoe om my span van leiers saam te stel hoe om leierskapsissues uit te sorteer uhm goeters soos wat mens nooit aan dink jy weet hoe om met ouers te werk uhm want eintlik tienerbediening is eintlik werk jy met die ouers want dit weet dis vir die ouers heel belangrikste so uhm hoe weet hoe hoe hoe maak jy 'n tienerbediening wat tradisioneel is die tieners altyd die rebelle in die Kerk en dit weet werk half teen

wat die Kerk doen. Hoe werk jy mooi saam. Ek was gelukkig, ek het 'n pastoor gehad wat uhm wat ons wat ons ondersteun het, en saam met hom was en besef het hoe belangrik tienerbedienings was maar hoe as as't nou nie so is nie wat ek dink in die meerderheid van kerke is hoe byvoorbeeld integreer hoe bond jy saam met die visie van die gemeente jy weet daai tipe van goeters uh weet in die big picture hoe sien jy die groep deel van die gemeente uhm dit het my gladnie uhm weet dit was gladnie vir my geleer in die Teologiese Kollege nie ... dit sou ek graag wou gedoen het hoe om met tieners te werk en wat weet hoekom werk jy met hulle so nie net weet rêrig wie is die generation daar waarmee jy gaan werk uhm weet en dan met jong jongmense wat werk hoe dat hoe werk hulle koppe en hoe sou mens hulle approach".

'n Ander respondent se belewenis bevestig hierdie gebrek in die opleiding ten opsigte van tienerbediening:

"And they have no idea how to lead teenagers. Usually their first assignment is youth ministry and they have no idea how to entertain or keep teenagers busy um and get them to grow in Christ, there is no integration and in their own eyes there is no integration because that they often wreck these groups or kill a whole generation um because of of their inability to lead. Teenagers are probably the most difficult people on the planet to lead and I think that should be a incredibly specialist job inside of a church and not given to a College student when he comes but that is the College's fault, the College I think needs to equip them to be able to at least negotiate that road".

Hierdie respondent is van mening dat die behoefte daarin lê dat daar opleiding moet wees om tieners op die pad van geestelike groei te kan lei sodat hulle gesonde, goed-geïntegreerde lewens kan lei:

"So I think youth um equip equipment to do youth ministry needs to be looked at thoroughly ... What I think is relevant is how do I keep these guys busy integrated body soul and spirit. How do I as a pastor apply body soul and spirit in my ministry uhm to youth um how do I work out a a youth program. How do I work out a um youth education program. How do I get these guys to grow in Christ to be integrated

in school um to not be hypocrites at school um and to not go out into the world and seek entertainment in other places and come to church and feel this bipolar tension between the pull of the world and the pull of the church, or the requirements of the church on my life and falsely implied as the requirements of God on my life. How do I, how do I as a teenager integrate my life and find fulfillment and meaning and I think this has to do a lot with what we offer the guys. The education for that in the College in my time was nothing”.

Daar bestaan 'n groot behoefte in die pastoraat dat die ATS pastore moet oplei om kinderbediening op 'n effektiewe, relevante wyse te kan hanteer. Omdat dit nie gebeur nie, is daar, in die volgende respondent se ervaring, talle gemeentes wat geen spesifieke kinderbediening het nie:

“Iemand wat daar instap en hy het 'n kinderhart, waar kry hy die blootstelling aan kinderbediening? ... want um ek voel net die tegnologie, ons leef in so 'n tegnologiese um lewe dat ons ons kinderkerk kinders verloor omdat ons nie vir hulle in die klasse aanbied dit wat hulle buite die klasse kry nie, en daardeur sê ek nie ons moet computers en computers games en goed kry nie, ek dink net ons moet in 'n kinderbediening begin inbeweeg en 'n student wat 'n kinderhart het op Kollege moet dit begin leer op Kollege. Ons het kerke reg rondom ons wat nie eens meer Sondagskole het nie, waarom want daai Pastoor weet nie wat om met hierdie kinders te doen nie, ... ek het dit gehoor waar pastore sê maar sorry ek weet nie meer wat om daar te doen nie so ek het nie meer 'n kinderkerk nie, ek het nie meer 'n Sondagskool nie, die kinders sit by die ouers in die Kerk”.

Die oplossing is volgens hierdie respondent dat daar gebruik gemaak moet word van die spesialiste wat daar in die Kerk is om opleiding te gee in jeug- en kinderbediening. Soos reeds genoem, moet hierdie opleiding uiters relevant wees om die hedendaagse behoeftes aan te spreek. Die feit is dat tieners en kinders vandag met baie komplekse situasies gekonfronteer word, en die Kerk moet in staat wees om hulle te begelei om hierdie uitdagings en krisisse die hoof te bied:

“Daar is mense in ons kerk wat weet waaroor die kinderbediening gaan. Daar is mense wat uitstekende tiener- en jeugwerk in hulle gemeentes het, gaan lei die

ouens op ... Daar is nou nog nie 'n tienersillabus in die kerk nie. Ons skryf nou 'n sillabus vir tieneropleiding. Dan wat, jy kan nie vir hulle meer laerskoolopleiding gee nie, hierdie kinders sukkel met goed soos dwelms, hulle sukkel met goed soos voorhuwelikse seks, en nie dat ek sê jy kan nie meer van Moses in die biesiemandjie leer nie, maar waar vat ek die Skrif en ek maak vir hom die Skrif 'n lewende werklikheid in sy situasies vandag daar buite”.

2.3.7.9 Diensbeplanning

Die respondente was ook van mening dat daar 'n behoefte bestaan dat hulle praktiese opleiding moet ontvang hoe om dienste te beplan:

“Uhm uh nog goeters wat ek doen programmering van dienste hoe om dienste saam te stel daai goeters was vir my toe ek in die bediening kom en ek erf en ek kry ewe skielik dis 'n nuwe wêreld ... goeters word van my verwag wat ek nog nooit in my lewe van gehoor het nie. Uhm om om dienste saam te stel fisies om dit weer eens op die computer te doen hoe om dit uit te programmeer, maar hoe om jou filosofie prakties toe te pas uhm weet in jou dienste die beplanning daarvan ek dink dit sal 'n fantastiese uhm ding wees om in in die Teologiese Kollege te hê ... jy weet waar hulle weet as jy vooruit beplan en as jy weet uhm as jy jou dienste lekker saam beplan en jy kry baie goodies weet om meer om jou dienste bietjie meer interaktief te maak en lewendig en interressant te maak”.

Een van die respondente was van mening dat dit noodsaaklik is om jou dienste te beplan na gelang van die gehoor wat voor jou sit, aangesien alle mense nie op dieselfde vlak van toewyding is nie, en hulle behoeftes gevolglik verskillend van aard is:

“Dis 'n baie belangrike ding vir my wat ek nooit geleer het nie is dat mense word ... mense is op verskillende vlakke van verhouding met God en hoe om verskillende programme aan te bied om verskillende behoeftesituasies aan te spreek hoe om verskillende geestelike-vlaksituasies aan te spreek ... En wat ek geleer het in die bediening is, ek kan nie net een diens hê nie. Ek kan nie my Sondagoggenddiens en my Sondagaanddiens vir een kategorie ingooi en hoop maar dis 'n mogge treffe, ek

slaan dalk iemand raak nie. Want 90% van die tyd frustreer jy 50 % van die gehoor. Hulle is nie almal op dieselfde vlak nie. Uhm, wat ek geleer het is, is daar moet en jongmense op Teologiese Kollege moet dit geleer word dat jy programmeer jou dienste vir 'n sekere groep mense. Paulus het gesê ek hardloop 'n wedstryd om te wen, ek slaan met my vuiste nie om net in die lug rond te slaan nie, ek slaan met my vuiste om 'n ou op die neus te slaan. Ek slaan, want ek is doelgerig en as daar mense in daai diens inkom weet jy wat se kwaliteit mense dit is, jy weet op watter geestelike vlak daai ou is en ... jy beplan waarmee moet daai ou hier uitstap ... Jy moet daai ou raak, maar as jy net bloot kerkhou vir die gehoor, dan raak jy hom nie ... Nou, dis wat ek sien mens moet leer: wie target jy? En om 'n bedieningsprogram te ontwikkel wat die verskillende fases van die mens bedien”.

2.3.7.10 Musiek en aanbidding

Uit die onderhoude was dit ook duidelik dat daar 'n behoefte bestaan van opleiding ten opsigte van musiek en aanbidding tydens die eredienste. Een van die respondente het soos volg hieroor kommentaar gelewer:

“... ek is nou in die musiekbedryf uhm sou ek graag die geleentheid wou gehad het om prakties te sê hoor hier so ek gaan nie baie preek nie weet so leer my die basiese dinge dis nice ek sal dit wil weet maar ek wil nou dis waar my gawes lê dis waar my gifts lê empower my om beter te doen wat ek gaan doen en in gee my meer agtergrond oor dit in die musiek dan gee my meer weet uhm opleiding in hoe om 'n praise en worship leier te wees hoe om 'n team saam te stel hoe om uhm weet watse tipe goeters is belangrik vir vandag se mense en weet uhm selfs prakties ek weet nie of mens so ver eers kan gaan nie maar watse rigting in gaan ek gaan ek 'n klavier en ghitaar en daai en of 'n 'n basiese begeleiding van mense wat prakties in die bedryf staan wat vir my kan kom sê hoor hierso hierdie goeters moet ek voor pasop en hierdie goeters weet jy gaan jou tyd mors as jy dit doen”.

Die behoefte is tweeledig van aard. Aan die een kant is daar, soos bo aangetoon, 'n behoefte in meer gespesialiseerde opleiding (sien 2.3.8) aan diegene wat meer voltyds in 'n musiekbediening gaan staan. Aan die anderkant is daar ook 'n behoefte aan algemene riglyne ten opsigte hiervan, aangesien die pastoraat dikwels vereis

dat die pastoor 'n bepaalde rol moet vervul, al sou dit nie sy of haar spesifieke gawe wees nie:

“Liturgie byvoorbeeld, ek het my lam geskrik, toe Pastoor die eerste keer vir my sê ek moet die sange lei vanoggend. Ek het daar gestaan en gedink hoe't ons dit gedoen op Kollege, daar was net party ouens wat sange gelei het en Prof Jan het vir ons grafieke op die bord getrek van as jy daar kom dan moet jy bietjie af dan moet jy weer op en dan moet jy af en hier staan ek en ek weet nie, ek weet nie wat moet ek doen nie, ek is nie musikaal nie, so ek weet nie wanneer is dit 'n C en 'n F en waar vloei hierdie goed in mekaar in en en ek het dit nie geweet nie, so dit was vir my en nou nog is dit vir my as ek hoor ek moet die sange lei dan is dit amper vir my angswekkend um ons vrou wat op die begrafnisse speel sy leer nou vir my die begrafnisliedjies sing so ek weet darem wat is die begrafnisliedjies (lag), maar ek is nie 'n praise and worship leader nie maar daar word van ons verwag om praise and worship leaders te wees van tyd tot tyd binne die Kerk”.

2.3.7.11 Tegniese bedieningsvaardighede

Die onderhoude het dit verder duidelik gemaak dat daar 'n behoefte bestaan aan opleiding in tegniese bedieningsvaardighede. Een van die fasette wat hieronder ter sprake kom, is die aanwending van multimedia tydens die dienste. Hierdie behoefte is soos volg verwoord:

“Um there is no experienced based teaching at all, there is nothing experienced based. So um for example how how do I integrate multimedia into a service. How do how do I make a sermon memorable. Most pastors would say I don't even remember my sermon from last week that I preached. How how do I expect the congregation to remember it my sermon from last week and I think because pastors turn out a high level of cognitive output and very little memorable practical hands on, this is how you do it guys, stuff, um in a church. I think churches would be a lot stronger for that, but you see they don't know how to produce that because they've never been taught how to produce that”.

Nog 'n aspek wat met tegniese bedieningsvaardighede te make het, is die gebruik van videoproduksies as deel van die liturgiese belewenis van 'n gemeente. Een van die respondente, wat hierdie as deel van sy bediening beoefen, het homself soos volg uitgespreek:

“Die bediening waar ek vandag staan uhm joeg moet ek eerlik sê dit wat ek vandag doen sou jy nooit gedink het 'n pastoor doen nie. Ek ek het gegroei in videoproduksies in ek meen uh dit is bedienings wat ek meen as dit 'n vak was op Kollege het ek aangesign van eerste jaar tot derde jaar”.

'n Laaste faset wat onder tegniese bedieningsvaardighede ter sprake gekom het, was rekenaarvaardighede. Die respondent meen dat die tegnologiese ontwikkelings van vandag dit noodsaak dat 'n pastoor voorberei moet word om rekenaarvaardig te kan wees, anders loop hy (en die Kerk) gevaar om irrelevant te raak:

“Maar vir die kerk vandag om relevant te wees in weet al hierdie goedies uhm moet 'n ou by by vandag se goeters doen ek dink as 'n pastoor nie e-mail kan doen nie as 'n pastoor nie op die internet kan surf en goeters nie dan dan gaan hy amper useless wees nie useless nie maar hy gaan nie relevant so great kan wees nie hy sal nie hy gaan baie uitmis en hy gaan baie mense mis as hy dit nie kan doen nie so selfs 'n basiese 'n basiese computer course ek meen alles gaan oor e-mails en sulke goeters”.

2.3.7.12 Algemene bedieningsvaardighede

'n Laaste subtema onder gemeentebestuur en –bediening is 'n aantal algemene bedieningsvaardighede wat 'n aantal respondente genoem het waarvoor hulle praktiese opleiding ontbreek het. Een daarvan is die rol wat statistieke in die bediening speel:

“Uhm ek het nie, ek is nie geleer oor statistieke nie. Statistieke speel 'n baie baie belangrike rol in die bediening. Net die verstaan dat die grootste persentasie van ons wêreldbevolking mense onder die ouderdom van 18 is, sê vir my waar moet my fokus wees in die kerk. Daar's 'n klomp goeters, maar ek dink wat ek uiteindelik

vandag wil sê is die praktiese know-how moet aan ons geleer word. Ek is voorbereid in my hart en in my gees, in die stabiliteit van my menswees, in die stabiliteit van my verhouding met God, maar in die praktiese goeters, waar die tyre die teer slaan, van kerk, is ek nie geleer nie”.

‘n Ander respondent was van mening dat daar op ‘n praktiese wyse geleer moet word hoe om die sakrament van die doop te bedien:

“Ek meen om 'n ou te doop ek het nog nooit iemand uit my geleer hoe om 'n ou te doop nie ek moes myself dit wat ek gesien het moet ek weet die ou doop dit is 'n stupid ding die eerste keer is is dit bietjie jy weet is bang jy is nie seker nie maar as 'n ou jou vat en sê kom ek leer jou nou vandag om 'n ou te doop sulke goed is vir my belangrik”.

‘n Laaste saak wat hier genoem kan word, is hospitaalbediening. Een van die respondente het die behoefte uitgespreek dat daar praktiese opleiding ten opsigte van hospitaalbesoek moet wees. Hospitaalbesoek en daarmee saam doodsbegeleiding is iets waarmee die pastoor op ‘n gereelde basis in die bediening te doen kry:

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

“Okay um as ek nog iets kan noem oor die praktiese sy van die opleiding sou ek baie meer wou gehad het dat daar praktiese opleiding moes wees in die sin as ek dink aan hospitaalbesoek ek meen ek het in my vyf jaar in die bediening het ek omtrent elke ten minste eenkeer 'n week was ek in die hospitaal gewees en ek het in die begin was dit vir my baie moeilik want niemand het my regtig dit is seker eenvoudig maar byvoorbeeld hospitaalbesoek om regtig vir jou te gaan prakties te wys wat doen jy as jy langs 'n bed staan 'n ou het kanker hy is besig om dood te gaan ek meen jy is jonk jy weet nie”.

2.3.8 Tema 8: Behoefte aan spesialisasie

Die laaste tema wat in die onderhoude sterk beklemtoon is, is die behoefte aan spesialisasie. Die respondente is beslis van mening dat die teologiese opleiding nie

generaliste moet oplei nie, maar pastore wat ooreenkomstig hulle gawes en passie toegerus word om effektief binne 'n spesifieke bedieningsveld te kan funksioneer.

Een respondent het haar belewenis soos volg verbaliseer:

“Um so wat ek wat ek byvoorbeeld na kyk is iets soos spesialisopleiding, ek het daarvan gepraat, dat ons word geleer jy het 'n spesifieke bediening, jy het 'n gawe ontvang, nie almal is 'n five fold ministry nie, nie almal staan met 'n pastoor en herder se hart in die in die kerkwêreld nie, nie almal word wat geroep word word geroep om om pastore te wees nie”.

Sy beskryf haar pad na ontdekking van haar eie bediening as 'n lang en moeisame proses van probeer en weer probeer. Dit kon soveel meer effektief vir haarself en haar gemeente gewees het indien sy reeds aan die ATS ontdek het wat haar bediening en gawes is:

“... baie keer voel dit vir my in die AGS of ons almal opgelei word om daar uit te stap as teoloë, of ons moet binne die voetspore van iemand anders volg en nie ons eie bediening gaan uitleef hier buite nie en baie van ons vat baie lank om hier in die Kerkwêreld dan ons voete te vind um in die begin het ek gedink ek is 'n prediker of 'n evangelis en ... ek het gesoek en gesoek en gesoek tot ek beseft het maar die Here, my my hoof ministry my my hoofbediening is lering is teaching en tot ek my voete daar gevind het en begin leer het om my preke as lering uit te werk wat ek self met baie stoei en baie hartseer moes doen um want want ek voel net as jy lering doen is jy baie meer eksegeties ingestel en jy doen baie meer skrifverwysing, koppeling en jy gebruik jou tale en jy maak jy breek hierdie Woord oop ... maar ek moes lank vat voor ek my voete gevind het en te weet luister jy is nie 'n evangelis nie jy is nie 'n sendeling nie jy jy is 'n teacher en bepaal jou by teaching en vind jou voete daar en dit is wat ek voel die Kollege moet aan aandag gee”.

Een van die respondente meen dat daar reeds vroeg tydens die opleiding persoonlikheids- en bedieningstoetse afgelê moet word, en dat jy daarna ooreenkomstig jou gawes en bediening opleiding moet ontvang:

“Maar dan dink ek moet daar êrens ‘n plek kom vroeg in jou opleiding waar jy waar hulle saam met jou sit en jy persoonlikheidstoetse ondergaan, waar jy bedieningstoetse ondergaan, gawe toetse ondergaan, en dan waar jy in ‘n drukkoker geplaas word en begin dink wat dink jy is jou bediening vir die toekoms en dan kan spesialiseer in jou veld. Dan spesialiseer jy. As jy ‘n passie vir jeugwerk het, is dit jou hoofvak. Want dit is waaraan jy gaan gemeet word. Dis jou hoofvak. Jeugwerk is jou hoofvak. En dit moet praktiese opleiding wees. Teoretiese opleiding - uh die verstaan en die denke van ‘n tiener, ‘n tiener se brein moet uitmekaar uit getrek word. Uhm as jy kinderbediening wil doen, dan moet jy spesialiseer in kinderbediening. Uhm en dan moet daar klasse wees wat jou in die algemeen inlig oor die breë kerk. M.a.w. as jy ‘n, as jy uh uh presiderende ou gaan wees wat in beheer is van ‘n volwasse gemeente, moet jy ook hoor wat in jeugwerk aangaan, maar jy hoef nie te spesialiseer daarin nie. En dan moet dit gepaardgaan saam met praktiese take, opleiding, praktiese toetse wat hulle moet ondergaan”.

Spesialisasie beteken nie dat daar nie ‘n basis gelê moet word in Teologie nie. Trouens, die behoefte, soos reeds in 2.3.1 aangetoon is, is dat daar ‘n goeie teologiese fondasie gelê moet word, waarop voortgebou word. Die volgende kommentaar bevestig hierdie behoefte:

“Uhm so my voorstel is - ‘n definitiewe basiese opleiding wat hulle vir jou gee wat uh jou ‘n baie goeie grondvesting gee in teologie, maar dan daarvandaan af spesialisklasse aanbied, spesialis uh klas aanbied wat vir jou in jou spesifieke veld waarin jy eendag gaan, ordentlik klas aanbied. Nou, dit moet dan jou hoofvak wees waar jy praktiese opleiding kry, praktiese toetse en uh praktiese ervaring opdoen uhm so daar moet baie prakties en spesifieke opleiding inkom”.

Nog ‘n respondent het dieselfde gedagte uitgespreek:

“Um, so ek voel net dat 'n ou, die Kollege moet miskien daarna begin kyk dat dat ons êrens aan die einde van van van nog steeds die die grondslag hou, nog steeds die teoretiese grondslag van al die ander vakke hou maar dat daar 'n spesialis rigting ook gemaak word, sê vir ‘n jaar ek weet dat dit nou die eerste jaar is daai jaar wat jy kan soos jeugwerk, of tienerwerk of wat ook al maar ek dink nie dit moet die eerste

jaar ding wees nie, ek dink moet hier aan die einde van die tweede jaar kom, waar hierdie ou reeds weet sy roeping is vas”.

Een van die respondente het die behoefte na gespesialiseerde opleiding in jeugbediening soos volg verwoord:

“Uhm, wat ek voel daar nog kortgekom word, was, hoe om my spesialisarea te penetreer. Ons het gepraat van adolessensie. Maar weet jy toe ek hier op Kollege was het ek nie eers geweet adolessensie is jeug nie. Ek het gewonder dit is een of ander kategorie van die mens, dis iets maar daai ou wat dit vir ons vertel het was ... OUD. Die ou wat dit my geleer het, was OUD. En hy't nie my net dit geleer nie, hy het my kinders, adolessensie en ongetroude jeug geleer. Met ander woorde hy het nie 'n spesialisveld op enige van die vlakke gehad nie. Op daai stadium dink ek, ek kon die klas beter aanbied as hy. En nou wil ek nie arrogant wees nie, ek is nie arrogant nie maar uh wat ek net bedoel is, hy het my niks geleer nie. Ek kan nie 'n ding onthou nie. Wat ek onthou, is hoe hy sy hare gekam het en hoe die boek gelyk het. Dis wat ek kan onthou. Wat ek weet is daai man het God lief, wat ek weet is daai man was regtig opreg gewees, maar ek dink net soos ek, was hy dalk ook swak ingelig. Want die manier wat hy dit gedoen het, het gewerk toe hy dit nog gedoen het, toe hy nog jonk was”.

Dit is 'n duidelike behoefte dat die persoon wat die opleiding hanteer self 'n spesialis in sy veld moet wees, en dat hy of sy deeglik kennis moet dra van die nuutste tendense binne die spesialisasieveld. Spesialisasie het weinig nut indien dit nie relevante spesialisasie is nie.

Die behoefte aan spesialisasie is ook ten nouste verbonde aan die aard van baie gemeentes. Alhoewel dit so is dat daar wel vandag gemeentes bestaan wat steeds 'n meer tradisionele bedieningsmodel volg, is die tendens in baie gemeentes veel anders. Daar is nuwe bedieningsmodelle, nuwe bedieningsfilosofieë, nuwe bedieningstrukture, makro-gemeentes, wat nuwe eise stel. Hierdie eise kan nie aangespreek word met opleiding wat “algemene praktisyns” as produk lewer nie, maar slegs deur opleiding waar studente die geleentheid kan vind om te spesialiseer:

“Sommige gemeentes begin in ‘n geweldige organisasie ontwikkel waar ander weer bly by ‘n meer tradisionele model. Die eise van beide hierdie modelle is totaal en al anders. Indien die opleiding bly soos dit huidiglik is sal ons binne ek meen so 5 na 10 jaar ‘n geweldige probleem hê. By die Kollege lei ons wat ek sal beskou as GP’s op, algemene pastore. Die model wat voorgelê word is in die meeste van die gevalle ‘n meer tradisionele gemeente struktuur en bedieningsfilosofie. Dis amper soos twee wêreldes om die verskil tussen ‘n makro-gemeente en ‘n kleiner meer tradisionele gemeente te sien en waar te neem. Die bediening is totaal en al anders in daai twee tipes gemeentes. Die opleiding hou gladnie gedagte of in oog dat dit werlike realiteit is nie en dit kan nie effektief aangespreek word as ons voortgaan met die tipe opleiding wat ons huidiglik het volgens my nie. Daar sal moet gekyk word na spesialisasie in sekere bedieningsrigtings. Dit help nie om ‘n pastoor vir vier jaar op te lei as ‘n GP nie en dan kom hy nooit in sy lewe vorentoe op ‘n kansel eers nie. Nie omdat hy nie geroep is vir die bediening nie maar omdat die wye verskil tussen ‘n makro-gemeente en ‘n mikro-gemeente asook die verskillende bedieningsfilosofieë ‘n wêreldse verskil maak. Ons kan nie net sê ons lei net senior pastore op nie. Waar moet die ander pastore op die senior pastoor se personeel dan hulle opleiding vandaan kry? Hulle moet tog iewers een of ander teologiese opleiding kry. Lewers sal die teologie so moet uitbrei dat studente al in hulle tweede of derde jaar kan spesialiseer in vakke wat spesifiek vir hulle bediening of gemeentefilosofie konsentreer anders sal ons met ‘n ernstige probleem sit binnekort. Ons moet dan kyk na die praktyk wat ons leer en om te verander en dan terug te gaan na die teologie en kyk hoe kan ons hierdie teologie dit rugsteun en die teologie ons handboek maak om verder te gaan. Ons kan nie dat die teologie na die praktyk toe gaan en sien hoe kan ons die praktyk verander met die teologie nie. Dit moet anders om gebeur. So ek dink in ‘n groot mate moet ons werklik intensiewe navorsing doen oor wat die dinamika is tussen verskillende bedieningsfilosofieë, tussen die verskil tussen ‘n mikro- en ‘n makro-gemeente, die verskil tussen ‘n klein tradisionele gemeente en ander groter gemeentes”.

Een van die respondente kom uit die Onderwys, waar sy wel in haar opleiding kon spesialiseer. Sy is van mening dat teologiese opleiding dieselfde pad behoort te loop:

“ Ek kom uit 'n onderwysstelsel waar ek opgelei was, ek het vir vier jaar my teorie gehad, ek het vir vier jaar dogma gehad en ek het vir vier jaar al hierdie goed gehad wat vir my partykeer ook gevoel het dit is vir my verskriklike goed maar ek het aan die einde van my tweede jaar het ek die geleentheid gehad om my spesialisvakke te kies en ek wil vir jou sê dat ek wil in hierdie rigting dit is waar ek voel waar my hart klop dat ek met kinders wil werk, ek wil in LO gaan spesialiseer, of ek wil in musiek spesialiseer of ek wil in dit en ek voel net die Kollege moet net dalk daar ook 'n deur oopmaak en dan hierdie spesialisgerigte mense inbring ... Ek het geweet na my vier jaar studies ek gaan senior primêr toe, ek ek het geweet ek het Noord-Sotho as 'n hoofvak, dit was my spesialisrigting gewees. Ek het geweet ek het LO so dis my belangstelling, um, ek het nie in die skool ingestap want daar vra hulle vir jou wat is jou spesialisvak, waar wil jy betrokke raak. Want kyk en sê goed die ding het jy het jy gemaster en ek dink dit is na wat die Kollege kan begin kyk wat ek by bedoel spesialisonderrig”.

Hierdie spesialisasie-opleiding moet in verskillende bedieningsvelde geskied. Daar moet spesialisasie wees om iemand as evangelis op te lei:

“Daar is ouens wat evangelistiese harte het maar hulle word opgelei om teoloë of pastore te wees. Hy het nie 'n pastoorshart nie hy het nie 'n herdershart nie hy wil nie in 'n gemeente vassit nie hy wil nie huisbesoek doen nie hy wil nie hospitaal besoek doen nie. Hy is 'n evangelis. Waar is sy blootstelling wat hy op Kollege kry aan aan sy evangelistiese studies?”

Die spesialisasie moet ook opleiding in jeug- en kinderbediening insluit:

“Iemand wat daar instap en hy het 'n kinderhart, waar kry hy die blootstelling aan kinderbediening? ... Maar ek voel die Kollege moet dit vat en sê wie van julle stel belang in tiener- en jeugwerk. Kom ons vat julle, onthou julle het nou een keer per week 'n uur periode, dit gaan miskien addisioneel tot julle klasse wees, maar ons gaan hierdie ou inkry en julle gaan op spesifieke sillabusse begin werk”.

‘n Volgende spesialisveld waaraan die teologiese opleiding moet aandag gee is musiek en aanbidding:

“... om Praise en Worship leaders te word, waar’s die span wat inkom en sê OK julle ouens wil Praise en Worship leaders word, kom bring julle instrumente hier’s ’n ekstra klas ons gaan julle leer ons skuif net die closure in ons kry die ouens wat groot kerksname is wat Praise en Worship leaders is, hulle leer daai ouens, ons studente wat gewone studente hoef nie die spesialisklas te sit nie, maar daar is miskien een klas per week van ’n half uur waar Rick Moser inkom en hy sê onthou nou as julle as Pastoor julle gemeente moet lei, of julle moet met julle Praise en Worship leaders saamwerk, dit is hoe jy werk met ’n Praise and Worship leader”.

Daar is ook ’n behoefte aan spesialisopleiding in die velde van videoproduksies, diensbeplanning, die gebruik van multimedia, bemerking en selfs kerkbou:

“Spesialisasie in die sin van uhm wat ek nou bedoel het uhm videoproduksies en diensbeplanning en al daai goeters. Ek dink ek dink as ’n ou mense in die wat werk nie lektors en weet iemand wat as jy iemand kan kry wat en ag dit hoef nie dit kan ’n kursus wees waar al die gespesialiseerde ouens een keer ’n week of wat ookal en jy kan jou vrae vra of wat ookal en hulle kom een of twee of drie of vier keer en jy kry iemand wat prakties in die veld werk en hy spesialiseer op videoproduksies sê nou maar uhm maar vir kerke of diensbeplanning vir kerke of uhm wat se spesialisasie multimedia groot ding wat nou in ons kerke gebeur weet iemand wat spesialiseer en hulle kom praat net ek meen ek sou kan vandag net met ’n klas praat en vir hulle sê hoor hierso uhm ’n hele klas net oor diensbeplanning hê hoe jy dit prakties saamstel en goeters wat wat my geskok het toe ek in die bediening ingekom het ... en ek praat nou maar net van spesialisasie in my veld maar ek meen spesialisasie gaan weet baie diep in in in alle fasette ... uh weet marknavorsing bemerking dis spesialisasie dis ’n incredible belangrike tool wat uhm as jy net die basiese van dit weet gaan dit jou al baie help kommunikasie hoe hoe om jouself weet voor te stel uhm jou logo jou image jou wat is jou kleure wat is goeters ek sou vir ouens weet byvoorbeeld net sê weet uh maak vir jou vas wie jy is wie jou gemeente is en sê dis wie jy is en dan kan as iemand anderste van buite kom dan sê jy weet dis nou nie hoe ons dit doen nie weet want jy weet wie jy is jy kan sê weet ons gebruik nie daai kleur nie of weet dis nie ons look op stage nie as jy na ons toe kom trek dit en dit en dit aan weet daai tipe goeters is crucial goeters lekker spesialisasie goeters ... en dan uhm o uhm fisies dink ek ’n pastoor gaan een of ander tyd in sy lewe uh in die

kerkbou te doen hê of dit in sending of wat ookal en dis nou 'n spesialisasie maar as jy 'n basiese kennis het van uhm wetlike ekmeen jy hoef dit nou nie te gaan leer nie maar uhm as jy dit net kry wat wat is die belangrike goeters om uit te kyk wat is die vashaakplekke uhm byvoorbeeld jy moet toestemming kry vir die weet en jy moet 'n bordjie opsit en al daai goeters en weet die pype jy kan nie net sommer net 'n stuk grond gaan koop en sê jis ons gaan 'n kerk hier bou nie dit gaan die stupidste ding wees jy moet eers gaan uitvind weet kan daai grond gehersoneer word as 'n kerk en as dit kan weet is dit useless jy koop hom nog steeds want hy kan dalk nie die regte pypaanleidings kry en al daai goeters nie dis baie spesialisasie maar dis dit sal nice wees om daai praktiese goeters ook net as 'n basiese ding te leer”.

Wat baie duidelik uit al hierdie onderhoude blyk, is dat daar 'n sterk behoefte bestaan na spesialisasie in 'n wye verskeidenheid fasette van gemeentelike bediening. Wat ook duidelik is, is die behoefte dat hierdie spesialisasievakke aangebied moet word deur persone wat eksperts in die praktyk is op daardie spesifieke gebied.



HOOFSTUK 3

LITERATUURKONTROLE

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die resultate van die navorsing bespreek, en is daar 'n aantal temas en subtemas geïdentifiseer en ondersoek om te bepaal wat die belewenis van die respondente ten opsigte van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening was. In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na bestaande literatuur oor die onderwerp van teologiese opleiding om vas te stel in hoe 'n mate hierdie studie daarby aansluit of nuwe resultate lewer. Die navorsing van Basson, De Kok en Gibbs en Coffey sal in meer detail bespreek word, terwyl navorsers soos Barna, Malphurs, George, Lewis en Anderson gesamentlik aan die beurt sal kom.

3.2 BASSON SE NAVORSING

Basson (1996:56-64) het in sy navorsing aangetoon dat daar 'n aantal leemtes in teologiese opleiding bestaan. Hierdie navorsing bevestig enkele temas wat in my eie studie geïdentifiseer is.

3.2.1 Eensydige klem op akademie

Die tema wat die meeste beklemtoon word, is die gedagte dat teologiese opleiding dikwels kognitief gefokus is en nie praktykgerig nie (vgl 2.3.2). Dit word toenemend duidelik dat daar 'n baie groot behoefte bestaan dat teologiese opleiding meer beroepsvoorbereidend moet wees. Alhoewel die kognitiewe dimensie nie onbelangrik is nie (vgl 2.3.1) moet daar 'n fokusverskuiwing plaasvind.

Basson meen dat teologiese opleiding fokus op die kognitiewe met die gevolg dat akademiese kwalifikasies vandag die primêre vereiste vir toelating tot die bediening geword het. Hierdie fokus beteken dat akademiese vaardigheid die

deurslaggewende faktor vir pastorale opleiding is. Die suksesvolle voltooiing van 'n voorgeskrewe akademiese kurrikulum het die maatstaf vir geslaagdheid van voornemende pastorale leiers geword (1996:56).

'n Mens sou kon vra of sodanige kognitiewe opleiding opsigself voldoende is om die pastoor voor te berei vir die eise van die bediening. Kognitiewe kennis kan nie gelykgestel word aan effektiewe voorbereiding vir die pastoraat nie. Die kriteria vir effektiewe bediening moet ook geestelike kennis en bedieningsvaardighede insluit, en nie net intellektuele kennis nie.

Basson is wel van mening dat die pastoor ten opsigte van die teologie akademies goed toegerus moet wees (1996:57, vgl 2.3.1). 'n Eensydige beklemtoning van die kognitiewe kan egter tot gevolg hê dat daar leemtes in die persoonlikheidsontwikkeling en praktykvaardighede van die student bestaan. Akademiese kwalifikasies spreek van 'n student se sukses al dan nie op kognitiewe vlak, maar sê niks van sy of haar potensiaal vir die pastoraat nie.

3.2.2 Praktykvorming

Basson wys verder daarop dat studente hulle studies aan Teologiese Fakulteite voltooi sonder dat hulle die nodige praktykvaardighede bemeester het. Hierdie gebrek aan praktiese voorbereiding beklemtoon weer eens die spanning tussen teorie en praxis, tussen die ideaal en die realiteit (1996:58). Teologiese studente veronderstel dat hulle gewalifiseerd en gereed sal wees vir hulle beroep na suksesvolle voltooiing van hulle teologiese studies. Sodoende word die verwagtinge van akademiese vorming oorspeel.

Hierdie gebrek aan praktiese vaardighede word gewoonlik ondervang met 'n praktiese proeftydperk. Indien praktiese vorming in hoofsaak losgemaak word van die akademiese loopbaan, skep dit weer ander probleme. Basson wys daarop dat die dosente wat 'n teoretiese basis in die student gelê het, meestal tydens die praktykontdekkingsgebeure afwesig is (1996:59).

Dit kan tot gevolg hê dat 'n wesenlike deel van die teoretiese inligting wat studente tydens hulle teologiese opleiding ontvang het, verlore gaan. Die pastoraat word betree sonder voortgaande interaksie tussen nuwe teoretiese inligting en nuwe praktiese ervaring. Die afwesigheid van die dosente tydens hierdie fase beteken dat daar geen interaksie of dinamiese refleksie van verbande en verskille tussen teorie en praktyk kan plaasvind nie. Tydens hulle studietydperk is studente gewoonlik tot minimale bedieningsbetrokkenheid beperk. Dit veroorsaak dat sleutelvraagstukke vanuit die bediening nie deel van hul verwysingsraamwerk vorm nie en word hulle eers na voltooiing van hulle teologiese studies daaraan blootgestel. Die verwagting is nou daar dat hulle praktiese vaardighede moet kan demonstreer. Hierdie praktiese vaardighede moet reeds in die klaskamer aangespreek word en nie net aan die bedieningspraktyk oorgelaat word nie, waar die pastoor dikwels op hom- of haarself aangewese is, en die leiding van leermeesters ontbreek. Basson konkludeer tereg dat praktiese ervaring van die bediening uiters belangrik is reeds tydens die studietydperk van voornemende leiers (1996:59). Eers dan sal die toenemende kommer in groeiende gemeentes oor die praktiese gereedheid van afgestudeerdes wanneer hul tot die pastoraat toetree, besweer kan word (:60).

3.2.3 Spiritualiteit

'n Derde faset van teologiese opleiding wat in Basson se navorsing ter sprake kom, is die feit dat daar 'n gebrek aan begeleiding van die student se spiritualiteitsvorming is. Basson is self wel van mening dat die geestelike vorming van 'n leier nie die primêre verantwoordelikheid van 'n Teologiese Fakulteit is nie, maar dié van die student self. Dit is wel 'n ope vraag of studente hierdie vorming tydens opleiding as 'n prioriteit beskou (1996:60).

Alhoewel Basson se siening van die persoonlike verantwoordelikheid van die individu vir sy eie geestelike vorming sekerlik waar is, het my eie navorsing tog aangetoon dat daar 'n behoefte bestaan dat die teologiese opleiding aan die ATS hierdie faset moet aanspreek (vgl 2.3.5.2). Dit behoort 'n vennootskap te wees waarin die individu verantwoordelikheid neem vir sy of haar eie spiritualiteit, maar hy of sy tog hierin deur die ATS begelei word.

3.2.4 Teoloog of leier?

Basson vra tereg of die opleiding vir teoloë of leiers beoog word (1996:63). In die moderne samelewing is dit noodsaaklik dat die pastoor deeglik onderlê sal wees in Teologie. Die rol van 'n teoloog kan egter oorbeklemtoon word sodat Teologiese Seminariums in 'n groter mate daarin slaag om dosente vir kweekskole in plaas van geestelike leiers vir die bedieningspraktyk op te lei (:64). Hierdie probleem word verder gekompliseer aangesien "... the faculties of these institutions are typically staffed mostly by scholars rather than by practicing ministers, even though professional training is designed to produce ministers" (Wagner 1979:166).

Dosente en teoloë in die huidige kerklike konteks het dikwels baie min persoonlike kontak met die bedieningspraktyk. Hulle teologie is grootliks gevorm op 'n abstrakte, teoretiese en filosofiese basis. Dosente behoort egter in noue kontak met die bedieningspraktyk te bly om sodoende gevorderde praktykvaardighede te ontwikkel (Basson 1996:64). Hulle moet deeglik in staat wees om die student voor te berei ten opsigte van die "hoe" van die bediening, en nie slegs die "wat" nie.

Die behoefte aan groter deelname van pastore wat in die praktyk staan aan die teologiese opleiding is ook deur die respondente van my eie studie geïdentifiseer (vgl 2.3.2 en 2.3.7.2, vgl ook 1.1). Basson se navorsing bevestig hierdie saak. Dit is uiters noodsaaklik, vir effektiewe bedieningsvoorbereiding, dat die Seminarium en die Kerk moet hande vat ten opsigte van opleiding. Dit is slegs dan wanneer teorie en praxis met mekaar sal kan trou.

3.3 DE KOK SE NAVORSING

3.3.1 Inleiding

De Kok het in sy navorsing 'n ondersoek gedoen na die kurrikulum wat by die ATS aangebied word. Hy het spesifiek op die BA Teologie gefokus. Die hoofdoel van sy studie was "to design a relevant curriculum framework for the BA course in Theology for the training of pastors" (2001:10). Dit was verder vir hom belangrik om ondersoek in te stel na die implikasies van die "South African Qualifications Authority" (SAQA),

die “National Qualifications Framework” (NQF) en Uitkoms-gebaseerde onderrig vir sodanige raamwerk. In sy studie het hy fokusgroeponderhoude met die dosente van die ATS gevoer, asook individuele onderhoude met vier pastore. Die pastore was almal mans wat uit een streek afkomstig was; een blanke, een swart man, een bruin man en een Indiër. Die doel van sy onderhoude was om vas te stel wat die respondente sien as die kennis en vaardighede, asook die gesindhede en waardes wat pastore nodig het om tot die bedieningspraktyk toe te tree en hulle bedieningstake te verrig (2001:78-79).

Hy het uiteindelik een-en-twintig kategorieë geïdentifiseer, waarna hy die verhouding en interaksie tussen die kategorieë verder bespreek het. Die hoofkategorieë met hulle onderafdelings is die volgende (De Kok 2001:120-121):

Biblical and theological knowledge

Biblical knowledge

Exegetical skills

A knowledge of Greek and Hebrew

Biblical background knowledge

A knowledge of church history

Theological knowledge



Spiritual and organizational leadership

Preaching skills

Teaching skills

Evangelism skills

Pastoral care skills

Counselling skills

Youth ministry skills

Home cell ministry skills

Liturgical skills

Praxis skills

Management skills

Leadership and leading skills
Planning skills
Organizing skills

Intra- and interpersonal skills

Psychological skills
Relationship skills
Knowledge of human needs
Communication skills
The value of a calling
Knowledge of a multi-cultural and modern society

Character

Bible study skills
Prayer skills
Financial management skills
Computer skills
Integrity as an attitude
The values exemplified by the phrase "the mind of Christ"
The attitudes exemplified by the phrase "the fruits of the Spirit"
The attitude of faith
Passion as an attitude



3.3.2 Kennis van die Bybel

De Kok se navorsing het aangetoon dat kennis van die Bybel essensieel is. Die respondente in sy studie was van mening dat dit die fondasie moet wees van enige ander vaardigheid, houding, waarde en kennis (2001:118). Die studente moet oor 'n uitgebreide kennis van die Bybel beskik. Hulle verstaan van die Bybel moet groei. Dit moet geskied deur middel van kennis van eksegetiese metodologie, Hebreeus en Grieks, die agtergrond van die Bybel en inleiding tot die verskillende Bybelboeke.

Hierdie verstaan en kennis van die Bybel moet die studente dan lei tot teologiese kennis, wat spesifiek behels kennis van God en Jesus Christus. Die studente moet in staat gestel word om hulle gemeentes te kan leer om te groei in Bybelkennis en kennis van God. Die student moet ook oor die nodige vaardigheid beskik om die eie kennis te kan vergelyk met dié van andere deur die kerk se geskiedenis heen. Bybelse kennis is ook noodsaaklik as onderbou vir lering, berading, prediking en leierskap.

My eie navorsing het ook aangetoon dat 'n goeie en gesonde teologiese basis onontbeerlik is (vgl 2.3.1). Dit vorm inderdaad die fondasie waarop die praktiese boustene van die pastoraat moet rus. Dit is veral die kennis en verstaan van die Bybel en die leerstellings van die Kerk wat beklemtoon moet word.

3.3.3 Geestelike en organisatoriese leierskap

Die pastoor is 'n leier en moet gevolglik rigting aandui. Dit moet gedoen word vir die gemeente as organisasie en om individue op die pad van geestelike groei te lei. As leier van die gemeente as organisasie is die pastoor verantwoordelik vir beplanning, organisasie, en finansiële organisasie en – beplanning. Daarbenewens is die pastoor ook verantwoordelik vir die geestelike koers wat die gemeente inslaan en moet hy of sy prediking, lering, berading en pastorale sorg aanwend as middel om geestelike rigting aan te dui. Uiteraard speel die karakter van die pastoor 'n uiters belangrike rol ten opsigte van leierskapsbeoefening. Die pastoor moet veral as dienskneg-leier funksioneer. Die beoefening van die geestelike dissiplines, spesifiek gebed, is ook belangrik om visie te formuleer en koers aan te dui (De Kok 2001:118-119).

Hierdie kategorie van De Kok se navorsing ondersteun die tema van Gemeentebestuur en – bediening wat in 2.3.7 onder bespreking was. Dit is baie duidelik dat hierdie tema met sy verskillende subtemas een van die grootste leemtes in die opleiding by die ATS is. Dit sluit ook aan by 2.3.2 waar daarop gewys is dat die opleiding nie genoegsaam praktykgerig is nie. Daar kan geen twyfel bestaan dat daar 'n koersaanpassing moet kom in die opleiding van pastore by die ATS om die behoeftes van die praktyk aan te spreek nie. Die teologiese fondasie moet behoue bly, maar die praktiese fasette van die bediening, die “hoe” moet groter aandag kry.

3.3.4 Intra- en interpersoonlike vaardighede

De Kok het ook aangetoon dat intra- en interpersoonlike vaardighede onontbeerlik is vir die pastoor. Die pastoor het psigologiese kennis nodig wat hom of haar in berading kan help om menslike gedrag beter te verstaan. Dit stel hom ook bloot aan die verskillende tipes probleme waarmee mense dikwels worstel en verskaf ook toepaslike strategieë om probleme op te los (2001:119).

Die pastoor moet ook oor die vermoë beskik om gesonde verhoudings te bou met homself, sy gesin en familie, lidmate van die gemeente en die gemeenskap in die breë. My eie navorsing het aangetoon dat die respondente van mening is dat hulle nie toegerus is met interpersoonlike vaardighede nie (vgl 2.3.4). Aangesien baie van die pastorale verantwoordelikhede in verhouding met ander mense geskied, is dit uiters belangrik dat hierdie aspek, wat 'n duidelike behoefte vir die pastoraat is, effektief aangespreek moet word. Dit is ook belangrik dat die pastoor in staat moet wees om verhoudings in 'n multi-kulturele gemeenskap te kan bou (De Kok 2001:119, vgl 2.3.7.7).

Kommunikasievaardighede hou ook verband met verskillende fasette van die pastoraat. Dit is uiteraard direk aan prediking gekoppel en moet die pastoor bekwaam met "public speaking skills" (2001:119). Die pastoor se kommunikasie, hetsy dit by wyse van lering, prediking of berading is, moet betekenis op 'n sinvolle wyse oordra. Kommunikasievaardighede is ook as subtema geïdentifiseer in my eie navorsing (2.3.7.5). Aangesien dit soveel fasette van die pastoraat op direkte of indirekte wyse raak, moet dit deel wees van die minimum toerusting waarvoor 'n pastoor moet beskik wanneer hy of sy die pastoraat betree.

3.3.5 Karakter

Die respondente in De Kok se navorsing het ook aangedui dat dit van essensiële belang is dat die pastoor 'n man of vrou van goeie en gesonde karakter moet wees. Die pastoor moet waardes en houdings weerspieël wat sprekend van Christelike karakter is. Dit kan slegs gebeur wanneer die pastoor homself aan God toewy deur onder andere, Bybelstudie en gebed. Die ontwikkeling van karakter en integriteit

staan ook in direkte verband met die pastoor se Bybelkennis. Gebed rugsteun ook leierskap en visie. Elemente van Christelike karakter wat geïdentifiseer is, is dinge soos nederigheid, diensbaarheid, liefde en integriteit (2001:120).

De Kok se navorsing bevestig dat die ATS mede-verantwoordelikheid vir die studente se spiritualiteitsontwikkeling moet aanvaar (vgl Basson se siening in 3.2.3). My eie navorsing het aangedui dat die studente 'n groot behoefte het om begelei te word op die pad na geestelike groei en volwassenheid (vgl 2.3.5.2).

3.3.6 Integrasie van teorie en praktyk

'n Ander saak wat sterk na vore gekom het in De Kok se navorsing, is die behoefte na integrasie van teorie en praktyk. Die respondente was van mening dat hulle te veel teorie ontvang het, en dat die teorie hulle nie in staat gestel het om sekere praktiese dinge in die pastoraat aan te spreek nie. Aan die anderkant het sommige van die dosente weer die pastore van pragmatisme beskuldig. Die mening is uitgespreek dat daar sekere praktyke in die Kerk kop uitsteek wat gebaseer is op waardes en houdings wat vreemd aan die Kerk is en selfs destruktief kan wees. Sommige dosente was ook van mening dat die studente nie genoegsame geleentheid kry tydens hulle opleiding om teorie te implementeer nie. De Kok konkludeer soos volg (2001:123):

What is clear to this researcher is that there exists no consensus within the AFM on the relationship between theory and practice and that this issue need to be solved first. Then the issue of providing learners with opportunities for theory-practice integration must be addressed.

Hy beveel aan dat die ATS opleiding moet verskaf in samewerking met gemeentes en dat 'n deel van die opleiding en die assessering prakties in gemeentes moet plaasvind (2001:123).

Supervisie en internskap kan ook die integrasie van teorie en praktyk bevorder. "Supervision endeavors to train a learner in such a way that knowledge and skills are brought up to acceptable levels that are demanded by practice. This is done when the supervisor provides the contexts for the learner to train in" (2001:123). De Kok beveel aan dat die ATS 'n supervisie - en internskapprogram moet implementeer waarin pastore van verskillende gemeentes genader word om as mentors op te tree om die studente by te staan om die transisie van Seminarium tot pastoraat, van teorie tot praktyk, so effektief moontlik te maak (:124). Die behoefte aan groter deelname van pastore wat in die praktyk staan aan die teologiese opleiding is ook deur die respondente van my eie studie geïdentifiseer (vgl 2.3.2 en 2.3.7.2).

De Kok bevestig die behoefte aan praktykgerigte opleiding. Daar is reeds in 3.2.4 en 3.3.3 oor hierdie behoefte kommentaar gelewer. Die kern van die saak is dat effektiewe bedieningsvoorbereiding meer praktykgerig moet wees.

3.3.7 Geestelike vorming

Die respondente in De Kok se studie was ook van mening dat die ATS se opleiding gebrekkig is ten opsigte van geestelike vorming. Geestelike groei kan verhoog word deur die beoefening van die geestelike dissiplines. Die studente moet begelei word tydens hulle opleiding om die geestelike dissiplines te beoefen sodat dit 'n integrale deel van hulle daaglikse lewe word. Daarom behoort die ATS geleenthede te skep waartydens die studente die geestelike dissiplines prakties kan toepas om sodoende geestelike vorming te bevorder (2001:124, vgl 2.3.5.2 en 3.3.5).

3.4 GIBBS EN COFFEY SE NAVORSING

3.4.1 Inleiding

Gibbs en Coffey het navorsing gedoen oor teologiese opleiding in Noord-Amerika en Europa. Die debat in beide Amerika en Europa is baie sterk gefokus op die relevansie van teologiese opleiding om die eise van die pastoraat in vandag se wêreld aan te spreek (2001:93). Gibbs en Coffey se navorsing vertoon die volgende raakpunte met my eie studie:

3.4.2 Samewerking tussen Kerke en Seminariums

Daar is reeds in 2.3.2 en 2.3.7.2 (vgl ook 1.1) gewys op die behoefte van groter insette van pastore wat in die praktyk staan, in die opleiding van kandidate vir die voltydse pastoraat. Gibbs en Coffey (2001:94) bevestig die belang van samewerking tussen die pastoraat en Teologiese Seminariums. Beide het 'n unieke rol om in die opleidingsproses te speel. Aan die een kant kan die behoeftes van die praktyk meer effektief aangespreek word, terwyl 'n gesonde teologiese fondasie ook in so verhouding verseker word.

Gibbs en Coffey (2001:94) is tereg van mening dat lokale gemeentes en pastore 'n baie meer aktiewe rol moet vervul in die werwing en mentor van kandidate vir die pastoraat. Daar is vandag al meer gemeentes en pastore wat deeglik bewus is van die positiewe bydrae wat hulle in die opleiding van kandidate vir die bediening kan vervul. Dit is belangrik dat die leiers van hierdie gemeentes en die leiers van Seminariums koppe bymekaar moet sit om nuwe kurrikula saam te stel wat die behoeftes van die dag sal aanspreek (:95). Hierdie proses kan alleenlik effektief voltooi word indien al die rolspelers insette lewer (:99-100).



3.4.3 Die behoefte aan praktiese vaardighede

Uit die onderhoude wat ek gevoer het, was dit baie duidelik dat daar 'n behoefte is dat die opleiding nie net kognitief gefokus moet wees nie, maar dat die studente praktiese vaardighede moet aanleer om die werk van die bediening effektief te kan doen. Gibbs en Coffey se navorsing bevestig hierdie behoefte: "Many potential students are not interested in receiving academic credit. They simply want to extend their knowledge and enhance their ministry skills" (2001:94).

Ongelukkig is dit die geval dat baie studente hulleself in Seminariums en Kolleges bevind waar die opleiding minimale voordeel vir hulle toekomstige bediening inhou (2001:94). Die waarde van teologiese opleiding moet nie gesien word slegs in die akademiese akkreditasie wat daarmee gepaard gaan nie, maar eerder "its adequacy

in training leaders to face the issues and pressures encountered in ministry in the world today. In this regard the level of concern begins to rise because many recent graduates confess that they do not feel equipped for the challenges they face” (:95).

Hierdie behoefte aan praktykgerigte opleiding beteken nie dat daar weggedoen moet word met akademiese voortreflikheid nie. Die teendeel is eerder waar. Die eise van die postmoderne wêreld skep die behoefte vir goeie teologiese opleiding. Die vraag is nie of teologie nodig is nie, maar eerder watter tipe teologie nodig is. Die behoefte is daar vir teologiese opleiding wat die studente met die vaardighede toerus om die Bybelse teks in die kontemporêre situasie te kan toepas (Gibbs & Coffey 2001:100). Praktykgerigte teologie beteken dat die kursusse wat aangebied word nie “academically remote from real life” sal wees nie (:99).

3.4.4 Belang van ‘n goeie teologiese fondasie

Een van die belangrikste resultate van my navorsing is die behoefte dat die teologiese opleiding aan die ATS ‘n sterk teologiese basis moet verskaf. Gibbs en Coffey bevestig hierdie gedagte wanneer hulle daarop wys dat die toenemende tendens van mega-gemeentes wat self pastore oplei die gevaar inhou dat hierdie goeie teologiese fondasie verlore kan raak en dat die opleiding in pragmatisme verval. Die feit dat sodanige gemeentes wel tot hierdie stap oorgaan, is ‘n aanduiding van die frustrasie wat hulle beleef met die opleiding wat Seminariums vir die pastoraat verskaf (2001:101). Die oplossing is dat Kerke en Seminariums moet besef dat hulle interafhanklik van mekaar is en baie nouer moet saamwerk in die opleiding van pastore (:101, vgl 3.4.2).

Die behoefte aan goeie teologie het implikasies wat wyer strek as die pastoraat. Gibbs en Coffey beskryf dit soos volg (2001:101):

In the seminary or theological college there will be teachers whose primary call is to pursue their scholarly discipline within the academy. The contributions made by evangelical scholars during the past four decades in their academic guilds must be

affirmed. The dialogue that the academy provides with scholars representing other schools of thought should be maintained for the enrichment of all. Evangelical scholarship will itself be further refined, expanded and strengthened by this wider engagement ... their scholarship needs to be made available to a wider constituency and its ministry implications explored.

3.4.5 Die behoefte aan leierskopleiding

'n Kernbehoefte van teologiese opleiding is leierskopleiding (vgl 2.3.7.1). Gibbs en Coffey se navorsing bevestig hierdie behoefte. Dit is belangrik om te besef dat leierskap 'n gawe is en dat dit nie om posisie gaan nie. 'n Leier is nie iemand wat 'n amp beklee nie, maar dit is iemand wat hom- of haarself bewys het as kompetent om te lei, iemand wat oor die gawe van leierskap beskik (2001:113). 'n Christelike leier is "someone who is called by God to lead and possess virtuous character and effectively motivates, mobilizes resources, and directs people toward the fulfillment of a jointly embraced vision from God" (Barna 1998:107).

Die behoefte aan leierskap lê ook daarin dat slegs leiers ander leiers kan mentor (Gibbs & Coffey 2001:115). Dit beteken dat die pastoor die gawe van leierskap moet besit om ander leiers in sy gemeente te mentor. Dit beteken ook dat leierskopleiding aan Seminariums deur leiers hanteer moet word. Dan sal Seminariums leiers produseer wat self-gemotiveerd, innoverend, en kreatief is.

In marknavorsing wat deur die Barna Research Group in 1997 gedoen is onder 601 Amerikaanse pastore, het slegs 5% leierskap as hulle primêre gawe beskou. Gibbs en Coffey (2001:108) vra tereg of hierdie tragiese statistiek toegeskryf kan word aan 'n verkeerde fokus in die opleiding van pastore. Dit is baie duidelik dat daar 'n ernstige probleem bestaan in die veld van leierskapontwikkeling wat effektief aangespreek moet word.

3.4.6 Die ontdekking van selfpotensiaal en bedieningsgawes

Die ontdekking en ontwikkeling van selfpotensiaal en bedieningsgawes is ook as tema geïdentifiseer (vgl 2.3.3). Gibbs en Coffey wys daarop dat die ontdekking en ontwikkeling van die leier se gawes een van die belangrikste aspekte van leierskap is (2001:107). Hulle is van mening dat leierskapsopleiding nie in isolasie van die bedieningsituasie gesien moet word nie. Leierskapsopleiding aan Seminariums moet daarom “problem-solving and performance evaluation in real situations” (:107) insluit. Hierdie rollespel “would include situations that test the extent to which students can apply their theological, historical and ministerial training to problem-solving, planning for a church or ministering outside the context of a local church” (:107-108).

3.4.7 Die behoefte aan spanbou

Spanbou is ‘n verdere belangrike subtema wat in die navorsing na vore gekom het (vgl 2.3.7.2). Gibbs en Coffey (2001:108) wys daarop dat in teenstelling met die behoefte in die pastoraat dat opleiding nodig is om span te bou in gemeentelike konteks plaas die meeste Teologiese Seminariums klem op ‘n onafhanklike en individualistiese denkpatoon. Die vaardighede om as span saam te werk “in addressing issues, dividing tasks and achieving group consensus ... are not developed by sitting in straight rows in a lecture-room environment and working in a cubicle in the library” (:108). Teologiese Seminariums lei pastore op om as individue te funksioneer, en nie as lede van ‘n span nie (:108).

Teologiese opleiding is dikwels daarop gerig om pastore op te lei om as dirigent van ‘n orkes op te tree. Die problem hiermee is dat dit steeds “a controlling model of leadership” is (2001:110). Die rol van ‘n leier moet egter nie gesien word as ‘n dirigent van ‘n orkes nie, maar eerder as die leier van ‘n jazz orkes. Max De Pree beskryf hierdie analogie soos volg (1992:8-9):

Jazz-band leaders must choose the music, find the right musicians, and perform - in public. But the effect of the performance depends on so many things - the environment, the

volunteers playing in the band, the need for everybody to perform as individuals and as a group, the absolute dependence of the leader on the members of the band, the need of the leader for the followers to play well. What a summary of an organization! A jazz band is an expression of servant leadership. The leader of a jazz band has the beautiful opportunity to draw the best out of the other musicians. We have much to learn from jazz-band leaders, for jazz, like leadership, combines the unpredictability of the future with the gifts of individuals.

Die kultuur van vandag word gekenmerk deur voortdurende verandering. Hierdie konteks vereis die vermoë om te improviseer. Dit kan egter maklik in chaos ontaard indien leiers nie weet hoe om spanne om hulle te bou nie.

Team-building constitutes a whole new area that urgently needs to be addressed in training centres for the church leaders of today and tomorrow. The jazz-band leader, unlike the orchestra conductor, does not have a score in front of him that he can follow. The skill of the conductor is in the area of creative interpretation, while that of the jazzband leader is in facilitating creative improvisation by every member of the group. Each performance is different, creating a serendipitous experience as each performer makes a free-spirited contribution, while at the same time being at one with the others in the group. Jazz bands cannot simply be assembled on the spot as a group of strangers able to perform together. Time is required for each player to understand the others' personalities and 'style'.

(Gibbs & Coffey 2001:111)

3.5 ANDER NAVORSING

3.5.1 Inleiding

Navorsers soos Barna, Malphurs, George, Lewis en Anderson het ook relevante kommentaar gelewer oor sommige aspekte van teologiese opleiding. Aangesien hulle dit nie so intensief soos die voorafgaande drie navorsers ondersoek het nie, word hulle bydraes hier saam tematies aangebied om te dien as bevestiging van die resultate van my eie studie.

3.5.2 Goeie teologiese fondasie

Soos in 2.3.1 aangedui is, het die respondente beleef dat hulle 'n baie goeie teologiese basis ontvang het tydens hulle opleiding aan die ATS. Hierdie ervaring word bevestig deur Lewis (2001:181) wanneer hy skryf: "I believe in ... and strongly advocate a rigorous theological education". 'n Goeie teologiese basis is onontbeerlik. Malphurs (1999:13, 40) bevestig ook dat opleiding in eksegetiese vaardighede, Bybelkennis, Teologie en Kerkgeskiedenis noodsaaklik is.

George (1994:299) beskryf hierdie teologiese fondasie as deel van die triomf van Teologiese Seminariums: "In many ways, today's theological education has triumphed in the sense that it can produce pulpiteers who make brilliant sermons that are biblically exegeted and sensible ... I support the need for graduate schools of theology". Barna (1993:146) ondersteun hierdie siening wanneer hy skryf dat die teologiese opleiding wat deur Seminariums aangebied word, hulle voortbestaan regverdig.

Dit is gevolglik essensieel dat Teologiese Seminariums, en die ATS spesifiek, moet voortgaan om voortreflike teologiese opleiding aan te bied. Barna (1993:142) meen dat dit noodsaaklike toerusting vir effektiewe leierskap is. Hy waarsku egter ook dat daar in gedagte gehou moet word dat Seminariums kandidate moet oplei as leiers en pastore en nie net as teoloë nie.

3.5.3 Leierskapsopleiding

Laasgenoemde opmerking van Barna ontbloot een van die gebreke van teologiese opleiding in die algemeen en die opleiding van die ATS spesifiek: die gebrek aan effektiewe leierskapsopleiding (vgl 2.3.7.1). Malphurs is soos 'n eggo op die belewenis van die respondente in my studie: "... they did little to prepare me for leadership and the problems I've faced in the churches I've pastored" (1999:13). Volgens hom ontvang weinig studente by Seminariums opleiding in leierskap (:40). Barna (1993:146) meen ook dat Seminariums nie effektiewe opleiding in leierskap bied nie. Die probleem word vererger wanneer in ag geneem word dat leierskapsvermoë nie 'n voorvereiste is vir toelating tot 'n Teologiese Seminarium nie (Barna 1993:139).

George (1994:299) wys daarop dat leierskap die kern van voorbereiding vir die pastoraat moet wees. Hy skryf verder dat leierskap 'n gawe van God is wat gevorm word deur geestelike gawes, persoonlikheid, talente en temperament en dat Seminariums nie leiers kan maak nie. Volgens hom behoort die rol van Seminariums dan te wees om slegs diegene wat reeds as leiers geïdentifiseer is toe te laat tot teologiese studies en hulle dan daar af te rond vir die werk van die bediening (:299).

Laasgenoemde opmerking van George kan nie heeltemal ondersteun word nie. Dit is waar dat leierskap as 'n geestelike gawe gesien moet word, en dat Seminariums 'n belangrike rol in die verfyning en afronding van hierdie gawe moet speel. George se voorstel dat slegs leiers toegelaat word tot teologiese studies verontagsaam die feit dat daar persone wat oor ander gawes en vermoëns beskik wat ook deel van die teologiese opleidingsproses behoort te wees. Dit maak wel die behoefte aan spesialisasie (vgl 2.3.8) al groter.

Dit is verder ook van groot belang dat leierskapsopleiding 'n praktiese komponent in die veld moet insluit: "it will take something more than seminary training ... young leaders ... need leadership training and mentoring in the field" (Lewis 2001:181).

3.5.4 Fokus op die kognitiewe en nie praktykgerigheid nie

Hierdie saak bring ons by die volgende punt wat die literatuur bevestig. Teologiese Seminariums fokus op die kognitiewe en is nie praktykgerig nie (vgl 2.3.2). Barna (1993:139) skryf tereg dat die klem op akademiese vermoëns geplaas word en dat selfs toelating tot teologiese studie kognitief en akademies eerder as geestelik gerig is (:138). Die inhoud van teologiese kurrikula berei nie werklik die studente voor vir die “hoe” van die pastoraat nie: “comparatively few elective classes relate to the heart of what the pastor will encounter in ministry” (Barna 1993:142).

Barna (1993:141) skryf dat die behoefte van die pastoraat die opleiding van leiers is wat die praktiese werk van die bediening moet verrig. Die kandidate word dan egter in ‘n akademiese omgewing geplaas waar die hele evaluasie proses akademies en kognitief is, eerder as praktykgerig. Prestasie in ‘n akademiese omgewing is nie werklik ‘n barometer om te bepaal hoe effektief die studente as leiers in die pastoraat sal funksioneer nie.

Anderson (1992:46) beskryf ook die probleem dat Seminariums se fokus op kognitiewe opleiding teoloë voorberei wat dan pastore word. Die gebrek aan praktykgerigte opleiding wat pastore voorberei beteken dat kandidate uiteindelik nie toegerus is om pastore of teoloë te wees nie. Daar moet in gedagte gehou word dat daar ‘n groot verskil is om teoloë op te lei en om pastore op te lei (Barna 1993:142). Die enigste oplossing vir hierdie dilemma is praktykgerigte opleiding.

3.5.5 Karakter

‘n Laaste faset van die navorsing wat deur Malphurs (1999:35) bevestig word is die belangrike rol wat Teologiese Seminariums in die vorming van studente se karakter behoort te speel (vgl 2.3.5.3). Dit is ongelukkig so dat Seminariums nie hierdie verantwoordelikheid aanvaar nie: “Far too many seminaries ... that attempt to train people for ministry presume that somewhere along the way we have worked on the development of our character ... Seminaries ... avoid the issue of character development”.

3.6 SAMEVATTING

Hierdie oorsig van literatuur wat die onderwerp van teologiese opleiding aanspreek, bevestig dat daar 'n aantal temas is wat daar voorkom wat ooreenstem met die resultate van my eie navorsing. Dit sluit die volgende in:

- Die belang van 'n goeie teologiese opleiding as fondasie. Dit gaan hier spesifiek om Bybelkennis en Dogmatiek wat onontbeerlik vir hierdie fondasie is.
- Die fokus van teologiese opleiding is hoofsaaklik kognitief en nie genoegsaam praktykgerig nie.
- Teologiese opleiding help nie die studente om hulle eie gawes en bedieningspotensiaal te ontdek en te ontwikkel nie.
- Daar bestaan 'n gebrek aan opleiding in interpersoonlike vaardighede.
- Seminariums speel nie 'n doeltreffende rol in die vorming van studente se karakter en spiritualiteit nie.
- Die grootste tekortkominge in teologiese opleiding het te make met die veld van gemeentebestuur en –bediening. Dit sluit in fasette soos leierskap, spanbou en bestuur, kommunikasievaardighede en prediking, jeugbediening, en liturgiese vaardighede.
- Die behoefte aan deelname van gemeentes en spesifiek pastore wat in die praktyk staan, aan die opleiding.

My navorsing het ook ander temas blootgelê waarin die respondente van mening was dat die opleiding nie 'n positiewe rol gespeel het, of daar 'n gebrek in die opleiding was. Dit sluit die volgende in:

- Die aanleer van dissipline.
- Die kweek van vriendskapverhoudings.
- Opleiding in tydsbestuur ontbreek.
- Daar is 'n sterk behoefte aan mentorskap deur die dosente.
- Daar is ook 'n aantal subtemas wat onder gemeentebestuur en –bediening val wat uniek in my navorsing was. Dit sluit in sake soos visionering, bemarking,

befondsing, die mobilisasie van lidmate, die missiologiese opdrag aan die Kerk word onderbeklemtoon, diensbeplanning, musiekopleiding, tegniese bedieningsvaardighede soos die gebruik van multimedia en videoproduksies, en algemene bedieningsvaardighede soos die praktyk van die sakrament van die doop, hospitaalbesoek, en die rol van statistieke.

- Die behoefte dat daar gespesialiseerde opleiding moet wees, en nie generaliserende opleiding nie.



HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN SLOT

4.1 INLEIDING

Die eerste doelstelling van hierdie navorsing was 'n verkenning en beskrywing van pastore wat aan die ATS studeer het se belewenis van hulle teologiese opleiding. Die data is versamel deur gebruik te maak van fenomenologiese onderhoude. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude het aan die respondente die geleentheid verskaf om op 'n ongedwonge wyse hulle belewenis van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening, met my te deel.

Die kwalitatiewe navorsingsmetode en die oop onderhoude het my ook gehelp om nie my eie voorafopgestelde idees in die studie te betrek nie. Dit was veral belangrik omdat ek as teoloog en as lektor by die ATS op 'n baie intense wyse persoonlik betrokke by die onderwerp van navorsing is.

Die stappe van die kwalitatiewe navorsingsproses wat gevolg is ten einde die beskrywings te analiseer het aan my 'n sistematiese raamwerk verskaf om myself te kan identifiseer met die belewenis van pastore van hulle teologiese opleiding. Dit het aan my die geleentheid gebied om die teologiese opleiding deur die oë van pastore wat in die pastoraat staan te sien, en nie deur die oë van 'n teoloog wat ook 'n lektor aan die ATS is nie.

Die belewenis van die pastore van hulle opleiding het ook aan my die nodige informasie gebied om bepaalde riglyne voor te hou vir teologiese opleiding aan die ATS ten einde die opleiding van pastore so effektief moontlik te maak.

Die volgende hoofemas en subtemas is deur die navorsing geïdentifiseer:

HOOFTEMAS	SUBTEMAS
<p>Die belang van 'n goeie teologiese opleiding as fondasie vir kennis en verhoudings. Die navorsing het bevind dat 'n goeie teologiese fondasie essensieel is, veral ten opsigte van Bybelkennis en Dogmatiek.</p>	<p>Inhoud van die Bybel Dogmatiek Dissipline Vriendskapverhoudings</p>
<p>Die fokus van die opleiding van pastore is hoofsaaklik kognitief en nie praktykgerig nie. Die navorsing het getoon dat daar koersaanpassings gemaak moet word om meer te fokus op die "hoe" van die pastoraat.</p>	
<p>Die ontdekking en ontwikkeling van selfpotensiaal. Die respondente het aangetoon dat daar 'n groot behoefte is dat hulle eie gawes en bedieninge ontwikkel moet word.</p>	
<p>Interpersoonlike vaardighede ontbreek. Daar is veral 'n behoefte dat daar opleiding moet wees hoe die pastoor se familie effektief in die pastoraat moet funksioneer.</p>	
<p>Persoonlike leierskap. Die navorsing het getoon dat die ATS mede-verantwoordelikheid moet aanvaar om die karakter en spiritualiteit van die studente te ontwikkel.</p>	<p>Tydsbestuur Karakterontwikkeling/spiritualiteit</p>
<p>Behoefte aan mentorskap. Die studente het 'n begeerte uitgespreek dat die dosente die rol van mentors in hulle lewe moet vervul.</p>	

<p>Gemeentebestuur en –bediening. Die grootste tekortkominge het op hierdie gebied voorgekom. Die studente se belewenis was dat hulle nie effektief voorberei is om 'n groot aantal praktiese aangeleenthede van gemeentebestuur en bediening te kan toepas nie.</p>	<p>Leierskap Personeelbestuur en spanbou Visionering Bemaking en befondsing Prediking en kommunikasievaardighede Mobilisasie van lidmate Missiologiese opdrag aan die Kerk Jeug- en kinderbediening Diensbeplanning Musiek en aanbidding Tegnieise bedieningsvaardighede Algemene bedieningsvaardighede</p>
<p>Behoeftes aan spesialisasie. Die navorsing het aangetoon dat die studente 'n behoefte het om, in ooreenstemming met hulle gawes en bedienings, spesialisopleiding in verskillende areas van die pastoraat te ontvang.</p>	

4.2 RIGLYNE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING AAN DIE ATS

Hier volg nou 'n beskrywing van riglyne aan die Kerk en die ATS om die mees effektiewe model vir teologiese opleiding daar te stel. Hierdie riglyne het nie ten doel om 'n moontlike nuwe kurrikulum daar te stel nie. Die presiese manier waarop daar aanpassings in die opleiding van pastore aan die ATS gemaak behoort te word, sal in die praktyk uitgewerk moet word. Die volgende riglyne word aangebied as aanduiding van die faktore wat in 'n nuwe opleidingsmodel aandag moet kry.

4.2.1 Goeie teologiese fondasie

Dit is duidelik dat die opleiding aan die ATS in een spesifieke opsig voortreflike diens lewer. Dit is in die verskaffing van 'n goeie teologiese fondasie. So 'n fondasie, wat insluit kennis, verstaan en toepassing van die Ou Testament en die Nuwe Testament, eksegetiese vaardighede en Dogmatiek, is onontbeerlik. Dit vorm die basis waarop praktiese vaardighede moet voorbou. Hierdie teologiese fondasie moet die hart van teologiese opleiding vorm. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit nie hier gaan om kennis ter wille van kennis nie, maar om die vaardighede om die Bybel en teologiese kennis in die kontemporêre situasie te kan toepas.

4.2.2 Praktykgerigte opleiding

Die opleiding aan die ATS moet baie meer praktykgerig wees. Dit is baie duidelik uit die navorsing dat daar 'n groot behoefte bestaan na opleiding wat meer uitkomsgebaseerd is in die sin van praktiese vaardighede wat aangeleer moet word om die "hoe" van die pastoraat met groter effektiwiteit te kan hanteer. In hierdie praktykgerigtheid behoort pastore wat in die voltydse pastoraat staan asook gemeentes 'n groter rol te speel. Later meer oor laasgenoemde twee aspekte. Die ATS sal praktikums in die opleiding moet inbou. Dit sluit in praktikums, in onder andere, pastorale berading, evangelisasie, leierskapsrolspeling, en meer praktikums in prediking. Die ATS kan ook oorweeg om studente vir bepaalde tydperke in gemeentes met wie daar amptelike ooreenkomste bereik is vir internskap te stuur, waar hulle tydens hulle opleiding groter blootstelling aan die praktyk van die bediening kan beleef. Voorbereiding vir die pastoraat kan nie losgemaak word van die beoefening van die praktyk van die bediening nie.

4.2.3 Die rol van pastore en gemeentes

Alhoewel die ATS dit reeds toepas, behoort daar groter betrokkenheid van pastore wat in die praktyk staan in die opleiding te wees. Dit is noodsaaklik dat die Kerk en die Seminarium mede-verantwoordelikheid van pastore vir die bediening moet aanvaar. Studente het die insette nodig van pastore wat in die pastoraat staan. Net soos mediese dokters en tandartse opleiding ontvang van personeel wat praktiseer,

het pastore ook insette nodig van persone wat daaglik die praktyk van die pastoraat beoefen.

Barna (2001:228-229) is van mening dat die toekoms van teologiese opleiding inhou dat gemeentes, eerder as Seminariums, die teologiese opleiding van pastore, ouderlinge en ander kerkleiers sal hanteer. Hy is ook van mening dat daar alternatiewe instellings sal wees wat die Internet en ander tegnologie sal gebruik om sodanige opleiding te fasiliteer. Ek is van mening dat Barna die rol van Seminariums in die toekoms onderskat. Ek dink wel dat gemeentes baie meer betrokke behoort te wees in die opleiding van pastore, maar ek meen nie dat die rol van Seminariums geheel-en-al deur gemeentes oorgeneem sal word nie. Seminariums behoort in elk geval self ook meer van die Internet en ander tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak in die opleiding van pastore.

Ek is wel van mening dat die ATS gemeentes moet identifiseer met wie hande gevat kan word om die opleiding van pastore meer effektief te maak. Sodanige gemeentes en hulle pastore kan 'n baie belangrike rol speel ten opsigte van die praktiese opleiding van kandidate vir die bediening.

4.2.4 Nuwe kurrikulum

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

'n Groot aantal van die geïdentifiseerde temas het te make met tekortkominge in die kurrikulum van die ATS. Dit sal dus nodig wees dat die ATS nuut na sy kurrikulum moet kyk. Dit is veral op die gebied van die Praktiese Teologie dat die leemtes blootgelê is. Opleiding (nie net teoreties nie maar ook prakties) ten opsigte van interpersoonlike vaardighede, leierskap, personeelbestuur en spanbou, visionering, bemaking en befondsing, prediking en kommunikasievaardighede, die mobilisasie van lidmate, die missiologiese opdrag aan die Kerk, jeug- en kinderbediening, diensbeplanning, musiek en aanbidding, en tegniese bedieningsvaardighede moet ingebou word. Dit beteken dat Praktiese Teologie uitgebou moet word sodat dit dalk soveel as een derde van die kurrikulum moet beslaan.

4.2.5 Missionêre opleiding

Dit is uiters belangrik dat die ATS baie meer missiënêr in sy opleiding moet wees. Dit behels nie net Missiologie as vakgebied nie, maar elke vakgebied moet in diens staan van die missiologiese opdrag aan die Kerk. Die totaliteit van die opleiding moet uiteindelik daarop gerig wees om pastore op te lei wat meer effektief kan wees in die uitvoering van die missiologiese opdrag van die Kerk.

4.2.6 Mentorskap

Die dosente van die ATS moet verantwoordelikheid aanvaar om as mentors van hulle studente op te tree. Tans is daar voogdosente aangestel vir elke klas. Hierdie voogdosente ontmoet op 'n weeklikse basis met sy klas. Dit wil egter voorkom dat die behoefte meer 'n een-tot-een mentorsverhouding tussen dosente en studente vereis. Hierdie mentorsverhouding behoort nie net vir die tydsduur van die opleiding in plek te wees nie, maar dit bied die geleentheid vir 'n lewenslange mentorsverhouding.

4.2.7 Ontwikkeling van spiritualiteit en karakter

Die ATS moet in sy opleiding verantwoordelikheid aanvaar om die karakter en spiritualiteit van sy studente te ontwikkel. Die omgewing waarin die Kerk funksioneer raak al hoe meer vyandig teenoor die Kerk. In 'n tyd van groot stres en uitdagings, moet pastore voorberei word om geestelik nie net te kan oorleef nie, maar te floreer.

4.2.8 Ontdekking en ontwikkeling van geestelike gawes

Dit is baie duidelik dat die ATS verantwoordelikheid moet aanvaar om sy studente te begelei tot die ontdekking van hulle geestelike gawes en bedieninge. Elke mens word deur God geskape met unieke self – en bedieningspotensiaal. Studente moet begelei word om op die laaste aan die einde van sy eerste jaar of die begin van sy tweede jaar toetse af te lê wat sy gawes aan hom of haar sal toon. Sodanige toetse moet wetenskaplik-ontwerpte meetinstrumente behels. Daarna behoort hulle

gespesialiseerde opleiding te ontvang wat hulle gaan help om meer effektief binne hulle bedieningspotensiaal te kan funksioneer.

4.2.9 Gespesialiseerde opleiding

Die ATS moet ruimte maak in sy opleiding vir spesialisasie. Daar behoort, in 'n nuwe kurrikulum, geleentheid wees dat studente in 'n spesifieke bedieningsveld kan spesialiseer, afhangende van hulle selfpotensiaal. Daar behoort sekere dinge vasgemaak te word wat deel van die basiese opleiding moet wees. Daarna moet gespesialiseerde opleiding kan realiseer. Gibbs en Coffey (2001:110, 117) wys tereg daarop dat daar 'n behoefte is aan 'n toename in spesialisasie in teologiese opleiding, gebaseer op die ervaring, gawes en roeping van elke student. Die kurrikulum moet egter 'n kern bevat wat sal verseker dat elke student 'n sterk en gesonde fondasie sal hê waarop die meer gespesialiseerde aspekte van hulle opleiding kan voortbou.

4.3 SUGGESTIES VIR VERDERE NAVORSING

Hierdie navorsing lewer 'n oorspronklike bydrae tot die debat oor teologiese opleiding, en spesifiek dan die teologiese opleiding van pastore van die AGS van SA. Dit is die eerste studie wat pastore, wat aan die ATS afgestudeer het, se belewenis van hulle teologiese opleiding as voorbereiding vir die bediening op 'n wetenskaplike wyse getoets het. As sulks het dit 'n aantal belangrike temas en subtemas geïdentifiseer waarvoor riglyne aangebied is wat rigtinggewend kan wees vir die toekoms van teologiese opleiding aan die ATS.

Daar bestaan baie moontlikhede vir verdere navorsing oor teologiese opleiding in die AGS van SA. Hierdie navorsing het gefokus op opleiding aan die Aucklandpark Teologiese Seminarium. Die twee ander amptelike Seminariums van die AGS, te Sarepta en Shosanguve, het nie deel uitgemaak van die studie nie. Daar behoort ook soortgelyke navorsing by hierdie twee instellings gedoen te word, om 'n meer volledige prentjie van die effektiwiteit al dan nie van teologiese opleiding in die AGS van SA te kry.

Daar behoort ook kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing gedoen te word onder die lidmate van die AGS van SA om vas te stel hoe hulle dink oor die teologiese opleiding van pastore. Hierdie navorsing moet onder alle bevolkingsgroepe, en in sowel stedelike as plattelandse gebiede gedoen word. Meer navorsing is ook nodig om vas te stel hoe die dosente van die verskillende Teologiese Seminariums van die AGS van SA oor teologiese opleiding dink.

Hierdie navorsing was ook kwalitatief van aard. Dit skep die moontlikheid dat daar verdere kwantitatiewe navorsing gedoen kan word waarin die resultate van die huidige studie aan die hand van vraelyste by 'n groter verteenwoordiging van pastore van die AGS van SA getoets kan word. Die werklike behoeftes vir die pastoraat kan op so 'n wyse bepaal word sodat teologiese opleiding in die AGS van SA aangepas kan word, nuwe kurrikula ontwikkel word, wat die mees effektiewe, relevante opleidingsmodel tot gevolg kan hê.



BRONNELYS

Anderson, L 1992. *A Church for the 21st century: Bringing change to your Church to meet the challenges of a changing society.* Minneapolis: Bethany House.

Barna, G 1993. *Today's pastors.* Ventura: Regal.

Barna, G 1998. *The second coming of the Church.* Nashville: Word.

Barna, G 2001. *Boiling point.* Ventura: Regal.

Basson, G J 1996. 'n Prakties-Teologiese teorie vir leierskap vanuit 'n Kerkgroei perspektief. DTh proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Burns, N & Grove, S K 1993. *The practice of nursing: Conduct, critique and utilization.* Philadelphia: Saunders.

Cohen, C & Copi, I M 1994. *Introduction to logic.* New York: Macmillan.

Creswell, J W 1994. *Research design: Qualitative & Quantitative approaches.* Thousand Oaks: Sage.

De Kok, P O 2001. A relevant curriculum framework for the training of pastors. M Ed dissertation, RAU.

De Pree, M 1992. *Leadership Jazz.* New York: Bantam Doubleday Dell.

Erasmus, L J 1990. Uitbranding onder Apostoliese Geloof Sending pastore: 'n Prakties-teologiese ondersoek. M Th verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

George, C F 1994. *The coming Church revolution: Empowering leaders for the future.* Grand rapids: Fleming H. Revell.

Gibbs, E & Coffey, I 2001. *Church next: Quantum changes in Christian ministry*. Leicester: Inter-Varsity.

Jordaan, W J & Jordaan, J J 1998. *Mens in konteks*. 3de uitg. Johannesburg: Lexikon.

Joubert, S J 2001. Teologiekroniek: Die relevansie van teologie in millennium drie. *Verbum et Ecclesia* 22 (1), 191-197.

Krefting, L 1991. Rigor in qualitative research: The assessment of trustworthiness. *American Journal of Occupational Therapy* 45 (3), 214-222.

Krueger, R A 1994. *Focus groups*. Thousand Oaks: Sage.

Kvale, S 1983. The qualitative research interview: A phenomenological and a hermeneutical mode of understanding. *Journal of Phenomenological Psychology* 14, 171-196.

Lewis, R 2001. *The church of irresistible influence*. Grand Rapids: Zondervan.

Lincoln, Y S & Guba, E G 1985. *Naturalistic inquiry*. London: Sage

Malphurs, A 1999. *The dynamics of Church leadership*. Grand Rapids: Baker. (Ministry dynamics for a new century.)

Marshall, C & Rossman, G B 1999. *Designing qualitative research*. 3rd ed. Thousand Oaks: Sage.

Miles, M B & Huberman, A M 1994. *Qualitative data analysis*. New York: Sage.

Mouton, J & Marais, A 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.

Mouton, J 1996. *Understanding social research*. Pretoria: Van Schaik.

Myburgh, C P H & Poggenpoel, M 1995. A qualitative research strategy: And what now? *RAUCUR* 1 (2), 4-9.

Omery, A 1983. Phenomenology: a method for nursing research. *Advances in nursing science* 5 (2), 49-63.

Polkinghorne, D E 1989. Phenomenological research methods, in Valle, R S & Halling, S (eds), *Existential-Phenomenological perspectives in psychology: Exploring the breadth of human experience*, New York: Plenum.

Smith, D P J 1995. *Navorsingsontwerp en struktuur van hoofstuk een van 'n skripsie, verhandeling of proefskrif*. Johannesburg: RAU. (Monografie.)

Sweet, L 2001. *Carpe Mañana: Is your Church ready to seize tomorrow?* Grand Rapids: Zondervan.

Wagner, C P 1979. *Your spiritual gifts can help your church grow*. Ventura:Regal.

Wagner, C P 2001. Reengineering the Seminary of the Postmoderns: An experimental paradigm for training ministers. *Strategies for Today's leader*, second quarter, 15-17.

Wilsenach, L 1999. *Marknavorsing: 'n Visie vir 'n nuwe millenium*. Gespreknotas.

Wilson, H S 1989. *Research in nursing*. New York: Addison-Wesley.

BYLAE A

TOESTEMMING VIR NAVORSINGSONDERSOEK



11 Junie 2002

Geagte kliënt

VERSOEK OM TOESTEMMING VIR NAVORSINGSONDERSOEK

Ek is 'n M.A (Teologie) student aan die Aucklandpark Teologiese Seminarium en die Randse Afrikaanse Universiteit, tans besig met 'n navorsingsprojek wat handel oor die beleving van pastore van hulle teologiese opleiding aan die Aucklandpark Teologiese Seminarium (ATS). Die navorsing vind plaas onder die supervisie van Doktor J Geyser (ATS) en Professor H Viviers (Dept Bybelkunde, RAU).

Die navorsingsdoel is om pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding te verken en te beskryf ten einde riglyne daar te stel vir 'n moontlike nuwe model vir teologiese opleiding.

Om die studie te voltooi, benodig ek onderhoude met pastore wat hulle teologiese opleiding aan die ATS ondergaan het. Die onderhoude sal ongeveer 40-50 minute duur en sal op audioband opgeneem word.

Om die anonimiteit van die persone te verseker onderneem ek dat persoonsname en plekke nie in die navorsingstuk genoem sal word nie. Sodra die audiobande getranskribeer is, sal dit vernietig word. Die getranskribeerde materiaal sal slegs deur myself en een onafhanklike kodeerder hanteer word.

Die langtermyn voordele van die studie is dat die bevindings gebruik gaan word om riglyne daar te stel vir 'n nuwe model vir teologiese opleiding wat die behoeftes van die dag sal ontmoet. 'n Opsomming van die navorsing sal aan die Kerk beskikbaar gestel word.

Geteken te op die dag van 2002.

.....
Handtekening van kliënt

.....
Leonard Maré (Dr)
D. Litt. Et Phil. (Bybelkunde)
Navorser



.....
Johan Geysler (Dr)
D.Min
Studieleier

.....
Hennie Viviers (Prof)
D.D
Mede-studieleier

BYLAE B

GETRANSKRIBEEERDE ONDERHOUD



L

Baie dankie vir jou toestemming om hierdie onderhoud met jou te voer uh die vraag wat ek wil vra is: Hoe beleef jy die teologiese opleiding wat jy aan die ATS ondergaan het as voorbereiding vir die bediening?

R

Baie dankie vir die geleentheid en die vertrouwe in my dat ek kan deelneem aan die sessie. Ek wil dit duidelik stel dat uh ek is gladnie negatief teenoor die Teologiese Kollege nie. Ek is gladnie negatief teenoor die AGS nie, my hart brand vir ons kerk en ek glo dat God het 'n groot plan met ons kerk en met die opleiding. Uh as ek kan begin laat ek begin met dit wat ek ervaar het my regtig gehelp het.

Wat my ... die belangrikste ding wat ek geleer het op Teologiese Kollege - ek was vier jaar lank hier gewees - is dissipline. Nie teologie nie, uh nie hoe om die wêreld te verstaan nie maar dissipline en dis hoekom dit vir my belangrik was om hier te wees. Ek kan nie my pad sien enigsens anderse paadjie om hier te begin het ag om in die bediening te kom as sonder daai vier jaar nie. Die vier jaar het my geleer om op te staan en klas toe te gaan, by die huis te kom, te gaan voorberei, te gaan sit wanneer jy graag wil uitgaan en te sê ek moet gedissiplineerd sit en ek moet sit en voorberei vir take of wat ookal. Uhm dis die vier jaar waar ek glo dat ek persoonlik op die rak gesit het soos die pottbakker en die klei uh gewerk het en ek dink dit was redelik gevorm maar daar was ek op die rak gewees, daar het nie veel in my lewe gebeur wat bediening aanbetref nie. Nou dit was vir my 'n tydperk wat ek altyd bo uitstek sê uh dit het my dissipline geleer. Ek is baie sterk van mening 'n persoon sonder redelike mate van dissipline mag nie eers in die bediening ingaan nie. Uh ek dink dissipline is die primêre ding wat my regtig help fokus elke dag.

Nou uh die inhoud wat ek geleer het. Ek het verskriklik baie geleer oor teologie uh die verstaan van die Bybel, uhm geestelike waarde in die Bybel, OT, NT, uhm PT, en daar's 'n verskriklike klomp goed wat ek geleer het aangaande die Woord, uh Dogmatiek, uhm wat baie baie (onduidelik) is. As ek nou sit en dink uhm goeters wat vir my uitgestaan het van teologie en Dogmatiek en uh of Dogmatiek is Dr. Moller se klasse gewees, dit was vir my baie baie inspirerend, dit het my maak dink, dit het my maak dink oor waarom gebeur dinge, bv. met die kom ons sê die uh die leer

aangaande die eindtyd, die eskatalogie nou uh ek leer dit nie elke dag vir my mense nie, maar dit het my op 'n plek en tyd gebring waar ek nie net aanvaar wat selfs die Teologiese Kollege my leer nie maar dit is op so manier aangebied dat dit kontradiksioneel was met alles wat ek nog altyd geglo het en dit het nie my geloof sowat verander nie of my manier waarop ek dit verstaan verander nie, dit het my gemaak en gesê gaan en moet nie net aanvaar wat mense vir jou sê nie. Gaan dink daaroor, gaan lees en gaan kyk wat sê die Bybel daaroor, kry 'n goeie grondslag vir wat jy glo, soos wat jy voel jy moet leef.

Nou, ek dink dit is belangrik, ek dink nie 'n mens kan die bediening ingaan sonder om uh die dogma van die kerk te verstaan nie, die goeie houvas oor 'n breë raamwerk te hê nie, dit is belangrik. Wat ek sê ek kan nie vir jou sê ek het hier uitgestap en ek ken 500 skrifte uit my kop uit nie, maar ek weet wat die Bybel sê. Ek weet wat die NT leer, ek ken die leer van die Bybel uhm dan het ek 'n redelike breë raamwerk van wat in die NT aangaan. Ek het 'n redelike breë raamwerk hoe om die OT te verstaan. Uh wat is die doel van die OT. Die doel van die OT is nie altyd net om en dit het ek al baie gebruik, die doel van die OT is nie vir my om vir my te sê hoe het alles presies gebeur nie, maar om vir my te sê God staan in verhouding met die mens en hoe wil God met ons in verhouding staan. Dit het nie vir my gesê die aarde het ontstaan presies in sewe dae nie, en dat God die Spreker was wat gesê het dis presies hoe dit moet gebeur en dat ons enige teorie daarop kan bou nie maar hulle het vir gesê God is die Skepper van alles. En dit het net vir my min of meer verduidelik uh hoe dit werk, uh Psalms verstaan ek beter. Ek kan nie vir jou sê dat ek weet presies waar staan wat in die OT nie. Ek weet wat is die leer daarvan, as ek die OT lees weet ek wat om dit te interpreteer, wat ek vandag kan gebruik wat interpreteer ek in die bril van die NT en ek verstaan die Bybel. Ek is bewus daarvan dat die Bybel die grond fondasie is van alles wat ek leer, wat ek aanbied, enige program wat ek by jongmense aanbied, ek is totaal en al bewus dat dit die grondvesting van dit alles is. So wat dit aanbetref, het dit my baie geleer.

Uhm, Grieks en Hebreeus, dit het my geleer - daar is 'n klomp goed wat ek nie verstaan nie en wat ek nie gaan probeer verstaan nie want ek sal dit nie verstaan nie (lag) - Grieks en Hebreeus help my nie baie nie, maar ek voel lekker om te weet ek het daai eksamens geslaag. Dit bring 'n sin van tevredenheid, van dis nie heeltemaal

so Grieks nie. Uh dit bring 'n effense verstaan van uh dit wat ons lees in die Afrikaanse vertaling, daar's partykeer iets diepers as dit. Dit bring 'n verstaan dat jy boek die Bybel die geïnspireer deur God is en deur al die vertalings en alles hou hy nog waarde, maar hy is baie dieper as wat die letter sê. Grieks en Hebreeus, die grootste grootste grootste uhm ding wat ek daar geleer het uh was weer eens sekerlik dissipline om die goed te leer om die goed in my kop te kry, uhm maar om eerlik te sê, ek gebruik dit nie daagliks nie uh Logos Bybelprogram is op my rekenaar dis baie eenvoudig. Ek dink ek verstaan die verduideliking daarvan beter omdat ek die agtergrond het maar ek gebruik dit nie elke dag nie. Uhm, ek wil sê my belewenis by die Teologiese Kollege was positief gewees, ek het dit baie geniet om hier te wees en dit was vir my kardinaal belangrik om hier te wees.

L

As ek net kan opvolg op wat jy sê uh dit klink vir my as ek jou reg verstaan dat jy sê jou teologiese basis daai fondasie is vir jou baie goed gewees.

R

Ja, dit was, dit was eintlik uitstekend gewees. Ek verstaan dit baie goed. Die lering aangaande die koninkryk wat al gekom het en die koninkryk wat nog nie gekom het nie, uh ek kry daagliks vrae van jongmense wat vra hoekom gebeur daar slegte goed met my ouers, hoekom is my ma wat 'n christen was nou in 'n motorongeluk dood, (onduidelik), uh al wat ek kon sê is die wereld is nog nie 'n perfekte koninkryk van God nie. 'n Gedeelte van God se koninkryk het al gekom met die sin van uh daar's 'n klomp great dinge wat gebeur, daar is wonderwerke, daar word demone uitgedryf, uhm die mag en krag van God realiseer in ons daaglikse lewens maar daar's ook 'n klomp onverstaanbare dinge waar die bese net totaal en al nog nie uitgewis is nie dis die deel en dis goeters wat ek geleer het hierso en dit help my met die moeilike vrae uh die verstaan van daai tipe vrae.

Nou, is dit gee dit vir u min of meer 'n basis wat ek wil hê?

L

Ja.

R

Great.

Wat voel ek het gebeur toe ek die eerste dag in die bediening ingestap het? Toe ek die eerste dag in die bediening instap, wel ek was heeltyd in bediening terwyl ek op Kollege was, ek was beroep AGS Ellisras toe. Ek dink dit was 'n Dinsdagoggend toe maak ek my oë oop en toe sê ek vir myself, wat nou? Ek weet dat God is soewerein, ek weet dat God het my lief en God het hierdie dorp lief. Ek weet God wil hierdie mense red. Ek weet op een of ander manier moet ek jeugkerk begin, maar wat doen ek vandag? Waar begin ek vandag? Ek sit die eerste dag daar en nou wonder ek: Moet ek iemand bel of moet iemand my bel? Sit ek en ek wag tot iemand 'n probleem het? Moet ek met die skool gaan praat en sê hallo hier's ek? Of moet ek wag tot hulle sê hallo hier's ons? Uh waar begin ek? Uh die gemeente het nie veel ondervinding in jeugwerk self gehad nie. Nou sit ek by die gemeente, uhm ek weet wat my droom is, ek weet wat in my hart is, maar hoe gaan ek dit regkry? En die eerste paar weke, ek het nie 'n kantoor nie, jy sit by jou huis. Ek het nie 'n kantoor gehad nie, die kerkkantoor word vanuit die pastorie bestuur so ek sit in 'n woonstelletjie sit ek en Maandae, ok wat gaan ek op Maandae doen? Wat gaan ek op Dinsdae doen, wat gaan ek op Woensdae doen (lag), en so dit het ek redelik kortgekom van prakties waar moet ek begin. Wat is die eerste ding wanneer jy nuut in die bediening inkom en ek dink dit is soveel mense se probleem uh hy's uit die Teologiese Kollege uit in 'n gemeente - wat doen ek nou? The ABC of how to start your new church or ministry or whatever (lag).

Uh ek het dit redelik kortgekom maar die Here is genadig gewees en baie vinnig het ek begin routine ontwikkel uhm ek dink dis boeke wat ek gelees het het my gehelp maar die Teologiese Kollege het my nie veel daarmee gehelp nie behalwe en dit wil ek 'n paar keer noem die (onduidelik) wat vir my baie lekker was. Ek dink ek was 'n besondere gelukkige persoon gewees om opeleiding te kry by Dr. Gert Basson. Die klasse wat Dr. Gert Basson vir my aangebied het was lewensveranderend. Uh dit was prakties moontlik omdat hy self prakties in die bediening was uhm dit was nie teoreties van aard en nie werkbaar nie. Die goed wat hy geleer het kon ek onmiddelik vat en toepas en ek dink dit het my rigting gegee. Dit was een kwartaal wat ek by hom klas gekry het, een semester maar daai een semester het my meer

gehelp in my eerste kom ons sê vier maande van my bediening as wat my hele vier jaar my gehelp het. Uhm Dr. Gert Basson het regtig vir my baie beteken maar ek gaan later weer terugkom na hom toe.

So toe begin ek in die bediening uhm ... prediking. Uh nou moet ek begin preek. Die die die logiese instink was nou moet ek 'n kerk begin en ek het nie 'n gemeente nie, ek moet kerk plant en daar is 'n volwasse kerk daar's nie 'n jeugkerk nie. Daar was ses tieners gewees, nou moet ek preek vir hulle. Ek weet ek moet 'n telos hê, ek weet ek moet 'n inleiding hê en ek weet ek moet nie veel meer as drie hoofpunte hê nie want mense gaan nie veel verder onthou en veel verder verstaan nie en wat ek ook weet is dat my telos 'n goue lyn regdeur my preek moet loop - dit was die spesifieke woorde van Prof Jan - wat ek vir jou kan sê wat ek nie weet nie is wat preek ek daai Sondag. Hier sit ek nou met 'n klomp sondaars voor my nou moet ek hulle vertel van die heerlijkheid van God en ek kan vir hulle baie daarvan vertel want ek het dit hier geleer. Ek kan vir hulle vertel van die verbond tussen ons en God maar daai kinders sit met 'n ander probleem, hulle sit met 'n ander fokus. Ek moet iets preek wat sê vir die jongmense in Ellisras sê haai kom ons gaan luister na wat sê daai (onduidelik). Die jongmense wat daarna luister het 'n voorsprong bo wat ons het. Wat ek wil sê is ek is nooit geleer om aktueel te preek nie. Uh dis iets wat ek nou die laaste seker die laaste twee-en-'n-half jaar begin leer het uh prakties in die bediening en dit is 'n ding dink ek wat regtig baie kortkom is hoe preek ek aktueel? Uhm dis baie duidelik vir my dat uhm evangelisasie moet jy eers "need orientated evangelism" wat George Barna dit noem. George Barna praat van "need orientated evangelism". Gee eers die ou die nood wat hy het en dan kan hy luister na wat jy vir hom te sê het. En uh aktuele prediking uh wat ek vandag glo is nooit Christus los nie. Dit mag nie Christus los wees nie. Dit mag nie motivational speech wees nie. Dis 'n preek waar 'n ou goeters aangespreek word oor sy daaglikse lewe oor sy wandel elke dag uh oor sy terrein en omgewing. As dit 'n besigheidsman is oor die besigheidswêreld, waar ookal hy is, maar jy moet Christus na sy wêreld toe vat. Jy moet nie hom bring na jou kerktaal en jou kerk cliches, goeters wat hy nie verstaan nie. Die woordjie "heerlikheid" ek verstaan dit maar gaan hy die woord verstaan? Bring dit na sy wêreld toe, vat Christus na hom toe. En uh dit is iets wat ek regtig geleer het en my baie help, maar ek het dit in die bediening geleer, die teologiese Kollege, voel ek, het dit my nie geleer nie.

Uhm daarso is 'n klomp dinge, kom ons begin ... bemarking. Uh 'n ding wat ek geleer het nadat ek by die Teologiese Kollege uit is, is 'n kerk wat nie bemark nie, is soos 'n kêrel wat sy meisie oogknik in die donker. Hy is verskriklik opgewonde oor wat hy doen (lag), maar sy het geen idee daarvan nie. Uhm ons kan sê dat uhm om heilig te leef moet ek (onduidelik) en dit is hoe dit werk en ek stem 100% saam daarmee. Uh als wat in my lewe gebeur, groei voort uit my verhouding met God uit. Dis genade op genade op genade op genade, maar die realiteit bewys hier in ons eie land is daar honderde honderde pastore wie opreg is met hulle verhouding met God wie die suiwerste motiewe wie regtigwaar 120% toewyding teenoor God gee, wat my tien-teen-een in die skaduwee sal stel maar die gemeente is sukkelend, hulle verteenwoordig nie 'n goeie aantal van hulle gemeenskap se mense in die kerk nie. Nou agter dit alles, waarom is dit so? Dit is my vraag: waarom is dit so? En nou hoor ek pastore praat die volgende: Uh na 'n seminaar wat Theo Geysers 'n sessie aangebied het oor .. nou moet ek mooi dink uh ag man .. die kerk in die moderne wêreld ... uh ek gaan nou vir jou die woord se ... ag ek kan nie nou op die woord kom nie dis nou weg ... maar nadat die sessie aangebied is, stap hulle daaruit en vra maar hoekom is God onregverdig, dat net Theo Geysers se geskiedenis uhm hy instap in 'n gemeente in die grootste sukkelende gemeente wat so gesukkel het oor soveel jare en binne 'n paar jaar lyk hy soos sy gemeente nou lyk en hy is nog nie klaar nie, hy is groeiend en hy is nog besig en daar is nog baie (onduidelik) besig om uit te kom, en nou vra hulle hoekom is God onregverdig om dit te doen? Nou vra ek is dit God wat onregverdig is? Is dit God wat onregverdig is? Of is dit daai persone wat net nie verstaan dat daar's meer aan kerk as op jou knieë voor God? Nou dis 'n belangrike ding op jou knieë voor God maar ek lees my Bybel dat die geloof sonder werke is niks. Ek lees my Bybel dat Paulus sê ek bou soos 'n wyse boumeester soos 'n bekwame boumeester. Hy sê nie net ek bou soos 'n boumeester wat God liefhet nie, hy sê ek bou soos 'n bekwame boumeester. Met êrens, bekwaamheid kom van iets af. Jy moet êrens bekwaam raak om die werk te doen wat jy moet doen en dis 'n groot hartseer, as ek kyk na my presiderende pastoor, uh wat fenomenaal doen op die oomblik. Nou hy's vir my 'n leier in alle opsigte maar weet jy wat hy's nou op die ouderdom van 49 waar hy nou eers die goed leer wat hy moet weet. Hy's nou op die ouderdom van 49 waar hy sekere dinge oor die kerk besef, waar hy sekere leierskaps uh leierskapsdiploma gaan loop het by Johan Geysers, toe hy daarmee klaar is, dit was op die ouderdom van 46 gaan loop hy daai ding. Toe hy daarmee

klaar is toe kom hy terug toe sê hy hoekom het ek nooit die goed geleer nie? En hy't begin en in 'n kwessie van twee en 'n half jaar ervaar ons 280%, 300% groei in ons gemeente. Hy het nie nou meer toegewyd geleef nou nie, hy het nie meer begin bedien nou nie, hy't net goeters gesnap, hy't net goeters geleer en dit het hom empower om die werk te doen wat hy nou moet doen. En dis die goeters wat ek kortkom by die Teologiese Kollege.

Uhm weer eens, ek voel verskriklik positief oor my opleiding, ek kon nie pad stap waar ek nou is as ek nie hiernatoe gekom het nie maar ek dink ek kon beter voorbereid gewees het. Uhm ek dink dit is genade van God dat ek regtig bereik het wat ek bereik het. Dis regtig net genade want ek is gladnie 'n akademikus nie. God het my gehelp deur die Teologiese Kollege dat ek altyd bogemiddeld my vakke deurgekom het uhm maar op die ou eind van die dag is daar soveel goeters wat kortkom. Ons praat van uh ek het bemerking genoem, kom ons praat van leierskap.

Ek moet daaglik meer vrae en uitdagings beantwoord van leierskap as oor kerkleer of teologie. Ek kan daaglik met kom ons sê tien leierskapsuitdagings, tien leierskapsuitdagings, waar ek regtig teologiese kwessies sal hê een per maand as dit soveel is. Ek staan met uitdagings van befondsing. Daaglik staar ek uitdagings van befondsing in die oog. Weer eens my interpretasie van die Nuwe Testament of van die Ou Testament uhm word nie vir my so drukkend gegee dat jy moet dit nou weet jy moet dit nou weet nie. Wat ek eerder sal wil weet en ek het dit nou, wat ek eerder sal wil weet is hoe befonds ek suksesvol. Johan Geysers het gelukkig weer eens die genade van God my laaste jaar het hy weer eens uh 'n semester kom aanbied oor befondsing. Hy het leierskap en befondsing hanteer. Ek praat van dit is een semester in my vier jaar teologiese opleiding. Een semester in vier jaar teologiese opleiding. En daai een semester is die ding wat ek die meeste te doen kry elke dag van my bediening. Dis die ding wat ek elke dag in die oë moet staar en terughardloop na boeke toe, boeke kry, boeke oopmaak, dit deurlees, so vinnig as moontlik moet ek die goeters onder die knie kry en dan keuses maak, sê nou daai keuses was nie die regte keuse nie, terugkom, evalueer, kyk na die situasie en weer probeer en weer probeer en dit is wat my aan die gang hou, uh want ek evalueer dit konstant as ek dit nie regkry nie dan gaan kyk ek na plekke, hoe om hierdie goed te hanteer.

Goeters wat ek nie geleer het nie wat verskriklik belangrik vir my is, is hoe om, kom ek sê wat ek nie effektief geleer het nie, as hulle hulle het dit tien teen een geleer in my tydperk, maar dit is nooit effektief, ek is nie ge"empower" met dit nie, hoe om 'n gewone lidmaat te vat en hom in 'n bediening te plaas. Ek het besef dat God se manier om die kerk te dryf is deur die liggaam van Christus. Waar ek gekom het in die kerk probeer die meeste pastore die goeters self doen. Nie omdat hulle wil hulle dink dit word van hulle verwag, hulle dink hulle moet dit doen, hulle dink hulle moet huisbesoek doen, hulle dink hulle moet die berading doen, hulle dink hulle moet die leierskap doen, hulle moet die bestuurder wees van die gemeente, hulle dink hulle moet die befondsing doen, hulle dink hulle moet die voorsitter van die raad wees, hulle dink hulle moet die jeug hanteer, en hulle dink al hierdie goeters, maar as ek kom en ek kyk na die suksesvolle gemeentes in die wereld, dan sien ek een van die dinge wat hulle suksesvol maak, is hulle mense in bediening. "Every member a minsiter". Uhm ek was 'n rukkie terug in Amerika gewees by Willow Creek gemeente uhm, as ek sien ... as ek vir jou moet sê as jy vir my moet vra wat is die grootste ding wat jy daar geleer het, is die sorg, die liefde, die motivering om opleiding van hulle vrywillige werkers in die gemeente. Hulle het letterlik duisende vrywillige werkers in die gemeente. Duisende! En dit is wat vir hulle vry maak om visionêr te dink, om vry te word van die daaglikse rompslomp en die goeters wat elke dag op hulle tafel land en net dan kan hulle tyd maak vir toekomstend te dink, nie vir nou te dink en vure nou dood te slaan nie, vir beplanning, vir vooruitdenke, en uh ek dink dit is deel van hulle verskriklike groot sukses, hoe om uh vrywilligers te uh empower, om regtigwaar uh betrokke te raak in bediening. Nou dan praat ek nie van om 'n sangleier te hê nie, ek praat van om minimum 4 sangleiers te hê. Met een sangleier in die kerk werk dit vandag so: as jy een sangleier het moet hy elke week, elke week al die sange lei, al die sange lei, al die sange lei, en daai ou word so uitgebrand. Ons loop in 'n negatiewe kringloop in want wat nou gebeur is die ou is nie meer vervuld nie, alhoewel dit sy gawe en passie is, is hy nie meer vervuld nie, want hy spandeer uh hy spandeer 'n oormaat tyd daaraan, dis nie gebalanseerd nie. M.a.w. die gemeente kyk en sê jig maar daai ou werk hom morsdood, hy lyk nie vervuld nie, m.a.w dit sê vir my "don't go into ministry in this church". Bly waar jy is want jy's te besig. As ek gaan kyk wat ek geleer het by Willow Creek hulle probeer vir elke bediening is daar 'n tydskedule wat jy aan moet voldoen. Jy kan in die voorsang betrokke wees met een uur per week available. Daar's ook ruimte vir 'n ou wat 5 ure per week kan gee.

En hulle maak ruimte vir elke vlak, elke klas mens om betrokke te raak in bediening en hulle groot doel is om vervulde mense in bediening te hê. En omdat hulle 'n persoon in bediening het en hy is vervuld, wat doen hy? Mense sê hy straal as hy dit doen, mense se whoa, dit lyk lekker en hulle praat met hom en hy sê jog julle moet betrokke raak in bediening ouens, dit doen vir my so baie. En dit het dan 'n positiewe kringloop, maar ons is almal in 'n negatiewe kringloop van die paar outjies wat die goed moet doen is so oorwerk, is so oordryf, en hulle is net getrou want hulle kan jou nie los nie, want as hulle jou los stort die kerk in duie of nie die hele kerk nie, maar stort daai bediening in duie. Hulle voel hulle drop jou nou en die ander ouens hou hulle dop en hulle is te bang om aan te gaan Maar as jy dit kan omdraai dat die ouens beter kan voel oor wat hulle doen, vervuld is in wat hulle doen, genoeg tyd spandeer dat hulle 'n gebalanseerde lewe het, uh is dit 'n sneeubal effek wat net meer en meer mense in bediening intrek. Ek dink dit is 'n verskriklike belangrike ding. Ek dink ek sal amper 'n jaar (lag) hieraan kan spandeer vandag. Dis 'n baie belangrike ding vir my wat ek nooit geleer het nie is dat mense word ... mense is op verskillende vlakke van verhouding met God en hoe om verskillende programme aan te bied om verskillende behoefte situasies aan te spreek hoe om verskillende geestelike vlak situasies aan te spreek. Byvoorbeeld, as ek sien Jesus het 'n persoon gehad wat baie naby aan Hom was. Jesus het sekere dinge met Johannes gedeel wat Hy nie met die res van die wêreld gedeel het nie, net met Johannes, want Johannes was geestelik gereed om die dinge te aanvaar. Jesus het sekere dinge gedeel met 3 dissipels - Johannes, Jakobus en Petrus wat Hy nie met die res van die dissipels gedeel het nie. Hy het iets verstaan van hierdie ouens is ryp vir sekere vlakke van inligting wat Ek vir julle kan gee. Jesus het dan (onduidelik) Hy het 'n 1 gehad, Hy het 'n 3 gehad, Hy het 'n 12 gehad, Ek dink Hy het 'n 70 gehad en ek dink selfs Hy het 'n 300 gehad. Dan het Hy 'n skare gehad. Vir die 300 het Hy nie geleer wat Hy vir die skare geleer het nie. As Hy die skare geleer het, wat het Hy geleer? Hy het gesê: Jy moet jou broeder liefhê, Hy het gesê jy moet uh Hy het jou geleer hoe om honflik te hanteer - haal eers die balk uit jou eie oog uit as die splinter uit daai ou se oog uit. En dan het Hy altyd êrens gekom by commitment, Hy het altyd 'n bietjie meer commitment gevra, bietjie meer commitment gevra en dan het jy gesien Hy kom altyd op 'n plek waar Hy goeters leer soos "wie dink julle Ek regtig is". Dis baie meer hoër goeters, dis baie goeters wat baie meer intiem is, wat groter geestelike waarhede is en dan's Hy by die dissipels. Dan verstaan die dissipels nog

nie eers nie. En wat ek geleer het in die bediening is, ek kan nie net een diens hê nie. Ek kan nie my Sondagoggend diens en my Sondagaand diens vir een kategorie ingooi en hoop maar dis 'n mogge treffe, ek slaan dalk iemand raak nie. Want 90% van die tyd frustreer jy 50 % van die gehoor. Hulle is nie almal op dieselfde vlak nie. Uhm, wat ek geleer het is, is daar moet en jongmense op Teologiese Kollege moet dit geleer word dat jy programmeer jou dienste vir 'n sekere groep mense. Paulus het gesê ek hardloop 'n wedstryd om te wen, ek slaan met my vuiste nie om net in die lug rond te slaan nie, ek slaan met my vuiste om 'n ou op die neus te slaan. Ek slaan, want ek is doelgerig en as daar mense in daai diens inkom weet jy wat se kwaliteit mense dit is, jy weet op watter geestelike vlak daai ou is en jy weet wat is jou (onduidelik) en jy beplan waarmee moet daai ou hier uitstap. Jy beplan selfs watter emosionele uh gevoel jy in daai ou wil losmaak. Daai ou moet daar uitstap in oorwinning, hy moet voel hy is 'n oorwinnaar, hy moet voel hy kan in Christus of hy moet daar uitstap met 'n gevoel van uh teleurstelling, my lewe is 'n mislukking as ek nie nou gaan opstaan en begin keuses maak nie. Jy moet daai ou raak, maar as jy net bloot kerkhou vir die gehoor, dan raak jy hom nie. Byvoorbeeld, waar in die Woord is daar 'n aanduiding dat ons moet 'n Sondagoggend diens hê en 'n Sondagaand diens hê. Sondagoggend dienste is vir die gemeente en Sondagaand dienste is evangelisasie dienste en uh waar het die ding ooit gekom dat dit so moet lyk? Ons denke is nooit geskud en gesê dink wat jy doen nie. Daar is vir ons geleer wie en wat is 'n pastoor, hoe moet 'n pastoor lyk, wat moet 'n pastoor doen uh en die teologie en die grond (onduidelik) van die teologie. Nou stap jy in die kerk in en jy aanvaar die goeters, want daar was groot geestelike leiers voor jou wat die goeters daar gestel het en jy vra nie vrae nie. Gelukkig is ek 'n moeilike ou omdat ek vrae vra en dit help my om te verstaan waarom doen ek die goed en ek dink toe ek in die Teologiese Kollege was, was ek nie 'n populêre ou nie want ek het 90% van die tyd onpopulêre vrae gevra. Ek het regtig onpopulêre vrae gevra uhm en ek vra vandag nog steeds. Nou, dis wat ek sien mens moet leer: wie target jy? En om 'n bedieningsprogram te ontwikkel wat die verskillende fases van die mens bedien.

Dan die holistiese bediening van die mens. Die mens is nie net gees nie. Mens is gees siel en liggaam. Om 'n mens in sy totaal te ontwikkel, uh dis vir my 'n belangrike ding. Uhm, wat ek voel daar nog kortgekort word, was, dis nou moeilik vir my om dit te sê hoe om my spesialis area te penetreer. Ons het gepraat van

adolosensie. Maar weet jy toe ek hier op Kollege was het ek nie eers geweet adolosensie is jeug nie. Ek het gewonder dit is een of ander kategorie van die mens, dis iets maar daai ou wat dit vir ons vertel het was ... OUD. Die ou wat dit my geleer het, was OUD. En hy't nie my net dit geleer nie, hy het my kinders, adolosensie en ongetroude jeug geleer. M.a.w hy het nie 'n spesialisveld op enige van die vlakke gehad nie. Op daai stadium dink ek, ek kon die klas beter aanbied as hy. En nou wil ek nie arrogant wees nie, ek is nie arrogant nie maar uh wat ek net bedoel is, hy het my niks geleer nie. Ek kan nie 'n ding onthou nie. Wat ek onthou, is hoe hy sy hare gekam het en hoe die boek gelyk het. Dis wat ek kan onthou. Wat ek weet is daai man het God lief, wat ek weet is daai man was regtig opreg gewees, maar ek dink net soos ek, was hy dalk ook swak ingelig. Want die manier wat hy dit gedoen het, het gewerk toe hy dit nog gedoen het, toe hy nog jonk was.

Uhm dis vir my baie belangrik gewees om uhm nou te leer terwyl ek nou in die bediening is uhm om selfleierskap te doen, om na myself te kan kyk. By die Teologiese Kollege het jy almal om jou, almal gee raad, almal staan by, daar word gereeld vir jou gebid, uh die studente bid vir mekaar. Nou staan ek in die bediening en daar is nie altyd 'n geestelike leier om na op te kyk nie. Daar is nie altyd iemand wat vir jou lering gee op jou intellektuele en uh jou verhoudingsvlak met God nie. Uhm, hoe om jou eie geestelike lewe daar te hou waar dit moet wees. Hoe om jouself, hoe om jouself uhm gemotiveerd te hou, hoe om altyddeur relevant te bly. 'n Belangrike ding wat ek glo ek het nie geleer nie, is hoe om na myself en my familie te kyk. Baie mense sê en ek wil dit nie 'n cliché noem nie maar uhm 90% van die pastore se kinders waarna 'n mens kyk uh hulle gesin is partykeer in groter moeilikheid as die gemeente s'n. Ek ervaar dat uhm pastore 'n 110% gee vir die bediening, partykeer op 'n dom manier probeer ek hard werk want hulle dink partykeer hard werk sal hulle êrens bring, dit is nie altyd hard werk nie maar dis meer slim werk. Maar uh 'n mens moet hard werk. Nou dan sien ek dat hierdie ouens werk te - as ek na my eie lewe kyk, ek is op 'n plek waar ek partykeer net moet sê nee en dis vir my moeilik om nee te sê, dis vir my moeilik om nee te sê want ek voel dan onsuksesvol. Kom ons kyk na 'n pastoor. Soos wat ons werk werk jy in die oggend op kantoor. Ons het kantoortye, dan het ons 'n lunchtyd, en dan gaan ons deur tot 5 uur. Dan, begin jou aandprogram. 90% van my tye het ek 6 aande 'n week iets wat in die aand gebeur. Nou vra ek vir jou: is dit van God? Is dit goeie

bestuur van my kant af? En dit is nie. Ek het 'n vrou, ek is getroud, ek het 'n huis gekoop waarvan ek nie weet nie want dit voel of ek huur nog, ek is net nou en dan daar, ek kry nie kans om my kar te was nie, ek kry nie kans om die reperasies aan die huis te doen nie, want wanneer ek dit doen voel ek skuldig. Toe ek in Amerika kom, ek het uh Willow Creek besoek en ek het Saddleback besoek. Toe ek daar kom het ek reg oor daai twee gemeentes gesien hulle prioriteite is so: eerste God, en hulle verhouding met God, tweede prioriteit, hulle gesin en hulle verhouding met hulle gesin, en dan hulle bediening en dit maak vir my verskriklik sin want ek moet 'n voorbeeld in my gemeente wees van 'n Godsman. God het my geroep om 'n man vir my vrou te wees, God het my geroep om gesond te lewe, en hoe kan ek as ongesond, swak verhoudinge, relevante boodskappe te bring van die kansel af en sê: dis hoe jy moet leef. Uhm dis vir my belangrik, dinge wat ek nooit geleer het nie.

Personeelbestuur. Ek was 'n jeugpastoor. Daar's net normaalweg aangeneem dat jeugpastore nie personeel het nie. Hulle is aan uh "the end of the food chain". Uhm jy's 'n jeugpastoor omdat jy raakgesien word om 'n vlak te kry as presiderende, ag hulppastoor en nou klim jy die corporate ladder so dat jy by Gat-sonder-water presiderende pastoor kan wees en dan is jy suksesvol, jy het dit gemaak. Maar uh ek glo ek is gespesialiseerd in die veld waarin ek is, ek is 'n spesialis op my veld, uhm of ek sal graag een wil wees op my veld, en uh ek sit al my aandag daarin. Uh die gemeente sien my gelukkig as 'n professionele ou in wat ek doen. Hulle verwag nie van my om allerhande goeters te doen wat nie in my veld is nie. So ek is nie net 'n hulp vir die gemeente nie, ek is 'n jeugleraar. Uhm die groot ding is ek sit met personeel. Ek het 'n sekretaresse, uh dan het ek voltyds 'n jeugpastoor onder my en dan het ek 'n voltydse musikant onder my en ek glo dit sal later nog uitbrei want daar kom nog plekke te kort. Hoe om daai goed effektief te bestuur, ek weet niks van die arbeidswet nie. Weet jy ewe skielik kom ek agter jy kan nie net vir iemand sê hoor hier ou vriend jy perform nie, ons kan nie meer saam met jou werk dan kom jy agter jy gaan nie meer perform as jy dit doen nie. Dan kom jy agter maar hoor hier hier is 'n verskriklike arbeidswet, daai ou het sekere regte. Ek weet nie hoe om 'n kontrak met daai ou op te stel nie. Hoe om te sê okay dit is jou werkskontrak. Ek weet nie altyd hoe om effektief te sit en my personeel effektief te bestuur nie. Ek probeer na die beste van my vermoëë maar ek weet nie altyd hoe om dit te doen nie.

Ek dink daar's geen opleiding gewees van hoe om - volgende punt - daar's geen opleiding aan my gewees van hoe om relevant aan jongmense in die bediening te wees nie. Uhm en dan dink ek nie dit is 'n kursus wat een keer geskryf kan word en dan vir die res van die Teologiese Kollege se lewe daar kan wees nie, ek dink dit is 'n kursus wat baie gereeld hersien moet word, weer na gekyk word, en ek dink hy moet aangebied word deur mense wat prakties in die veld is wat vir jou kan sê wat het gister gebeur en wat gebeur vandag want soos wat die mode verander, uh verander die die mense wat jy bedien, maar ek moet sê ter wille daarvan om stabiel te wees, daar is sekere beginsels wat nie tot aan die einde kan bestaan nie, maar jy hoef nie 'n model voor te hou nie, maar jy kan beginsels voorhou. Uhm dit was 'n veld waarin ek niks geleer het nie. Uhm vingerbakkatel op Vrydae aande, sapaande, enige ding met 'n aand aan, is 'n tiener ding in my verwysingsraamwerk. Jy't 'n spelietjiesaand, jy't 'n pajama aand, jy't 'n vlotdag en die goeters is uh onsuksesvol in my bediening maar jy moenie geleer word hoe om 'n jeuggroepie te he nie, maar jy moet geleer word hoe om 'n studente bediening, 'n hoërskoolstudente of watse studente bediening te kan bestuur. Uh dit gaan vir my oor Kerk - die jeug is nie die kerk van môre nie, die jeug is vandag se kerk. Uh die jeug, 'n jongman, as hy vandag doodgaan, gaan hy vandag hel toe. Uh daai jongman kan vandag 'n wonderwerk beleef. Daar was altyd 'n tendens dat die jeug môre se kerk gaan wees, maar weet jy dit is inteendeel gladnie so nie. Soos wat die kerk vandag jongmense bestuur, gaan die jeug nie môre se kerk wees nie, maar die jeug is vandag se kerk en jy moet vandag vir hom kerkhou.

Uhm ek het nie, ek is nie geleer oor statistieke nie. Statistieke speel 'n baie baie belangrike rol in die bediening. Net die verstaan dat die grootste persentasie van ons wêreldbevolking mense onder die ouderdom van 18 is, sê vir my waar moet my fokus wees in die kerk. Daar's 'n klomp goeters, maar ek dink wat ek uiteindelik vandag wil sê is die praktiese know-how moet aan ons geleer word. Ek is voorbereid in my hart en in my gees, in die stabiliteit van my menswees, in die stabiliteit van my verhouding met God, maar in die praktiese goeters, waar die tyre die teer slaan, van kerk, is ek nie geleer nie. Ek dink ek kan nog baie baie dinge dink, maar dis die tipe goeters.

Uhm dan het ek nog 'n ding wat ek dink tekort gekom het. Daar is nie 'n dag in my 4 jaar waar ek gevoel het die Teologiese Kollege wil my potensiaal ontwikkel nie. Uhm, ek dink hulle het my nie verstaan nie, ek dink hulle het ervaar dat ek is 'n rebel, ek voel hulle het - dit is wat ek dink, ek sê nie dit is wat hulle gedink het nie, maar dit is my ervaring gewees - ek ervaar dat uh omdat ek agter in die klas gesit het en ek saam met 'n sekere profiel jongmense in die klas bevriend was, het hulle ervaar dat uh dalk was my siening selfs dat hulle gedink het ek gaan nie suksesvol wees nie, want redes hoekom, my naam was altyd onderaan die lys as 'n ou gekom het vir beroepe. Ek was die laaste ou wat in daai kantoor ingestap het 90% van die tyd as hulle ouens beroepe gee. Uh ek dink nie, ek dink (lag) die Here is goed vir my, ek wil nie nou op my nie, maar dit is wat gebeur het. Uh, alhoewel my punte nooit sleg was nie (onduidelik) my punte was nooit sleg gewees nie, ek weet nie hoekom nie, uh op een dag in my 4de jaar toe begin Gert Basson vir ons klas gee. Hy het 'n dinamiese impak in my lewe gemaak. Dit was 'n man gewees wat niks van my geweet het nie, hy't in die klas ingestap en hy't iets gedoen wat nog niemand ooit gedoen het nie in my 4 jaar op Teologiese Kollege. Uh. Hy't my naam geken - almal het my naam geken, maar hy't my naam geken, hy't geweet waarmee is ek besig, ek weet nie hoe't hy dit geweet nie. Hy het daai tyd was ek betrokke by Randburg AGS - uh Shiloh Go school was ek in hulle diensjaar. Hy't ingekom en hy't vir my vrae gevra daaroor - oor my bediening, hy't belanggestel in wat ek doen. Baie keer was ek afwesig op Vrydae gewees, uhm en hulle het aangeneem ek is afwesig net omdat ek afwesig is. Uhm ek is ek is in my hele 3de en 4de jaar was ek verskriklik betrokke in bediening. Ek het in my 4de jaar uitgereik saam met die Go-school, waar ek die prediking moes doen, waar ek die hele toer moes hanteer, waar ons ek weet nie hoeveel dorpe in ons land besoek het nie, waar ek die groepleier was. Ons het Kimberley besoek, ons het 7 skole besoek op daai stadium, waar ons 'n uitreik gehou het waar 1700 studente kom doen leierskap daar bymaakgekome het en 487 jongmense het daai aand tot bekering gekom. Dan kom ek terug dan is daar nooit belangstelling gewees van Jaco wat is jou doel, wat doen jy? Ek het 'n passie om elke jongmens wat vandag in my bediening is se potensiaal te ontwikkel, nie om te kyk hoe pas hulle in my idee van bedienaar nie, maar om hulle potensiaal te ontwikkel. Om met 'n ou te kan sit en te sê wat is jou hart? Wat klop jou hart? Waarheen is jy oppad met jou lewe? Uhm dit was vir my - Gert Basson het selfs 'n dag in my klas ingestap en toe sê hy die Here het vir hom 'n woord gegee en hy't in

my lewe ingespreek en ek wil die Here dank al was my 4 jaar vir daai dag gewees, dan was dit vir my 'n groot keerpunt in my lewe. Ek was by Randburg AGS, baie erg betrokke gewees, hy't in die klas ingestap en vir my gesê, Jaco jy't ervaar dat Go-school en Randburg is vir jou alles, en hy sê maar ek ervaar in my gees dat die Here vir my sê gisteraand, dis nie alles vir jou nie. Dis nie eens 'n druppel in die emmer van wat God vir jou het nie. En hy't dadelik begin profeteer in my lewe in voor die hele klas. Uhm hy't in my lewe in geprofeteer en hy't in 5 ander ouens se lewens ook geprofeteer en ek sal daarvan hou om te sien hoe het dit gegaan in daai 5 ouens se lewens. Toe hy klaar gepraat het, uh het ek gedink hy's van sy kop af, dit kan nie moontlik wees nie, maar ek het verskriklik respek vir hom. As daai man in die klas ingestap het, het die klas stil geraak, want hy't partykeer gesê die Here het van jou gepraat gisteraand. Ek sal jou sê dan sak die manne in daai banke in (lag) ek sal vir jou sê dit was erg gewees, maar uh hy was nie net geestelik nie, hy was prakties gewees, die lering wat hy gegee het, en nou moet ek sê ek wil dit vir die rekord sê, dat dit wat daai man daai dag gese het, 95 % daarvan in my lewe het plaasgevind. Dit het al gebeur in sy profesie en daar's nog 'n 5% wat lyk of dit spoedig gaan wees. En ek dank die Here vir daai dag in my lewe. Dis iets wat my baie keer fokus en my reguit hou en my in 'n lyn hou en hy't regtig vir my (onduidelik). Uhm die manier waarop hy my hanteer het in die klas, hy't 'n tien op my kop gesit soos John Maxwell sou sê, en ek het nie sy klas gemis nie, ek het nooit sy klas gemis nie. Johan Geysers se klasse het ek nooit gemis nie. Uhm dit was vir my regtig ... ek dink ek moet dit sê, ek dink dit is anders as 'n ou net vir 'n semester kom klasgee as wat 'n ou vir 4 jaar klasgee. Mens kan moeg raak vir 'n mens se genaagery en se gemoanery en se gelaat-kommery, ek verstaan dit, maar ek moet sê dit het 'n verskriklike impak in my lewe gemaak. En daai klasse het vir my - as ek die hele Teologiese Kollege opleiding moet vat en ek moet enigiets kies na 4 jaar, sal dit daai 2 semesters wees wat daai 2 ouens vir my klasgegee het. Uhm die meeste van my voorbereiding vir die bediening, het ek by Randburg AGS gekry, ek was 3 jaar daar betrokke, ek het nooit 'n groot rol gespeel nie, die laaste jaar was ek een van die betaalde leiers gewees, maar net die leierskap in Randburg het my geleer uh die goeters wat ek gedoen het, die goeters wat ek gesien het, die manier van kerhou, en ek wil nie sê dat ek sê seeker-sensitive (onduidelik) Randburg nie, maar daar's 'n klomp beginsels wat ek geleer het wat my verskriklik gehelp het in die bediening.

Uhm as ek mag uh 'n opinie lewer wat ek dink moet gebeur by die Teologiese Kollege, ek dink daar mag nooit ek dink die teologie, die Dogmatiek, Etiek, NT, OT, uh die geestelike basis mag nooit (onduidelik) en ek dink dit is waarvoor hierdie fasiliteit daar is. Uhm maar ek dink, soos wat jy Army toe gaan moet jy basies doen. Jy doen basiese opleiding oor Dogmatiek, Teologie, al die goeters. Jou fondasie moet gevorm word. Jy moet deur 'n vuurloop wees met hierdie goeters. Jy moet anders dink oor die Bybel en als verstaan. Maar dan dink ek moet daar êrens 'n plek kom vroeg in jou opleiding waar jy waar hulle saam met jou sit en jy persoonlikheidstoetse ondergaan, waar jy bedieningstoetse ondergaan, gawe toetse ondergaan, en dan waar jy in 'n drukkoker geplaas word en begin dink wat dink jy is jou bediening vir die toekoms en dan kan spesialiseer in jou veld. Dan spesialiseer jy. As jy 'n passie vir jeugwerk het, is dit jou hoofvak. Want dit is waaraan jy gaan gemeet word. Dis jou hoofvak. Jeugwerk is jou hoofvak. En dit moet praktiese opleiding wees. Teoretiese opleiding - uh die verstaan en die denke van 'n tiener, 'n tiener se brein moet uitmekaar uit getrek word. Uhm as jy kinderbediening wil doen, dan moet jy spesialiseer in kinderbediening. Uhm en dan moet daar klasse wees wat jou in die algemeen inlig oor die breë kerk. M.a.w. as jy 'n, as jy uh uh presiderende ou gaan wees wat in beheer is van 'n volwasse gemeente, moet jy ook hoor wat in jeugwerk aangaan, maar jy hoef nie te spesialiseer daarin nie. En dan moet dit gepaardgaan saam met praktiese take, opleiding, praktiese toetse wat hulle moet ondergaan.

Uhm so my voorstel is - 'n definitiewe basiese opleiding wat hulle vir jou gee wat uh jou 'n baie goeie grondvesting gee in teologie, maar dan daarvandan af spesialisklasse aanbied, spesialis uh klas aanbied wat vir jou in jou spesifieke veld waarin jy eendag gaan, ordentlik klas aanbied. Nou, dit moet dan jou hoofvak wees waar jy praktiese opleiding kry, praktiese toetse en uh praktiese ervaring opdoen uhm so daar moet baie prakties en spesifieke opleiding inkom.

Uhm ek wil net dit sê ten slotte dat ek is bekommerd ek was bekommerd oor die Teologiese Kollege as ek sien hoeveel jongmense ons kry, hoeveel mense wil regtig kom vir die opleiding. Uhm maar ek dink nie my kommer is meer so groot nie omdat julle hierdie navorsing doen dink ek julle is oppad erens heen. Uhm wat my net bekommerd gemaak het was ek het nog nie 'n persoon ontmoet wat uit die diepte

van sy hart baie positief praat oor en excited is oor sy opleiding aan die Teologiese Kollege nie. Die tendens is as 'n ou uit die Teologiese Kollege uitkom is jy (onduidelik) ja na 4 jaar mors jy my tyd. Dit is die ek dink nie hulle is uh ek dink nie hulle is relevant in wat hulle sê nie, of dit is reg wat hulle sê nie, maar wat ek net ervaar is hulle het dit nie ervaar as modern, uh markverwant en prakties nie. As ek kyk na my vrou, sy't by Rhema gestudeer (onduidelik) nou wat ek sê ek weet wat hulle doen en ek dink ook hulle kom baie kort, op een of ander manier is die mense wat daar klaar is verskriklik opgewonde oor wat hulle gedoen het. Op een of ander manier praat hulle baie positief oor die Kollege en hulle verwys verskriklik baie mense soontoe uh as hulle daar klaar is. As ek kyk na Pneumatics. Nou Pneumatics is uh verskriklik klein, ek dink nie hulle is al oppad êrens heen waar dit regtig impak gaan maak nie, maar as ek sien hoeveel aansoeke hulle kry van mense wat 'n jeugpastoor soek, uh graad by hulle wil loop, dan wonder ek by myself, uh die mense wat daardeur is, voel verskriklik positief oor wat hulle ervaar het. Nou is dit so dat die TK 'n verskriklike hoër eis het in die akademie, en ek dink dit is iets wat mense skrik maak, maar ek dink dit moet daar bly. Ek dink dit moet daar bly want dit leer jou verskriklik baie dissipline en jy moet die akademie onder die knie kry. Uhm maar ek is baie bly dat julle hierdie navorsing doen. Ek hoop dat soos ek gesê het dat ek enigsens van hulp kan wees.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

L

Baie dankie vir jou tyd, ek waardeer dit regtig baie en uhm ons termineer nou die onderhoud. Baie dankie

R

Baie dankie.